UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK VI

## ONTLEDING VAN DIE GEGEWENS

### GEVALLESTUDIE A

1 Bespreking van die kliniese geskiedenis na aanleiding van die gestruktureerde onderhoud

Die pasiënt se biologiese geslag is manlik en hy wil 'n geslagsverandering ondergaan om 'n vrou te word. Hy is 25 jaar oud en is in die Vrystaat gebore. Sy moeder was voorheen 'n haarkapster maar help hom tans in een van sy bloemistewinkels.

Sy ouers is gelukkig getroud en 3 kinders is uit die huwelik gebore waarvan die pasiënt nog 2 susters ouer as hy het.

Hy het 'n ruk gelede 'n neusoperasie gehad om sy voorkoms te verbeter alhoewel hy nog nie heeltemal tevrede met die uitslag is nie.

Hy beskryf sy vader as 'n stil en nederige mens alhoewel streng. "Hy ken net een paadjie en dis die reguit paadjie en is baie regverdig. Hy was egter baie sieklik vroeër". Hy is ook tevrede met die pasiënt se besluit om 'n geslagsveranderingsoperasie te ondergaan.

In teenstelling met die beeld van sy vader, is sy indrukke van sy moeder soos volg: "Sy is 'n baie aktiewe mens en altyd vol grappe. Niks stuit haar nie. Wat 'n man kan doen, dit kan sy ook doen, (moontlik omdat sy so baie dinge wat die vader vanweë sy ongesteldhede nie kon doen nie, moes doen).

Sy is ook dominerend, sarkasties en bombasties en neem net oor". Volgens hom aanvaar sy moeder hom meer geredelik as sy susters in die kombuis.

Sy skoolloopbaan het hy op vyfjarige ouderdom begin en het St 9 behaal. Hy het seunsklere skooltoe aangetrek. Dit was egter vir hom 'n baie ongelukkige tydperk van sy lewe omrede sy skoolmaats hom baie gespot het.

Hy kan nie onthou dat hy ooit met karretjies gespeel het toe hy kleiner was nie. Hy het eerder modderkoekies gebak en met sy tante oor vroulike dinge gepraat.

42/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die meeste vriende wat hy nou het is almal getroude pare met kinders. Hy verafsku die "gay" lewe alhoewel hy 'n platoniese vriendskap met twee homoseksuele mans op die oomblik het.

Hy het nooit by klubs aangesluit waar sy naam vereis is nie en hom van baie sosiale bedrywighede gedistansieer.

Op skool het hy nooit aan sport deelgeneem nie omrede hy reeds van St 3 af die gevoel in homself ervaar het dat hy borste het. Hy het dan ook gevrees dat ander sou sien in= dien hy aan sport sou deelneem want dit "skud op en af as ek hardloop".

Hy hou homself besig met 'n hele aantal stokperdjies, naamlik binnenshuisversiering, blommerangskikking, orrel, viool en toneelopvoerings, die ontwerp van trourokke, koekbak en skilder. Hy is ook baie lief vir diere en sy honde is sy "kinders".

Van homself sê hy die volgende: "Ek is redelik buierig en kry soms morbiede buie. Net soos my ma is ek baie ak= tief en hou baie van mense. Ek stel in alles in en om die huis belang. Ek hou egter nie daarvan om self motor te bestuur nie. Ek is baie lief vir kinders veral dogter= tjies". Die natuur en diere is volgens hom sy beste vriende alhoewel hy baie goeie, getroude vriende het.

Hy het nooit baard gehad nie, selfs nie eens baie hare op sy ander liggaamsdele nie. Die wat wel uitkom ver= wyder hy onmiddellik en het derhalwe 'n gladde en betreklik mooi vel.

Hy het al een keer probeer selfmoord pleeg. Daaroor wil hy egter nie uitwei nie omrede dit hom morbied stem.

Hy het homself altyd as 'n vrou beskou en voel dat dit reeds vanaf geboorte so bepaal is. Masturbasie het wel voorgekom alhoewel dit hom geensins bevredig het nie. Op die oomblik werk hy totdat "sy oë toeval" en sodoende gebeur dit nou selde dat hy hom daartoe moet wend.

Sy drie wense is soos volg:

- Om volledig vrou te wees.
- Om 'n vrou te wees met 'n normale massa (is tans oorgewig).

43/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



- Om 'n huis, 'n man en kinders te hê.

As hy iets van homself kan verander is dit sy stem - hy wil dit meer vroulik hê en wil dan op die verhoog as sangeres optree.

Hy is baie beslis oor die geslagsveranderingsoperasie. Dit <u>moet</u> egter gedoen word want anders sal hy homself mutileer of dit in Switzerland laat doen indien hulle dit nie hier doen nie. Sy toekomsverwagting, indien die operasie wel gedoen word, is "dit sal wonderlik wees. Ek sal op my knieë gaan en dankie sê."

2 <u>Wechsler : Protokol en ontleding</u>

| Verbaal | RT | GT | Prakties | RT | GT |
|---|---|---|---|---|---|
| Inligting | 4 | 6,5-- | Prentvoltooi-ing | 13 | 11,0° |
| Begrip | 15 | 13,0++ | Voorwerpsame-voeging | 21 | 12,5+ |
| Rekenkunde | 7 | 10,0° | Blokpatrone | 28 | 11,0° |
| Syferher=haling | 11 | 11,0° | Syfersimbool | 35 | 9,5° |
| Ooreenkomste | 14 | 9,5° | Prentrang-skikking | 10 | 10,0° |
| Verbale telling | | 50,0 | Praktiese telling | | 54,0 |
| Verbale Stan=daardpunt | | 100,0 | Praktiese Stan=daardpunt | | 108,0 |
| Korreksiesyfer | | 0 | Korreksiesyfer | | 0 |
| Verbale IK | | 100 | Praktiese IK | | 108 |

<u>TOTALE IK = 104</u>

Verbale IK = 100
Nie-verbale IK = 108
Totale IK = 104
Deteriorasie = 3,4%

Die omvang is 6,5 tot 13,0. Die mediaan van al 10 sub=toetse is 10,4. (Die strooiing op die subtoetse is

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deur middel van die totale gemiddeld bereken, naamlik 10,4).

Dit is ook opmerklik dat daar nie 'n groot strooiing op die nie-verbale subtoetse is nie, maar wel op die ver=bale subtoetse. Dit mag derhalwe dui op neurotiseren=de faktore of emosionele probleme wat sy potensiaal in=perk.

Ontleding

Hy presteer met 'n IK van 104 wat as gemiddeld of normaal geklassifiseer kan word. Volgens die Wechsler-formule is daar 'n deteriorasie-syfer van 3,4% aanwesig wat egter as onbeduidend beskou kan word.

Die lae telling op inligting mag dui op swak belangstelling in feitelike dinge en hou nie noodwendig verband met swak opvoeding nie.

Volgens die strooiing op die subtoetse kan geen spesifieke diagnose daargestel word nie. Daar is egter histeriese tendense aanwesig. Hy beskik ook oor 'n goeie self=beeldkonsep.

Die angsdriehoek toon ook geen funksionele belemmering as gevolg van angs nie.

3 Rorschach : Protokol en ontleding

(a) Rorschach-protokol

(?) = Stel 'n vraag gedurende die onderhoud

| Respons | Navraag | Determinante |
|---|---|---|
| Kaart I | | |
| 5" 'n Vlermuis... die geraamte van 'n vlermuis. Dis al | (?)Die middeldeel Die vlerke ook, meer aandag daar=op bepaal. | W F A P |
| | (?) Hier ook iets gesien. Een oom=blik 'n vrou se borste gesien met 2 hande daarop (wys) | D M H |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3 (a) Rorschach-protokol (vervolg)

| Respons | Navraag | Determinante |
|---|---|---|
| Kaart II | | |
| 7" 'n Vagina .... Daai idee gegee Dis al | (?) In daai deel (wys swart) en die rooi gesien (lê klem op die kleur) | W CF Sex |
| | (?) Menstruasie byvoorbeeld. Daar het ek weer die man se ge=slagsdele gesien (wys bo). Ek het die boonste met die onderste ver=gelyk | D F Sex |
| Kaart III | | |
| 5" Dis 2 mense wat met iets werk. Dis al wat ek sien | (?) Dame met bor=ste aan. Daai een dieselfde. (?) Met iets op iets werk. | W M H P |
| Kaart IV | | |
| 5" Liewe hemel mev Bergh, lyk my soos 'n bobbejaan of 'n ding wat met groot voete aange=stap kom. 'n On=gedierte. Kop, stert, arms en groot voete. | (?) Sy hele vorm | W FM A P |
| Kaart V | | |
| 7" Lyk soos een of ander insek, kan amper sê 'n skoen=lapper. | (?) Sy vlerke en oë. Sy pootjies is agter teen me=kaar. Hy vlieg. | W FM A P |
| Kaart VI | | |
| 8" Lyk soos 'n af=geslagte .... dier se vel wat afge=slag is | (?) Lê, die snor=re, mond, kop, 4 pote en dit is oopgespalk. (?) Die kleur van die rug, die ska=kering. Soos 'n diervel maar is. | W Fc Aobj |

46/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




3 (a) Rorschach-protokol (Vervolg)

| Respons | Navraag | Determinante |
|---|---|---|
| Kaart VII | | |
| 1 8" Moeilik .... lyk soos land=streke vanuit die lug uit ge=sien maar hier=die deel hier=onder ..... | (?) Fatsoen. Soos dit uit die lug lyk. | W FK Landstreke |
| 2 Ek sien net een ding en dis 'n vagina. Op elk=een van die sketse sien ek dit. Dit....ek weet nie. | (?) Man se ge=slagsdele binne die vagina gesien (dui net die vorm aan). | D Fk Sex |
| Kaart VIII | | |
| 6" Dit lyk soos 2 leeus wat besig is om teen iets op te klim, wat 2 bokke eitlik vang (draai kaart in die rond=te) | (?) Die bokke lyk of hulle hardloop | D FM A P |
| Kaart IX | | |
| Die goed werk op my senuwees. Hier sien ek dit weer .... dieselfde (sit kaart neer) | (?) Selfde as net=nou. Die vagina en die manlike geslagsorgaan. Maar hier baie duidelik afge=beeld. Vrou is bo (wys die man=like deel onder in die pienk. Dui ook hoofsaak=lik net vorm aan) | W Fk Sex |
| Kaart X | | |
| Ek weet nie mev Bergh....lyk soos 'n klomp insekte en snaakse goed. Dit lyk soos klein insekkies en krap=pe (blou), paddas (grys), goggatjies (bruin) en visse (groen) | (?) Hulle is al=mal bewegend (verduidelik dat daar geen spesi=fieke beweging vir elke dier is nie. Dis almal net bewegend). | W FM A P |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(b) <u>Die Psigogram</u>




R = 13
W = 10
D = 4
d = 0
S = 0
P = 5

(c) <u>Globale interpretasie van die Psigogram</u>

'n Kwantitatiewe ontleding van die psigogram kan nie in hierdie geval gedoen word nie; omrede daar alleenlik 2 M-response aanwesig is. Gevolglik word daar net 'n globale interpretasie van die psigogram gemaak.

Die eerste indruk van die psigogram is dat daar meer response op die linkerkant as die regterkant, naamlik die kleurarea, is. Dit mag daarop dui dat die persoon nie spontaan reageer op stimilu vanuit sy omgewing nie, maar sy responsiwiteit eerder onderdruk of in=hibeer en sy wêreld in terme van sy eie innerlike behoeftes benader en struktureer. Dit dui op in=trovertiewe neigings.

Die bewegingsresponse (M:FM) is op die optimale ver=houding. Dit impliseer dat die persoon oor 'n goeie waardesisteem beskik en tot 'n aanvaarding van sy onmiddellike behoeftes gekom het en dat daar geen konflik bestaan nie. Dit is egter bloot hipo=teties en nie absoluut nie. Omrede daar net 2 M-re=sponse aanwesig is, mag dit dui op 'n inhibering om spontaan tot sy wêreld toe te tree. Hy onderdruk dus baie impulse en belangstellings om sy waardesisteem in stand te hou. Die feit dat daar geen FM-response

48/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aanwesig is nie, mag dui op 'n verdediging teen kon= flik asook bewuswording van behoeftes wat dalk ge= vaarlik kan wees. Gevolglik is dit 'n kanalisering van die angs in 'n inhibering van spontaniteit en re= sponsiwiteit.

Daar mag ook 'n bewuste verwerking van seksuele en aggressiewe impulse wees. Vandaar die baie openlike seksuele response. Dit mag ook verklaar hoekom daar so min Fm-response is. Dit wek dus nie meer so baie innerlike spanning nie, omdat dit alreeds op bewuste vlak erken word.

Die feit dat daar nie 3 M's aanwesig is nie, mag ook daarop dui dat daar emosionele faktore aanwesig is wat inmeng met sy denkprosesse. Dit het ook 'n invloed op sy kreatiewe potensiaal. Die moontlikheid is dat hy dit beter kan benut maar die W:M-verhouding dui aan dat 'n baie hoë aspirasiepeil aanwesig is. Dit mag dui op 'n negatiewe tendens, maar by hom mag dit uit= kristaliseer in 'n behoefte om homself te bewys as ge= volg van sy innerlike onsekerheid van homself.

KF-response is 'n aanduiding van diffuse affeksionele angs. Gesien in die lig van die feit dat Fm-response ook nie aanwesig is nie en dui op 'n onderdrukking of inhibering van impulse of behoeftes wat spanning kan opwek, kan die hipotese ook hier gestel word dat hy behoeftes wat affeksionele angs kan opwek, sal onder= druk omdat die erkenning van sulke behoeftes kan lei tot egodisintegrasie.

Daar is egter aanduidings dat hy tog probeer om sy affek= sionele behoeftes introspektief te benader, deur die probleem objektief te beskou en sodoende perspektief te kry. Hy plaas sy affeksionele behoeftes dus op 'n afstand en beskou dit op 'n onbetrokke wyse (FK). Dit is dus een van die maniere hoe hy sy angs verlig en hy gebruik dit dus as verdedigingsmeganisme teen te veel emosionele betrokkenheid.

49/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar is by hom geen wegskram van die affeksionele nie, net 'n inhibering en distansiëring. Hy kan egter nog die angs wat dit opwek onderdruk deur middel van introspeksie en inhibering van sy onbe= vredigde emosionele en affeksionele behoeftes.

Die Fk-response mag dui op 'n manier hoe hy sy af= feksionele angs hanteer deur middel van intellektua= lisering. Dit mag dui op 'n pseudo-insig sonder dat hy werklik emosioneel betrokke is en dit agter 'n skerm van intellektualisering verberg. Dit dien dus ter verdediging van bewuswording van affeksionele behoeftes. Hy skram egter nie ten volle daarvan weg nie.

Hy beskik nie oor 'n beperkte visie ten opsigte van sy wêreld nie. Hy kan nog die wêreld om hom soos ander waarneem en dit hanteer op 'n aanvaarbare wyse. Die oormatige gebruik van seksresponse benadeel dus nie sy siening ten opsigte van sy wêreld nie, maar dui aan waar die probleem in sy geval setel, naam= lik op seksuele gebied.

Die verhouding Fc dui op 'n bewuswees van sy affek= sionele behoeftes. Ten spyte van die feit dat af= feksionele angs teenwoordig is, kan egter ook gesê word dat hy bewus is daarvan dat hy affeksionele be= hoeftes het. Dit wek egter spanning wat hy moet in= hibeer en gevolglik hanteer hy dit deur middel van introspeksie en inhibering van spontaniteit omdat die moontlikheid daar is, dat as hy uiting aan hier= die behoeftes gee, dit sy waardesisteem sal bedreig. Hy ontken nie dat hy sulke behoeftes het nie, maar onderdruk dit, omdat dit minder gevaarlik vir hom is.

Omrede daar so min responsiwiteit ten opsigte van die kleur voorkom kan die hipotese gestel word dat hy emosionele probleme sal ondervind, veral om sy inner= like behoeftes met die omgewingsinvloede te inte= greer. Dit mag dan ook dui op swak interpersoonlike verhoudings.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar kom egter geen FC-response voor nie, wat mag dui op swak kontrole ten opsigte van die emosionele trefkrag daarvan. Dit dui dus op 'n swak responsi=witeit of inhibering van response omdat sy kontroles na buite swak is. Hy kan dus nie ten opsigte van ge=voel en handeling 'n bevredigende oplossing vir emo=sioneel-belaaide situasies kry nie.

Die feit dat daar CF-response is eerder as FC dui daarop dat hy meer ongekontroleer as beheersd sal optree in emosioneel-belaaide situasies. Dit het egter nie noodwendig negatiewe implikasies nie maar dui op 'n ambivalensie in die persoon.

Sy kontroles en verdedigingsmeganismes teen emosio=nele betrokkenheid berus eintlik op die onderdruk=king en inhibering van sy behoeftes. Die moontlik=heid is egter nou ook daargestel, dat indien hy dit nie objektief-introspektief benader nie, hy op 'n ongekontroleerde wyse uiting aan sy gevoelens en emo=sies sal kan gee. Sy waardesisteem, introspeksie en onderdrukking van behoeftes wat aandring op onmiddel=like bevrediging, hou die uitlewing van ongekontroleer de emosies in bedwang.

(d) <u>Kwalitatiewe - ontleding</u>

<u>Kaart I</u>

Neem 5" voordat hy begin, wat kan dui op moontlike angs wat deur die kaart opgewek word, asook impulsi=witeit in 'n nuwe situasie. Hy neem egter te midde daarvan, die kaart waar soos ander mense alhoewel hy vaag en gedistansieerd bly ("'n vlermuis"). Dit is ook aanduidend van sy eie onsekere geslagsrolidenti=fikasie omdat dit hom angstig maak, moet hy nog ver=der daarvan distansieer en verander dit na 'n "geraam=te".

Dit mag ook dui op 'n kritiese ingesteldheid teenoor sy eie liggaamsbeeld.

Hy raak dan gepreokkupeer met die gedeeltes heel bo-aan die kaart - "borste". Dit mag dui op sy eie be=

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hoefte om soos 'n vrou te wees met borste. Dit mag ook dui op 'n fisiese kontakbehoefte ("hande") waar=aan hy nie op die oomblik uitdrukking kan gee nie vanweë die fisiese aard van sy probleem. Hy sien dit ook net vir "een oomblik" omdat, indien hy langer daarna kyk, dit meer angs sal opwek en hy so gou moontlik sy emosionele betrokkenheid en onvervulde behoeftes moet onderdruk.

Kaart II

Hy neem ietwat langer om op hierdie kaart te reageer, alhoewel daar nog spanning aanwesig is. Hy is on=middellik by die vroulike geslagsorgaan betrokke ("vagina").. Dit maak hom angstig, moontlik omdat hy so 'n intense behoefte het om vrou te wees met 'n vroulike geslagsorgaan. Hy neem dit ook waar as "menstruasie" maar eers nadat hy meer sekuriteit in die situasie verkry het.

Dit mag dui op die katastrofiese reaksie ten opsigte van emosionaliteit of diepergewortelde kastrasievrees, òf dat hy die vrou hier waarneem as 'n gekastreerde man. Dit mag ook 'n gefrustreerde wens en preokku=pasie wees om oor vroulike funksies te beskik.

Hy is geweldig emosioneel betrokke op hierdie kaart moontlik omdat sy diepste begeertes so duidelik hier na vore kom, naamlik om 'n gekastreerde man, naamlik 'n vrou, te wees. Menstruasie is ook deel van vrouwees en is ook 'n kenmerk van 'n "normale" vrou; iets wat hy nou deur middel van die geslags=veranderingsoperasie wil bekom.

Tot 'n mate is die uitlewing van sy emosies hier on=gekontroleer as gevolg van die impak of trefkrag van die kaart.

Hy vergelyk ook die vroulike geslagsorgaan met die manlike geslagsorgaan heel bo-aan die kaart, wat be=treklik klein in vergelyking met die vroulike geslags=orgaan is.

52/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is dus moontlik dat hy nie met die manlike sek= suele rol kan identifiseer nie en dit ondergeskik stel aan die vroulike geslagsorgaan, wat soveel meer wys en soveel meer moontlikhede daarstel.

Dit mag ook daarop dui dat hy skuldig voel omdat hy nie sy manlike seksualiteit kan aanvaar nie en dus ge= kastreer moet word, soos 'n vrou, om geluk en aanvaar= ding te probeer vind.

Hierdie respons is dus aanduidend van sy intense emo= sionele betrokkenheid betreffende sy geslagsrolver= warring en sy behoefte om soos 'n vrou te wees.

Kaart III

Na die aanvanklike skok op kaart II, eers die kleur= ontkenning (dit wil sê inhibering en distansiëring) en dan ongekontroleerde uitlewing van sy emosies, kan hy weer 'n goed geïntegreerde respons gee.

Dis egter twee "mense" wat hy waarneem. Dit dui op geslagsloosheid en versterk die hipotese van geslags= rolidentifikasieprobleme, en selfs probleme op inter= persoonlike vlak.

Die mense is egter nie aktief in plaas van passief ge= rig nie. Sodra hy egter meer sekuriteit in die situ= asie verkry kan hy 'n geslag aan hulle toeken: "'n vrou met borste aan". Dit dui daarop dat hy dit as aangesit sien, dit is dus nie op die normale wyse daar nie. Dit mag wees hoe hy homself in die rol van vrou sien, naamlik dat hy na die operasie borste sal aanhê. Dit was nie oorspronklik daar nie, al het dit vir hom gedurende sy kinderjare so gevoel, soos die kliniese geskiedenis aantoon. (Hy het reeds vanaf 'n vroeë ouderdom gevoel dat hy borste het en gevolglik nie aktief aan sport deelgeneem nie).

Hy lê baie klem op die fisiese aspek omdat sy eie liggaamsbeeld, naamlik man sonder borste, vir hom on= aanvaarbaar is. Daarom poog hy om ten alle koste vrou te word (met ander woorde om sy manlike geslags=

53/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

orgaan te laat verwyder en borste aangesit te kry).

Sodra hy egter uiting aan sy diepste gevoelens ge=gee het, wek dit weer 'n mate van angs en onsekerheid. Gevolglik water hy dit af na "met iets op iets werk". Hy voel dus geweldig onseker van homself en poog om hom weer van die emosionele betrokkenheid van die kaart te distansieer, alhoewel hy nie suksesvol is nie.

Kaart IV

Hy raak geweldig angstig sodra die "vader-kaart" aan hom gegee word. Hy hanteer sy angs deur op emo=sionele wyse te verbaliseer. Dit mag ook wees dat hy probeer om tyd te wen voordat hy emosioneel be=trokke raak.

Swak identifikasie met die vader - of gesagsfiguur - kom na vore. Dit is iets waarvoor hy bang is, iets wat hom bedreig (ongedierte). Dit mag ook moontlik verband hou met 'n kastrasievrees, vandaar dat hy so bedreig voel deur die vaderfiguur. Hy "verdierlik" die respons op die kaart ("bobbejaan") en wel na 'n spesie baie na aan die mens in sy gedrag. Hy doen dit op 'n uiters negatiewe wyse.

Kaart V

Hy verdedig hier met betrekking tot sy responsiwiteit moontlik as gevolg van die skok of angs wat die vorige kaart veroorsaak het. Hy verdedig so dat hy net "amper 'n skoenlapper" kan sien. Hy wil dus nie weer so emosioneel betrokke raak nie, maar neem nog die realiteit om hom soos ander waar. Hy kom na die seksueel-menslike response, en die skok van die vaderkaart by dierlike bewegingsresponse. Dit mag 'n aanduiding wees van regressiewe of gefikseerde in=fantiliteit.

Kaart VI

Hy is steeds op die verdediging teen emosionele be=

54/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



trokkenheid. Hy bly vaag as gevolg van angs. Hy kom dan egter sover om by die seksualiteit op die kaart betrokke te raak, dit wil sê 'n taktuele of tekstuur-respons. Hy het 'n behoefte aan fisiese kontak alhoewel dit nie overt tot uiting kom nie. As hipotese kan gestel word dat hy 'n normale be= hoefte aan seksualiteit het, maar as gevolg van sy geslagsrolverwarring word dit op die oomblik gerem. Hy onttrek dan van die emosionele betrokkenheid omrede sy behoeftes nie bevredig kan word nie.

Kaart VII

Op hierdie, die "moeder-kaart", en kaart wat oor al= gemene vroulikheid handel, is dit vir hom "moeilik". Dit mag wees as gevolg van sy intense frustrasie en behoefte om soos 'n vrou te wees, veral in die wete dat hy oor 'n manlike liggaam beskik tesame met on= voldoende "skoling" in vroulikheid. Dit wek gevolg= lik spanning waarvan hy moet distansieer - maak dit "landstreke". Alhoewel hy nie van die emosionele ondertoon kan wegkom nie, word hy daarheen terugge= dwing - die "vagina". Dit is dan ook dit wat hy die allergraagste wil bekom.

Sy diepste begeerte is dus om 'n vroulike geslags= orgaan, soos die moeder, te hê. Hy wil dus ten vol= le met die moeder identifiseer, ook op fisiese vlak.

Die manlike is egter ook hier aanwesig, "die man is binne die vrou". Dit mag dui op 'n behoefte om soos die vader intiem met die moeder te wees. As gevolg van 'n bedreigende vaderfiguur, kastrasie= vrees en skuldgevoelens moet hy homself laat kastreer (deur middel van operasie) om ten volle met die moeder te identifiseer sonder vrees vir die vader= figuur. Dit dui ook moontlik op die gedurige kon= flik waarin hy leef en die bewuswees van sy deels manlike (biologiese) en deels vroulike (psigiese) liggaam. As hy dus vrou word, wen hy die moeder se liefde en aanvaarding want hy is dan net soos sy en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kan hy ook die vader se liefde probeer wen.

Dit maak hom egter geweldig angstig omdat seksualiteit vir hom so 'n prominente rol op al die kaarte vervul. Dit dui op sy diepe emosionele betrokkenheid met sy huidige liggaamsbeeld en ontevredenheid daarmee omrede hy ten volle vrou wil wees. Dit mag aanleiding gee tot depressiewe gevoelens.

Kaart VIII

Na sy aanvanklike terneergedruktheid is hy op die aanval ("leeus wat bokke vang"). Hy neem die wêreld steeds om hom soos ander waar. Sy aggressiwiteit is moontlik sy hantering van depressiewe emosionele gevoelens. Sodoende poog hy om iets konstruktiefs te doen om homself te bewys (soos die leeu wat 'n bok vang). Hy leef dus sy aggressie uit en hanteer dit nie op 'n passiewe wyse nie, wat prognosties beduidend kan wees. (Manlike aggressie en aktiwiteit word in kontras met vroulike passiwiteit gestel en dui op die ambivalensie wat deur sy hele lewe voorgekom het).

Kaart IX

Om emosioneel betrokke te raak bly nog steeds vir hom problematies, en wek spanning en angs. Hy is so betrokke by seksualiteit, moontlik omdat dit so na aan sy bewuste vlak lê, dat hy dit nie kan ignoreer nie. Dis die behoeftes wat onbevredig is wat telkens na vore kom. Hy bly op die verdediging maar omrede hy telkens daarmee gekonfronteer word, is sy hantering daarvan nie altyd suksesvol nie.

Hy het 'n intense behoefte aan normale heteroseksuele gedrag. Telkens identifiseer hy met die vroulike rol. Dit maak hom egter geweldig moedeloos omdat sy behoeftes nie bevredig sal word alvorens die geslagsveranderingsoperasie nie uitgevoer is nie.

Kaart X

Die intense emosionele betrokkenheid is besig om

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vir hom te veel te word, omdat die futloosheid van die bevrediging van sy behoeftes, telkens beklemtoon word. Hy distansieer nou in geheel van die emosionele betrokkenheid na die alledaagse dinge. Hy verloor egter nie sy natuurlike spontaneiteit nie.

Sy verdediging is egter nie suksesvol nie; omdat sy behoeftes onderdruk en ontken word en dit hom frustreer en depressief laat. Hy kan dit egter soms te bowe kom deur aggressiewe en aktiewe handelinge; waardeur hy homself wil bewys. Dit is egter nie altyd suk=sesvol nie, omdat hy telkens weer met sy onvervulde behoefte om vrou te wees, gekonfronteer word. Sy integrasievermoë teen die einde is swak as gevolg van die geweldige emosionele betrokkenheid.

(e) Opsomming

Uit die ontleding van die psigogram sowel as die kwalitatiewe ontleding, blyk dit dat hy sy wêreld om hom soos ander kan waarneem, alhoewel hy nie mak=lik emosioneel daarby betrokke raak nie. Dit mag wees as gevolg van sy verdediging teen emosioneel gekleurde stimilu.

Hy het 'n behoefte aan affeksie, maar hy onderdruk en inhibeer hierdie behoeftes omdat dit angs en span=ning veroorsaak. Hy maak veral gebruik van intro=speksie en 'n distansiëring van enige emosioneel be=laaide situasies waar sy onbevredigde behoeftes moont=lik mag voorkom.

Sy behoeftes en waardesisteem is nie in konflik met mekaar nie omdat hy eerder dinge internaliseer as om uiting daaraan te gee. Hy verdedig geweldig teen emosionele responsiwiteit. Die moontlikheid is egter daar dat indien hy nie so sterk verdedig nie, hy wel ongekontroleer uiting daaraan sal kan gee wat vir sy waardesisteem gevaarlik is.

Sy aspirasiepeil is heelwat hoër as sy kreatiewe potensiaal. Dit mag egter dui op 'n drang in hom=

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

self om homself te bewys en is nie noodwendig nega=tief nie.

Hy is introvertief van aard wat verband hou met sy swak responsiwiteit op emosioneel-gelaaide stimuli. Hy kan dus nie manlik tot sy wêreld toetree nie, van=weë onsekerheid oor sy geslagsrol.

Hy is tot 'n mate angstig in 'n nuwe situasie alhoe=wel hy dit gou oorbrug. Sy onsekerheid in verband met sy manlike geslagsrol asook sy intense behoefte aan die uitlewing van sy vroulike gevoelens, kom telk=ens na vore. Die man se rol word ondergeskik aan die vrou se rol gestel. Hy is intens met die man=like en vroulike geslagsorgane gepreokkupeer wat ver=klaar kan word in terme van sy fisiese liggaamsbeeld.

Hy toon 'n tipies-katastrofiese reaksie ten opsigte van kastrasievrees, moontlik as skuldgevoel omdat hy nie met die manlike rol tevrede is nie en dui sy be=hoefte aan om 'n gekastreerde vrou te wees, met "borste aan" - dit dui op die onnatuurlikheid daarvan. Dit is egter ook sy manier om te poog om volkome vrou te word en met haar te identifiseer.

Interpersoonlike verhoudings is swak as gevolg van inhibering van spontaneiteit en geslagsrolverwarring asook sy geweldige verdediging teen emosionele be=trokkenheid.

Die vaderfiguur is bedreigend en die hipotese van swak identifikasie asook moontlike kastrasievrees is gestel

Die verhouding met die moeder daarenteen, is relatief beter. Die vroulikheid van die kaart wek angs waar=van hy moet distansieer. Hy is egter so emosioneel betrokke by die moederfiguur dat hy sowel fisies as psigies met haar wil identifiseer (sê dan ook tydens die onderhoud dat sy geaardheid meer soos sy moeder as sy vader s'n is).

Hy is geweldig betrokke met seksualiteit. Dit rem egter nie sy verhouding ten opsigte van die reali=

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

teit nie; maar dui op sy behoeftes wat nooit be= vredig is nie, asook dat sy probleem in terme van sy seksualiteit gesetel is.

Die moontlikheid is daar dat hy homself deur middel van aggressiwiteit sal wil bewys. Dit dui op sy on= gekontroleerdheid asook die feit dat sy onvervulde behoeftes steeds aandring op bevrediging en dit dalk so tot uiting sal kom.

4 TAT : Protokol en ontleding

Kaart I

5" 'n Seuntjie......wat sit en peins oor 'n viool. Die seuntjie lyk nie normaal nie of hy's aan die slaap, vaak. Moeg geoefen. Kan ook 'n oorsaak wees. Al wat ek kan sien / Wat gaan gebeur?/ Hy gaan aan die slaap raak"

Ontleding

| | |
|---|---|
| 5" | Hy reageer vinnig en impulsief, alhoewel dit by hom 'n gemiddelde reaksietyd is. Hy verbaliseer in 'n poging om die span= ning wat 'n nuwe situasie opwek, te han= teer. Die hipotese dat hy vinnig 'n nuwe situasie opsom kan ook gemaak word. |
| 'n Seuntjie.. | Vae identifikasie met die ouerfigure het moontlik voorgekom. Dit mag ook wees dat hy onseker oor sy geslagsrol is. Hy stel homself afhanklik omdat hy nog onvol= wasse in 'n nuwe situasie voel. Hy mag ook die manlike rol verkleineer as gevolg van opstand teen die manlike rol wat hy self moet vervul. Die rukkie stilte na= dat hy reageer het dui op spanning omdat hy te veel emosioneel betrokke geraak het. Hy verdedig teen hegte emosionele betrokken= heid. |
| wat sit en peins | Hy hanteer emosionele betrokkenheid hier deur passiwiteit. 'n Mate van opstand teen die manlike rol kom na vore wat hy deur passief te wees kan hanteer. Hy ver= |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| | dedig teen emosionele betrokkenheid op 'n pseudo-intellektuele wyse. Dit mag ook wees dat hy onseker is van wat hom werklik te doen staan, en dinge eers moet oordink voordat hy aktief daarop sal reageer. Hy mag ook besig wees om tyd te wen. |
| oor 'n viool | Hy is bewus van die eise maar is onseker van hoe hy dit moet hanteer. Dit mag wees as gevolg van swak leiding deur die ouers so=dat die eise vaag is of as gevolg van 'n onvermoë in homself. |
| Die seuntjie | Hy raak al meer betrokke op die kaart en kan gevolglik nader aan die seuntjie beweeg. Dit mag ook wees dat hy 'n behoefte daaraan het om betrokke te raak. Hy bly egter steeds afhanklik en mag teen hierdie af=hanklikheidsbehoefte in opstand kom. |
| lyk nie nor=maal nie | Hy is steeds nog op die verdediging teen emosionele betrokkenheid. Hy mag ook hier sy houding teenoor homself openbaar, naamlik dat hy nie "normaal" is nie en dus in op=stand teen sy selfbeeld is. Hy is ook baie krities ingestel ten opsigte van die fisiese. Dit mag ook iets wees waaragter hy skuil hoekom hy nie die eise suksesvol kan han=teer nie. Hy verdedig dus teen emosionele betrokkenheid deur fout op 'n fisiese vlak te soek. Die feit dat hy vrou wil wees kan ook verklaar hoekom hy homself nie as "normaal" sien nie want hy het die psigiese ingesteldheid van 'n vrou maar die fisiese liggaam van 'n man. |
| of hy's aan die slaap | Omrede hy nie aan die eise wat gestel word kan voldoen nie, wek dit angs. Gevolglik moet hy dit wat hom angstig maak op 'n af=stand plaas en onttrek dan geheel en al van emosionele betrokkenheid, "slaap". |

60/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| vaak, | Omrede hy heeltemal onttrek voel hy skuldig en probeer tog om aan die eise te voldoen alhoewel hy nog afstand wil hou en nie emosioneel betrokke wil raak nie. Dit mag ook wees dat hy verveeld is met die situasie en gevolglik na iets nuuts soek of na leiding omdat hy in en uit hom= self nie in staat is om dit op te los nie. |
| moeg geoefen | Hy het moontlik vroeër aan die eise probeer voldoen maar was nie suksesvol nie. Voel ongelukkig en skuldig daaroor. 'n Mate van depressie is egter aanwesig moontlik omdat hy nie sukses kan behaal nie. Hy het aktief probeer iets daaromtrent doen, leiding was swak maar alleen kan hy nie die mas opkom nie. Gevolglik onttrek hy van emosionele betrokkenheid en reageer passief. |
| kan ook 'n oorsaak wees | Dis asof hy iets probeer soek waaraan hy sy eie onvermoë kan toedig. Leiding wat nie reg was nie, verveeldheid, onttrekking van emosionele betrokkenheid, fisiese oor= sake ens. Dui ook op onsekerheid van hom= self as man en die manlike rol. Hy mag ook moontlik 'n antwoord soek vir sy onver= moë. |
| al wat ek kan sien | Sy eie behoeftes word nie bevredig nie en gevolglik moet hy distansieer van die ge= voelsmatige. Hy perk dit tot "sien". Hy gaan dus nie verder soek nie en ook nie verder emosioneel betrokke raak nie. |
| Wat gaan gebeur? | Die toetsafnemer dwing hom om 'n besluit te neem en om verdere gevoelens te ontlok. |
| Hy gaan aan die slaap raak | Hy bly by sy besluit om nie verder emosio= neel betrokke te raak nie en distansieer geheel en al van aktiwiteit of hantering van die eise. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Opsomming

Spanning word deur hom ervaar in nuwe situasies. Hy oorkom dit egter gou deur te verbaliseer in 'n poging om dit te hanteer.

Vae identifikasie met die ouerfigure het voorgekom wat ge= lei het tot geslagsrolidentifikasieprobleme. Hy is tot 'n mate opstandig en verkleinerend teenoor die manlike rol.

Voorts verdedig hy teen emosionele betrokkenheid deur mid= del van passiwiteit en pseudo-intellektualisering. Nie= teenstaande sy verdedigings raak hy tog emosioneel be= trokke.

Hy bly egter steeds onseker van homself en sy eie vermoëns om die eise, wat aan hom gestel word, suksesvol te hanteer.

Hy verdedig ook teen die gevoelmatige deur fout te vind op 'n fisiese vlak - nie "normaal" nie; onttrekking, verklein= ering en totale distansiëring wat depressie tot gevolg het.

Dit kan moontlik verklaar word as sy opstand teenoor sy manlike liggaam en die feit dat hy nooit as man, aan die eise en verpligting van 'n man sal voldoen nie.

Die moontlikheid is ook genoem dat hy dalk vroeër al pro= beer het om met die manlike rol te konformeer, maar as ge= volg van swak leiding of 'n onvermoë in homself omrede sy behoefte om 'n vrou te wees wat nie bevredig is nie, het sy hele poging misluk. Gevolglik kan hy nie aan die eise wat aan hom as man gestel word, voldoen nie.

Kaart 2

7" "Dis in die ou dae...dit lyk nie na vader, moeder en dogter nie. Beslis nie. Dit lyk asof die moeder ver= wag, as ek dit kan sê. Die jong dame is ongelukkig. Pa besig om te ploeg met 'n perd. Dis op 'n plaas. Die moe..ouerige dame, lyk gelukkig. Dis 'n mooige= boude man."

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ontleding

Moontlik het 'n swak familieverhouding voorgekom. Hy distansieer geheel en al van die emosionele betrokkenheid, moontlik omdat dit hom angstig maak. Dalk wil hy doelbe= wus nie 'n familieverhouding hier sien nie, moontlik om= dat dit te bedreigend is om met enige van die figure, ver= al die dogter, te identifiseer.

Sodra hy emosioneel betrokke raak, wek dit spanning. Hy distansieer dan deur dit op 'n konkrete onpersoonlike wyse te benader.

Hy is ook onseker oor die onderskeie persone se geslags= rolle en hoe dit vertolk moet word.

'n Mate van opstand teen die moederfiguur kom na vore ("moe..dame"). Dit mag wees omrede sy die rol van die vrou ten volle kan vertolk ("verwagtend" wees). Dis iets waarna hy hunker maar wat hy weet nooit heeltemal ver= vul sal kan word nie.

Die fisiese bou van die man is vir hom belangrik moontlik omdat hy so intens bewus is van sy manlike liggaam in 'n negatiewe sin.

Dit mag ook wees dat omrede hy al ten volle met die rol van vrou geïdentifiseer het, hy na die man kyk, soos 'n vrou na 'n man sou kyk.

Kaart 3

5" "Dis 'n vrou wat selfmoord gepleeg het. Daar lê 'n rewolwer langs haar, of sy huil/ Wat het gebeur? / Of sy't iemand geskiet dan huil sy, of sy het haarself geskiet.... op die bank, as sy haarself geskiet het sou sy gelê het op die vloer".

Ontleding

Sy eerste reaksie op aggressie is om dit te internaliseer. Hy verdedig daarteen moontlik omdat hy so onseker van hom= self is en nie weet of dit suksesvol sal wees nie.

Hy is egter baie onseker van hoe aggressie werklik algemeen hanteer moet word en gevolglik kan hy dit nie suksesvol na

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



binne of buite homself rig nie. As hy dit na buite rig voel hy skuldig en soek hy regverdiging daarvoor, moontlik om homself te verdedig.

'n Mate van depressie is op die voorgrond en in 'n ter=neergedrukte stemming mag hy moontlik aan selfmoord dink.

Emosionele betrokkenheid word weer te veel en hy hanteer die spanning wat dit opwek op 'n onpersoonlike konkrete wyse.

Die hooftema hier is 'n konflik tussen internalisering en eksternalisering van aggressie wat in verband gebring kan word met kultureel bepaalde geslagsrolidentifikasie.

Kaart 6 BM (Moeder-seun)

5" "Die mense ly aan skok. Altwee is peinsend. Lyk soos va....soos moeder en seun of jongerige man. Ont=stellende nuus. Dit al wat ek kan sien"

Ontleding

'n Baie swak moeder-seun verhouding het voorgekom, met moontlike geslagsrolprobleme as gevolg daarvan. Dis vir hom moeilik om seun te wees teenoor die moeder.

Hy het moontlik die behoefte gehad om die rol van die vader oor te neem, maar as gevolg van die vrees vir kas=trasie deur die vader, distansieer hy geheel en al van die manlike rol. 'n Duidelike oedipale-situasie word hier gereflekteer. Dit is dus baie bedreigend om die "seun" van die moeder te wees. Hy verkies eerder die meer onbe=trokke "jongerige man", omrede dit minder angs en spanning veroorsaak.

Kaart 7 BM (Vader-seun)

6" "Dis weer 'n ouerige persoon met 'n jong man wat iets in die mou voer. Die ou man het iets genoem waar die jongman daaroor sit en nadink / Hoe voel hulle? / Hulle is redelik ernstig".

Ontleding

'n Swak vader-seunverhouding het voorgekom met moontlike

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geslagsrolverwarring. Hy is egter bewus van die gesag van die vader alhoewel daar nie intieme emosionele be= trokkenheid is nie. Dit is tot 'n mate gedistansieer daarvan. Die "jongman" is passief betrokke en nie ak= tief-handelend nie.

As seun is identifikasie onsuksesvol omrede hy nie emosio= neel betrokke kan raak nie en ook nie uitlewing aan sy agressie kan gee nie.

<u>Kaart 6 GF (Vader-dogter)</u>

7" "Dis 'n man en 'n vrou. Man het 'n pyp in sy mond. Vrou verbaas, verskrik of bang. Vrees iets, moontlik omdat man haar van agteraf benader".

<u>Ontleding</u>

Geen vader-dogterverhouding is moontlik nie, alhoewel geslagsrolidentifikasie beter is. 'n Kontakbehoefte word ook uitgespreek maar dit wek spanning.

Hy projekteer gevolglik 'n psigoseksuele verhouding in hierdie kaart in, maar word angstig omrede hy onseker van homself in die rol van vrou is. Weer eens is daar 'n suggestie van 'n oedipale situasie.

<u>Kaart 7 GF (Moeder-dogter)</u>

5" "'n Moeder en haar dogter. Die dogter is ongelukkig oor iets. Sy hou 'n pop in haar hand. Moeder is of besig om te lees, of voor te lees of om met haar dogter baie intiem te gesels. Hulle sit op 'n bank".

<u>Ontleding</u>

Identifikasie met die moeder as dogter is baie makliker as wanneer hy seun is. Daar is egter iets wat haper, moontlik omdat hy onseker van homself in die rol van dog= ter is.

Die moeder is op emosionele vlak gedistansieer en onbetrok= ke alhoewel sy later meer van haarself gee. Dit maak die dogter egter angstig. Dit mag wees as gevolg van die pasiënt se geweldige behoefte om vrou te wees en sul=

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ke intieme oomblikke met die moeder tė deel. Afhanklik=heid van die moeder word bevredig deur intimiteit en stem hom gelukkiger as wanneer hy "seun" is.

Kaart 13 MF

15" "Al wat ek kan uitbeeld.......die man het op 'n lyk afgekom en hy is verskrik daardeur. Dis al wat ek kan sien. 'n Naakte vrou / Wat het gebeur? / Sy is seker aangerand. Weet nie of hy dit gedoen het nie. As hy dit sou gedoen het sou hy nie geklee gewees het nie / Wat gaan gebeur? / Seker die polisie in kennis stel of vlug as hy die skuldige een is".

Ontleding

Hy is baie emosioneel betrokke op hierdie kaart. Hy is egter onseker van die onderskeie manlike en vroulike rolle op die kaart. As man is 'n psigoseksuele verhouding vir hom onmoontlik - die vrou is dan 'n "lyk" en dit sal ook lei tot skuldgevoelens. Gevolglik distansieer hy van emosionele betrokkenheid met die vrou. Identifikasie is vir hom moeilik op hierdie kaart omdat die aggressie en seksualiteit vir hom so bedreigend is.

Indien hy met die vrou identifiseer mag daar behoefte aan seksuele omgang wees alhoewel op aggressiewe wyse. Hy verdedig dan weer teen die emosionele betrokkenheid daar=van.

Sy onsekerheid van wat hom te doen staan mag verband hou met die feit dat hy reeds psigies vroulik ingestel is, maar nog oor die liggaam van 'n man beskik. Seksuele be=hoeftes kan dus nie suksesvol uitgeleef word nie, daarom word direkte seksualiteit aanvanklik ontbeer en frustra=sie later deur 'n aggressiewe assosiasie vervang.

Kaart 8

10" "Dit lyk.....soos 'n jong seun wat in sy drome of verbeelding 'n operasie sien. Nou staan hier 'n geweer ook langs hom.....vir 'n oomblik het ek geskrik.....'n seun wat 'n geslagsoperasie begeer en òf dis sy keuse òf selfmoord. Hy lyk ongelukkig. Al wat ek daar kan sien".

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ontleding

Hy is onmiddellik hier betrokke. Moontlik omdat dit sy innerlike wense en behoeftes na vore bring, naamlik om van geslag te verander. Dit lei egter tot depressiewe gevoelens en onttrekking veral as sy behoeftes nie bevre=dig gaan word nie. Of anders gesien, word die kastrasie=vrees en Oedipus-kompleks nalatenskap direk en dadelik deur hom geassosieer met 'n geslagsveranderingsoperasie.

Omrede hy so emosioneel betrokke is op die kaart verdedig hy ook baie sterk teenoor hoe hy dit sien.

'n Mate van fantasie en wensvervulling is ook op die voor=grond. Dit mag dui daarop dat hy vroeër net kon "droom" oor 'n geslagsverandering maar dat dit nou meer 'n werklik=heid is.

Opsomming

Spanning kom voor in nuwe situasies wat deur die pasiënt op verbale vlak hanteer word.

Vae identifikasie met die ouerfigure het voorgekom wat aan=leiding tot geslagsrolverwarring gegee het. As seun kan hy glad nie met die vader of die moeder identifiseer nie. As "dogter" is dit makliker om met die moeder op emosio=nele wyse te kommunikeer en te identifiseer.

Hy is baie negatief ingestel teenoor die manlike rol en die eise wat aan hom as man gestel word.


As gevolg van sy verdediging teen emosionele betrokken=heid is interpersoonlike verhoudings oor die algemeen swak. Ten spyte van sy verdedigings raak hy egter emo=sioneel betrokke.

'n Mate van opstand teen die moederfiguur kom na vore. Moontlik omrede sy die rol van die vrou ten volle kan ver=tolk. Iets wat hy nie sal kan doen nie, al word hy ook verander na 'n vrou.

As dogter sien hy egter moontlikhede om intieme oomblikke met die moeder te deel sonder vrees vir die vaderfiguur.


67/.......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

2) Vrou



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Self



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kastrasievrees is moontlik ook aanwesig. Hy kan nie met die vader identifiseer nie en vrees dat die vader hom sal kastreer indien hy as seun die vader se rol by die moeder wil oorneem. Derhalwe soek hy eerder self na "kastrering" (die geslagsveranderingsoperasie) voordat die vader dit doen.

Aggressie word geïnternaliseer wat aanleiding tot depres= sie gee. Hy is ook onsuksesvol indien hy sy aggressie na buite rig.

Op Kaart 8 raak hy geweldig betrokke by die geslagsveran= deringsoperasie. Dit is iets wat hy voorheen alleenlik op 'n fantasievlak kon uitleef. Die droom het nou amper werklikheid geword. Daar is egter vir hom net twee moontlikhede, naamlik die geslagsveranderingsoperasie of selfmoord. Hy verdedig baie sterk teen die angs wat laasgenoemde besluit opwek. Hy laat dit egter aan ander om van hom te verskil.

5 <u>Die Teken-'n-mens Toets : Protokol en ontleding</u>

Hy teken eers die man wat daarop kan dui dat ten spyte van geslagsrolproblematiek hy tog met die manlike rol kan identifiseer.

Hy teken egter die manlike genitalië baie prominent. Die aksent dui moontlik op frustrasie, en die baie skakering in hierdie gebied is aanduidend van spanning of konflik. By hom juis verklaarbaar omdat hy nie die genitalië van 'n man wil hê nie. Die area om die bors bevat baie on= nodige strepe wat in verband gebring kan word met sy pre= okkupasie en wens om borste te besit.


Hy teken beide die man en die vrou sonder hande of voete wat dui op kontaksprobleme en onsekerheid van homself as man en in die toekoms as vrou. Dit kan ook sy verhoudings met ander mense nadelig beïnvloed.

By die tekening van die vrou lê hy weer klem op hare, bors= te en heupe. Die seksuele areas hier wek ook 'n mate van spanning.

By die tekening van homself en die vrou teken hy meer hare

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Naam/Name: ................................................................................ Datum/Date: ..................................



AANWYSINGS: In die vierkante is daar tekeninge begin wat u moet voltooi. Teken wat u na aanleiding daarvan te binne skiet. Dit kom nie op u tekenbegaafdheid aan nie. Gebruik slegs potlood, geen lineaal of passer nie. Moet nie uitvee nie. Beantwoord asseblief ten slotte die onderstaande vrae:

DIRECTIONS: In the squares there are drawings to be completed by you. Draw anything that comes to your mind as a result thereof. It is not a matter of drawing efficiency. Use only a pencil, no ruler or other utensils. Do not rub out. After completion, kindly answer the following questions:

Wat word deur die tekeninge voorgestel/What is represented by the drawings?

1. Horlosie
2. [illegible]
3. Trappe [illegible]
4. Staal Blok
5. Flits [illegible]
6. Huis
7. [illegible]
8. [illegible]

Watter tekeninge beskou u as die mees geslaagde/Which drawing do you deem most successful? 3 8

Watter die mins geslaagd/Which one the least successful? 3 6

V & R. PTA.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat volgens Machover (1949) dui op 'n behoefte aan kontak. Dit kan ook dui op seksuele behoeftes wat nie bevredig is nie.

As hy homself teken, teken hy net die kop en laat die liggaam weg. Dit is 'n versterking van die hipotese wat op ander toetse reeds gemaak is, naamlik versteurde lig= gaamsbeeldkonsep. Hy aanvaar met ander woorde nie sy fisies-manlike liggaam nie, omrede hy die liggaam van 'n vrou begeer. Hy teken dan ook die kop van 'n vrou. Dit wat vir hom vroulik veranderbaar is. Hy los dus die saak vir homself op, omdat hy reeds sy wêreld as 'n "vrou" benader.

Die swaar skakerings wat telkens by die tekeninge gebruik word dui op angs en spanning wat die situasie opwek. Veral omdat hy met sy liggaamsbeeld besig is.

6 <u>Die Wartegg-prentvoltooiingstegniek : Protokol en ontleding</u>

Hy maak gebruik van sagte lyne met baie herhalings daaroor wat aanduidend is van 'n sensitiewe persoon. Dit mag ook wees as gevolg van spanning in die toetssituasie en onseker= heid oor homself. Die heel laaste tekening is egter met meer sekerheid en selfvertroue geteken. Dit is 'n blomme= rangskikking. Dit mag ook verband hou met sy huidige werk as bloemiste. Dit is dus iets bekend aan hom en sodoende kan hy uiting gee aan sy skeppingsdrang.

Hy lê oor die algemeen meer klem op die vroulike aspekte van die toets, wat mag dui op ambivalensie met betrekking tot sy geslagsrol. Veral nog omrede hy oor die fisiese liggaam van 'n man beskik, maar nie aan die eise van man= likheid kan voldoen nie, omdat hy vrou wil wees.

Die feit dat hy die gesig van 'n vrou teken is vir Kinget (1952) baie belangrik. Gewoonlik teken mense persone van hulle eie geslag op hierdie toets. Dit mag dus dui op die onaanvaarbaarheid van die manlike rol vir hom, en sy behoefte om vrou te wees. Juis daarom laat hy ook meer klem val op die fynere vroulike aspekte in die toets.

Hy lê ook baie klem op materiële aspekte. Dit dui op emosionele problematiek. Ten spyte daarvan is hy egter

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



redelik goed emosioneel aangepas.

7 <u>Integrasie van die kliniese geskiedenis en toetsresultate</u>

Die pasiënt se biologiese geslag is manlik en hy kom na die Transseksualiste-kliniek met die versoek om na 'n vrou verander te word. Tydens die onderhoud is hy dan ook soos 'n vrou geklee en openbaar vroulike aanwensels. Sy huidige werk toon dan ook sterk tekens van 'n vroulike be= langstelling en behoeftestruktuur.

Hy het hom nooit met die rol van seun geïdentifiseer nie. Gevolglik was sy skoolopleiding bemoeilik omrede die ander kinders met hom gespot het.
Hy ervaar reeds vanaf 'n vroeë stadium dat hy anders is en dat hy borste het. Gevolglik neem hy nie aan sport deel nie omrede dit "op en af" sou skud en ander dit sou sien.

Hy is baie beslis daaroor dat die operasie wel gedoen moet word. Dit is die enigste metode wat hy kan sien hoe hy ten volle vrou sal word en met die vroulike rol sal kan identifiseer.

Die pasiënt beskik oor 'n IK wat as gemiddeld of normaal geklassifiseer kan word. 'n Goeie selfbeeld-konsep kom ook op die intelligensietoets na vore.

Hy neem die wêreld om hom soos ander waar alhoewel op 'n gedistansieerde en onpersoonlike wyse. Hy wil dus nie sommer met die intrapslag emosioneel betrokke raak en te veel van homself gee nie. Op die Rorschach is daar 'n duidelike intratensiewe beeld, wat goed hiermee korreleer.

Geslagsrolidentifikasieprobleme kom voor wat interper= soonlike verhoudings kan benadeel. Hy is onseker van hom= self en sy eie indentiteit omdat hy nie weet waar hy be= hoort nie. Gevolglik kom daar ook 'n onderdrukking en inhibering van sy affeksionele behoeftes voor. Hierdie behoeftes is egter nie in konflik met sy waardesisteem nie. Dit wek angs en spanning omdat dit nie bevredig word nie, maar hy onderdruk sy behoeftes sodat dit lyk asof daar nie spanning is nie.

70/.......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sy aspirasiepeil is ook hoër as sy kreatiewe potensiaal. Dit mag verklaar word vanuit die feit dat hy homself wil bewys en telkens sy aspirasies hoër stel. Dit mag ook dui op 'n kompensasie vir sy onsekerheid ten opsigte van sy seksualiteit.

Hy vergelyk telkens die manlike seksuele simbool met die vroulike seksuele simbool. Die manlike geslagsorgaan word telkens as minderwaardig en ondergeskik aan die vroulike geslagsorgaan gestel. Dit dui aan hoe hy sy manlike rol of homself as man beleef, naamlik as minderwaardig teen=oor die vrou. Tot 'n mate kom hy in opstand teen die vrou en die vroulike rol. Sy kan haar vroulikheid ten volle benut. Dis iets wat hom nog nie beskore is nie en al word hy fisies vrou, sal hy nooit ten volle vrou en moeder kan wees nie.

Depressiewe gevoelens is aanwesig omdat sy behoeftes nie bevredig word nie. Hy mag dan op 'n aggressiewe wyse uit=ing daaraan probeer gee of sy aggressie internaliseer. Laasgenoemde mag egter lei tot gevoelens van selfverniet=iging ("selfmoord").

Hy kan glad nie as "seun" met die ouerfigure identifiseer nie. Kastrasievrees ten opsigte van die vaderfiguur kan voorkom. Daarom doen hy self aansoek om verwydering van die penis sodat hy ten volle met die moeder kan identifi=seer sonder vrees vir die vader. As "dogter" kan hy ook intieme oomblikke met die moeder beleef.

Daar mag egter nog 'n mate van angs en spanning aanwesig wees in die vervulling van die vroulike rol. Moontlik omdat hy nog onseker van homself is, en wonder of sy kon=takbehoeftes wel bevredig sal word.

In die uitlewing van die vroulike rol het hy egter meer sekerheid en sekuriteit as wanneer hy met die rol van die man identifiseer.

<u>GEVALLESTUDIE B</u>

1 <u>Bespreking van die kliniese geskiedenis na aanleiding van die gestruktureerde onderhoud</u>

Die pasiënt se biologiese geslag is manlik. Hy wil

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



egter deur middel van chirurgie na 'n vrou verander word.

Hy is 27 jaar oud en is in die Vrystaat gebore. Sy vader is ongeveer 14 jaar gelede oorlede toe die pasiënt 13 jaar oud was. Sy moeder lewe nog.

Hy is een van 5 kinders en wel die tweede jongste kind. Hy is die enigste seun in hierdie huisgesin.

Hy beskryf sy vader as saggeaard maar dat hy baie "buig= baar" was. Hy was egter baie van die huis weg as ge= volg van die werk wat hy gedoen het. Die pasiënt het hom gedurende die tye wat hy weg was baie gemis.

Hy beskryf sy moeder as iemand met 'n wonderlike geaard= heid maar sy kan by tye baie humeurig wees. Sy is ook baie dominerend, en het gewoonlik pak gegee as hulle stout was. Sy moeder aanvaar hom egter soos hy nou is en vereenselwig haar met sy behoefte om vrou te wees.

Hy is op die ouderdom van 6 jaar skool toe en het St 8 behaal. Na sy skoolopleiding het hy homself as haar= kapster bekwaam.

Reeds voor skool en gedurende sy skooljare het hy meer meisiemaats gehad. Gedurende sy laerskoolopleiding was hy "gedwing" om met die seuns te speel aangesien die twee geslagte nie met mekaar op die skoolvelde kon meng nie. Sodra hy egter van die skool by die huis aangekom het, het hy in meisieklere verklee.

Op 16 jarige ouderdom het hy begin werk as gevolg van finansiële omstandighede. Hy het al in verskillende haarkappersalonne gewerk (hy het telkens as <u>vrou</u> daar gewerk). Hy kom veral goed met sy manskollegas oor die weg alhoewel daar soms verskille met sy vroulike kollegas ontstaan.

As hy homself beskryf doen hy dit soos volg: "ek is sag= geaard en dit vat baie om my tot 'n humeur te bring. Maar ek voel net baie ongelukkig fisies want geestelik dink ek en doen ek soos 'n vrou. Ek vind dit moeilik om met kliënte te werk soos ek nou is. Het 'n kompleks

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

oor wat hulle dink, byvoorbeeld: Is u 'n man of 'n vrou?... ...Ek is 'n vrou!"

Hy het op die ouderdom van 15 jaar bewus geword van ge=slagsontwikkeling. Volgens hom het hy 'n geestelike verstandhouding met 'n seun gehad. Sy moeder het hom seksuele onderrig gegee.

Op die ouderdom van ± 12 jaar het hy vir die eerste keer gevoel dat hy "anders" is. Hy was meer tot seuns aange=trokke as meisies. Skool toe moes hy seunsklere aantrek, tuis egter het hy openlik meisieklere gedra.

Sy moeder en vriende is tevrede met sy besluit om die ge=slagsveranderingsoperasie te ondergaan. Hulle voel almal dit moes al lankal gedoen gewees het.

Sy moeder veral is baie ten gunste daarvan. Toe sy hom verwag het, het sy gehoop dis 'n dogter. Met sy geboorte was sy bly maar tog tot 'n mate teleurgesteld omdat hy 'n seun was.

Hy het nog nooit 'n fisiese seksuele verhouding met 'n ander persoon gehad nie. Masturbasie het op laerskool voorgekom. Nog nooit weer daarna nie. Hy is bang om fisiese verhoudings aan te knoop as gevolg van sy probleem.

Hy dink nie daar is 'n sielkundige oorsaak vir sy toestand nie, aangesien hy glo dat dit reeds vanaf sy geboorte so is. Die manier waarop hy grootgemaak is, naamlik as meisie, kan ook 'n rol gespeel het. Sy moeder het vir hom dogtersklere aangetrek en later het hy self vrouens=klere aangekoop.

Sy drie wense is soos volg:

- Om heeltemal as 'n vrou beskou te word: geestelik en fisies.
- Om na die operasie geluk te vind en 'n normale lewe te lei.
- Om iemand wat "normaal" is te vind met die oog op 'n huwelik.

Die een aspek omtrent homself wat hy die graagste ver=ander wil hê, is sy fisiese liggaam.

Indien die operasie nie gedoen word nie, is sy toekoms=

73/.....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verwagting soos volg: "Mens kan nie altyd rondhardloop soos 'n 'freak' nie, dan sal ek verdere dokters spreek wat dit wel sal doen".

Indien die operasie wel gedoen word, sal hy in sy werk as haarkapster opgaan en oor die algemeen gelukkig wees.

2 Wechsler : Protokol en ontleding

| Verbaal | RT | GT | Prakties | RT | GT |
|---|---|---|---|---|---|
| Inligting | 3 | 6,0- | Prentvoltooiing | 8 | 6,5⁰ |
| Alg begrip | 7 | 7,5⁰ | Voorwerpsame=voeging | 9 | 5,5- |
| Rekenkunde | 4 | 7,5⁰ | Blokpatrone | 16 | 7,5⁰ |
| Syferherhaling | 12 | 11,5++ | Syfersimbool | 36 | 9,5+ |
| Ooreenkomste | 11 | 8,0⁰ | Prentrangskik=king | 8 | 9,0⁰ |
| Verbale telling | | 40,5 | Praktiese telling | | 38,0 |
| Verbale St punt | | 81,0 | Praktiese St punt | | 76,0 |
| Korreksiesyfer | | +1 | Korreksiesyfer | | +1 |
| VERBALE IK | | 82 | PRAKTIESE IK | | 77 |

TOTALE IK : 79

Verbale IK = 82
Nie-verbale IK = 77
Totale IK = 79
Die omvang is 5,5 tot 11,5. Die mediaan van al 10 sub=toetse is 7,9 (die strooiing op die subtoetse is deur middel van die mediaan bereken).

Ontleding

Hy presteer met 'n IK van 79 wat as grensgeval swaksinnig (subnormaal) geklassifiseer kan word. Die indruk is egter dat dit nie sy ware potensiaal is nie (vergelyk by=voorbeeld syferherhaling 11,5 en die feit dat hy St 8 be=haal het). Faktore was moontlik aanwesig wat dit nadelig beïnvloed het, byvoorbeeld angs. Die angsdriehoek toon egter geen funksionele belemmering as gevolg van angs nie.

'n Swak selfbeeld kom na vore wat spruit uit onsekerheid

74/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oor homself. Syferherhaling is hoog wat dui op 'n teen= indikasie vir angs alhoewel hy ook doelbewus daarop kon ge= konsentreer het.

Hy presteer egter beter op die subtoetse waar daar nie emosionele betrokkenheid by betrokke is nie. Emosionele betrokkenheid mag dan ook sy prestasie nadelig beïnvloed.

Geen spesifieke diagnose kan egter op grond van bogenoem= de gemaak word nie. Geen bisare response of psigotiese gedrag het tydens die toetsing na vore gekom nie.

3 <u>Rorschach : Protokol en ontleding</u>

(a) <u>Rorschachprotokol</u>

(?) Navraag gedurende die toets

| Respons | Navraag | Determinante |
|---|---|---|
| <u>Kaart I</u><br>2" 'n Vlermuis (draai die kaart in die rondte) Nee | (?) Die middel met die vlerke.<br>(?) Hy vlieg.<br>(?) Vorm | W FM A P |
| <u>Kaart II</u><br>5" 'n Skets (draai die kaart in die rondte)... Miskien 'n gloei= lamp. | (?) Lyk soos 'n "lamp-shade" met kleure.....verskil= lend.....<br>(?) Die vorm in die middel (Lê klem op vorm). | W,S F Obj |
| <u>Kaart III</u><br>7" Twee persone | (?) Die voete en die manier wat hul= le staan. Lyk asof hulle aan iets vashou | W M H P |
| <u>Kaart IV</u><br>5" 'n Skets van ys wat gevorm het in verskillende vorms. | (?) Net die vorm... ook die verskillen= de vorms soos ys verys. | W Fc Ys |


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3 (a) Rorschachprotokol (Vervolg)

| Respons | Navraag | Determinante |
|---|---|---|
| Kaart V<br>7" Ook net 'n skets. Dit is al | (?) Die kleur. 'n Skets word gewoon= lik in donker ge= doen.<br>(?) Die swart. | W C'F Skets |
| Kaart VI<br>1 11" 'n Lamp= staander in die middel......<br>2 Bedek met ys aan die kante. | (?) Die middel. Die manier wat die houtwerk gedoen is. (Dui net vorm aan)<br>(?) Alles aan die kante, die vorms en die kleur ook. | D F Obj<br><br>W Fc Ys |
| Kaart VII<br>1 5" 'n Waterval<br><br>2 Wolke | (?) Onder. Die vorm en die stroom daaronder.<br>(?) Die water val van die kante af.<br>(?) Die vorm en die kleur. | D Fm Nat<br><br>D KF Wolke |
| Kaart VIII<br>12" Ook 'n skets van 'n lampstaan= der met hierdie verskillende kleure aan die kant geskets. | (?) Reg in die mid= del. Die verskil= lende kleure. Hier oranje, pienk, blou en grys. | W F Cn Obj |
| Kaart IX<br>5" Net 'n gewone skets, dis al. | (?) Die kleure. Oranje, groen en pienk. Dis al. | W F Cn Kleur |
| Kaart X<br>6" Ook 'n skets. | (?) Net die gedeel= te in die middel. Ek sien ook 2 visse wat swem en 2 see= katte met kloue. Dis onder die see<br>(?) Die kleure (Dis net 'n opmerk= ing, brei nie ver= der daarop uit nie) | W F Skets<br>D FM A<br>D F A P |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(b) Die Psigogram




R = 14
W = 10
D = 5
d = 0
S = 1
P = 3

(c) Globale interpretasie van die psigogram

'n Kwantitatiewe ontleding van die psigogram kan nie in hierdie geval gedoen word nie, omrede daar alleen=lik een M-respons aanwesig is. Gevolglik word daar net 'n interpretasie van die psigogram gemaak.

Die eerste indruk van die psigogram is dat die F-kolom die oorheersende in hierdie geval is. Dit dui op beperkte waarneming. Die hipotese kan dus hier ge=stel word dat die persoon 'n beperkte waarneming ten opsigte van sy wêreld het. Hy kan dus nie reageer op omgewingstimuli nie en dit ook nie in terme van sy innerlike determinante verwerk nie. Dit kan egter ook 'n aanduiding van lae intelligensie wees.

Vanweë die feit dat daar nie 3M-response is, soos ver=wag word nie, kan die hipotese gestel word dat hy moontlik wanaangepas is as gevolg van sy inhibisies, veral ook innerlike konflikte. M-response dui ook intellektuele vermoëns aan en hier kan die hipotese dan ook gestel word dat die persoon oor lae intellek=tuele vermoëns beskik. (Dit word dan ook deur die Wechsler bevestig). Dit dui ook moontlik daarop dat hy nie sy denkprosesse kan gebruik om sy waarneming

77/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die wêreld te verryk nie, en dat hy ook 'n lae kreatiewe potensiaal het. Hy kan dus ook nie op sy innerlike bronne terugval in krisistye nie en daarom verdedig hy dalk so deur net dinge om hom beperk en rigied waar te neem.

Die lae M-verhouding kan ook swak interpersoonlike verhoudings aandui asook 'n swak selfbeeldkonsep.

Omrede M:FM in verhouding goed aanwesig is en geballan= seerd is, kan die hipotese gestel word dat sy onmid= dellike behoeftes nie noodwendig aandring op onmid= dellike bevrediging nie en dus nie uitermatige kon= flik veroorsaak nie. Dit mag ook wees dat hy dit doelbewus onderdruk omrede hy dit as gevaarlik be= skou. Dit is ook al genoem dat hy net sy wêreld beperk waarneem wat ook hier as verdediging teen on= vervulde behoeftes kan dien.

Hy is egter bewus van hierdie behoeftes, maar wend 'n doelbewuste, amper rigiede verdediging aan teen die primitiewe uitlewing daarvan.

Die feit dat daar een Fm-respons aanwesig is, dui op 'n bewus wees van faktore buite sy kontrole wat sy persoonlikheid bedreig. Dit dui aan dat daar wel spanning aanwesig is, moontlik omdat hy so rigied moet verdedig en weet dat as sy verdediging faal, dit kan lei tot sy ego-disintegrasie. Dis egter nie hier 'n gevoel van hulpeloosheid nie, maar dui op 'n aanpas= singsmeganisme, met ander woorde hoe hy probeer om sy langtermyndoelwitte te bereik ten spyte van span= ning en konflikte.

KF dui op diffuse affeksionele angs. Dit is egter nie hier oormatig nie, maar dui tog aan dat die per= soon wel angs het ten opsigte van sy affeksionele be= hoeftes. Dit kan dan ook verband hou met sy swak selfbeeldkonsep en swak interpersoonlike verhoudings soos reeds deur die M-verhoudings aangetoon.

Daar is egter geen poging by hom aanwesig om hierdie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



angs te hanteer deur middel van introspeksie nie, met ander woorde deur dit objektief waar te neem. Sy kontroles is eerder rigied en dui op beperkte waarneming. Hy kan dus nie sy eie affeksionele angs hanteer en aanvaar nie, want dit wek te veel spanning wat hy doelbewus probeer onderdruk.

Hy kan ook nie sy affeksionele angs deur middel van goeie uiterlike kontroles hanteer nie.

Hy ondervind geweldig probleme om sy affeksionele angs te onderdruk.

Goeie verdedigingsmeganismes kan hy nie gebruik nie, moontlik ook vanweë sy swak of lae intelligensie.

Omrede die F-kolom die oorheersende faktor is, dui dit op 'n beperking ten opsigte van sy emosionele responsiwiteit asook swak sensitiwiteit vir die emosionele trefkrag van die buitewêreld. Daar is ook 'n beperkte visie ten opsigte van sy innerlike impulse en omrede dit ten opsigte van innerlike en uiterlike determinante voorkom, kan 'n hipotese van konstriksie gestel word.

Die feit dat daar twee Fc-response aanwesig is, dui daarop dat hy wel affeksionele behoeftes het, veral ten opsigte van aanvaarding, maar dat hy dit passief beleef eerder as direk uitleef. Dit is nie vir hom gevaarlik (bedreigend) om te erken dat hy affeksionele behoeftes het nie, maar dit wek tog affeksionele angs waarteen hy op 'n rigiede wyse verdedig, omdat hy nie die angs wat dit opwek kan hanteer nie.

Fc-response tesame met M-response dui ook op interpersoonlike verhoudings veral empatie. Aangesien albei swak verteenwoordig is in hierdie psigogram, kan die hipotese van swak interpersoonlike verhoudings dus hier versterk word.

Die feit dat daar een C'F-rspons aanwesig is, mag gevoelens van depressie aandui. Veral omrede die per=

79/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

soon geen uitlaatklep vir sy gevoelens het nie en dit alles inperk. Dit wek te veel spanning om dit te erken en na buite uit te leef.

Daar is nie goeie uiterlike kontroles ten opsigte van sy emosies nie. Geen ongekontroleerde uitlewing van emosies kom egter na vore nie, deels as gevolg van sy beperkte en rigiede waarneming van sy wêreld. Hy is egter oorweldig deur die emosionele impak of trefkrag van die kaarte maar kan dit nie deur middel van ge= integreerde kontrole hanteer nie. Derhalwe strewe hy na kontrole sonder om werklik daarmee kontak te maak. Dit doen hy op 'n "magiese" manier wat eint= lik onvoldoende is. Sy buitewêreld is vir hom be= dreigend maar hy voel gedwonge om daarop te reageer en nou doen hy dit op 'n oppervlakkige wyse wat hom die gevoel gee of die illusie skep dat hy dit tog han= teer het. Dit is 'n manier wat kinders en lae intel= ligente persone gebruik wat dan ook hier die geval is. Dit dui dus ook op 'n onvolwasse manier van hantering.

Die feit dat daar ook net drie P-response aanwesig is, dui daarop dat hy nie die wêreld om hom soos an= der hanteer nie. Veral vanweë sy lae intelligensie en doelbewuste beperking van sy waarneming omdat hy so deur emosionele stimuli geraak word, dat hy wel daardeur sy ego kan laat disintegreer indien hy toegee aan sy behoeftes.

(d) <u>Kwalitatiewe ontleding</u>

<u>Kaart I</u>

Hy reageer impulsief en so vinnig moontlik omdat die kaart 'n mate van angs by hom wek. Te midde daarvan kan hy egter nog die wêreld om hom soos ander waarneem alhoewel hy gespanne bly. (Hy wys dit deur die kaart al in die rondte te draai). Dan te sê "nee", wat op ontkenning of terugtrekking van emosionele betrokken= heid dui.

Dit hou ook verband met die kwantitatiewe ontleding naamlik dat hy distansieer van emosionele betrokkenheid

80/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kaart II

Hy is tot 'n mate weer impulsief, maar is tog dadelik betrokke op die kaart. Hy bly egter op die verdediging en gespanne. As gevolg daarvan is hy onseker van homself omdat hy emosioneel betrokke is en dit nie kan hanteer nie. Hy hanteer dit op 'n negatiewe wyse wat distansiëring en ontkenning van emosionele betrokkenheid behels.

Dit is egter "iets moois" op die kaart. Dit mag dui op 'n behoefte om wel emosioneel betrokke te raak maar dat hy gerem word as gevolg van die angs wat emosionele betrokkenheid by hom veroorsaak. Sy lae IK speel egter ook 'n rol in die beperking van sy responsiwiteit.

Hy struktureer ook die dinge wat hom angstig maak om die spanning te kanaliseer en te kontroleer.

Die "lamp-shade" mag ook dui op vroulike seksualiteit, met ander woorde oop en rond. Die erkenning daarvan wek angs. Die feit dat hy distansieer van emosionele betrokkenheid, mag ook dui op die angs wat hy teenoor die emosionele ervaar.

Kaart III

Die hipotese kan weer eens gestel word dat die interpersoonlike verhoudings op hierdie kaart tot angstigheid en gespannenheid aanleiding gee. Hy poog om dit te kontroleer deur nie impulsief te reageer nie. Hou dit eers op 'n afstand.

Interpersoonlike kontak is swak. Die hipotese van geslagrolidentifikasieprobleme kan dan ook gemaak word. Hy kan op die kaart nie aan die "persone" 'n spesifieke geslagrol toeken nie, en bly op 'n afstand van intieme emosionele betrokkenheid. 'n Kontakbehoefte is egter aanwesig ("vashou") alhoewel hy dit amper teësinnig erken.

Hy distansieer ook van mense as gevolg van onsekerheid oor homself en sy eie geslagsrol. 'n Behoefte

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aan beter interpersoonlike verhoudings is egter ook aanwesig.

Hy beklemtoon hulle voete, wat mag dui op 'n soeke na standvastigheid, iets wat tot dusver buite sy be= reik was.

Kaart IV

Sy gemiddelde responstyd is 5". Dit mag dui op sy hartering van emosionele stimuli deur dit vinnig en impulsief te probeer oplos. Sodoende raak hy nie emosioneel betrokke nie en wek dit ook nie angs en spanning nie.

Hy verdedig ook hier teen emosionele betrokkenheid. Hy distansieer daarvan deur dit 'n "skets" te maak.

Hy gebruik ook "ys" - iets wat koud en ontoeganklik is, om die verhouding met die vaderfiguur af te rond. Sy behoefte aan nadere kontak is dus moontlik nooit deur die vaderfiguur bevredig nie. (Dit word ook deur die kliniese geskiedenis bewys. Sy vader moes baie rondry en die pasiënt het hom gemis). Identi= fikasie is dus bemoeilik daar interpersoonlike kontak en warme emosionele verhoudings hier ontbreek het.

Dit kon ook aanleiding gegee het tot geslagsrolidenti= fikasieprobleme en verklaar waarom hy nie met die man= like rol kan identifiseer nie.

Kaart V

Hy is nog so betrokke by die vorige kaart, dat hy nie hier onmiddellik die wêreld om hom soos ander kan waarneem nie. Dit maak hom neerslagtig voel omrede hy anders wil wees en nie soos die interpersoonlike wêreld hom moontlik dwing om te wees nie. Sy verdediging teen emosionele betrokkenheid bly rigied. Dit korrel= eer ook goed met die konstriktiewe kontrole wat op die kwantitatiewe ontleding gemerk is.

Hy is dus angstig sodra hy met realiteit gekonfronteer word en distansieer van enige emosionele betrokkenheid.

82/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

('n Hipotese van "color-shock" kan ook gemaak word, naamlik dat depressiewe tendense aanwesig is ten op= sigte van sy realiteit. Omdat hy bewus is daarvan dat hy nie aan die realiteitseise voldoen nie, wek dit angs en gevolglik depressie).

Kaart VI

Hy neem hier langer as by enige van die ander kaarte voordat hy daarop reageer. Dit is aanduidend van angs omdat hy emosioneel betrokke is. Probeer dus tyd wen.

Hy sien 'n "lampstaander" wat as 'n manlike falliese simbool geïnterpreteer kan word. Die hipotese kan dus gestel word dat hy intens bewus is van sy manlike geslagsorgaan. Dit wek egter 'n geweldige hoeveel= heid spanning omrede hy nie die seksualiteit kan ge= bruik nie - "bedek met ys aan die kante".

Dit dui ook op sy onvermoë om as man 'n seksuele ver= houding met 'n vrou aan te knoop. Hy kan nie sy sek= suele organe gebruik nie en dit stel hom ook nie te= vrede nie. Hierdie probleem kan egter in die lig van sy transseksualisme verklaar word. Hy wil nie man wees nie, maar vrou.

Hy is egter ook onseker van die rol van die vrou en hoe hy as vrou teenoor 'n man op seksuele gebied sal reageer. Dit is verklaarbaar omdat hy nog steeds oor die fisiese liggaam van 'n man beskik maar psigies die rol van die vrou oorgeneem het.

Kaart VII

Na sy aanvanklike betrokkenheid op die sekskaart is hy meer toeganklik vir kontak op die moederkaart.

'n Swak moeder-kindverhouding het moontlik voorgekom alhoewel die seksuele aspekte en vroulike seksualiteit beklemtoon word. (Dit mag verband hou met die moeder wat graag 'n dogter wou hê en in plaas daarvan 'n seun gekry het. Dit dui op 'n onvermoë van die moeder om die kind te aanvaar soos hy is).

83/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit wek 'n mate van angs omdat sy eie behoefte om vrou te wees, soos die moeder, nie bevredig word nie. Dit mag ook wees dat deur middel van vrouwording hy die goedkeuring van die moeder wil wen. Dit was tot dusver onmoontlik omdat hy seun is en haar so= doende teleurgestel het.

Dit wek dus diffuse affeksionele angs moontlik omdat die moeder hom as seun verwerp het. Sy behoefte om vrou te word kan dan ook verklaar word deurdat hy op so 'n manier by die moeder na aanvaarding en lief= de soek. Hy bly egter nog onseker van wat die uit= einde sal wees.

<u>Kaart VIII</u>

Na sy aanvanklike betrokkenheid met die vroulike sek= sualiteit en behoeftes wat onbevredig bly, distansieer hy van realiteit, en die emosionele impak van die kaart. Hy maak dit weer 'n "skets". Poog dus om die realiteit op 'n afstand te hou omdat dit te be= dreigend is om daarby betrokke te raak.

Raak weer met die manlike falliese simbool gepreok= kupeer ("lampstaander").

Dit lei tot die hipotese dat die realiteit van hom verwag om as man te funksioneer. Omdat hy 'n behoef= te het om vrou te wees slaag hy dus nie in die eise wat die realiteit aan hom stel nie. Skram dus vervolgens weg van die realiteit omdat hy nie aan hulle eise kan voldoen nie en omdat sy behoeftes nie bevredig word nie.

Dit wek 'n mate van angs wat hy op 'n pseudo-intellek= tuele wyse probeer hanteer. Dit is egter nie geslaagd nie en hy bly ontoereikend.

Hy word dus oorweldig deur emosionele impak en kan dit nie suksesvol hanteer nie. Hy strewe na kontrole al= hoewel hy dit nooit werklik sal kan bewerkstellig nie, omdat hy strewe na magiese oplossings.

Gevolglik hanteer hy dit op 'n oppervlakkige en onper= soonlike wyse wat hom die illusie gee dat hy dit sukses= vol hanteer het.

84/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kaart IX

Die emosionele betrokkenheid van die kaarte word vir hom te veel en hy hanteer dit op 'n oppervlakkige wyse. Dit skep die indruk van op 'n "magiese" wyse oplossings te soek, soos die histerikus. Hy poog egter om dit te kontroleer en verwerp dit nie geheel en al nie. Prognosties mag dit dus van belang wees.

Kaart X

Hy gebruik weer sy amper rigiede hantering van die kaarte deur dit 'n "skets" te maak. Hy moet dus eers die situasie vir homself struktureer om die angs wat dit opwek te kanaliseer. Daarna beperk hy sy waarneming tot 'n gedeelte van die kaart omdat die ander angs opwek en hy ook te veel emosioneel betrokke is.

Dit blyk dat hy te midde van sy angs, eers op 'n on=persoonlike wyse emosioneel gelaaide situasies hanteer en dan algaande meer emosioneel betrokke raak.

Opsomming

Die pasiënt se biologiese geslag is manlik en hy doen aansoek om na 'n vrou verander te word deur middel van 'n geslagsveranderingsoperasie. Hy het St 8 behaal en is tans as haarkapster werksaam (ervaar al reeds vanaf 12 jarige ouderdom 'n gevoel van "andersheid").

Wat veral by hierdie pasiënt opgemerk is, is die feit dat daar nie noodwendig behoeftes aanwesig is, wat aandring op onmiddellike bevrediging nie. Sy waarde=sisteem kan egter soms bedreig word deur egosentriese behoeftes alhoewel hy nie sommer impulsief handelend sal optree nie. Spanning en angs is aanwesig, wat 'n remmende invloed is teen onmiddellike behoeftebe=vrediging.

Swak interpersoonlike verhoudings kom na vore as ge=volg van swak identifikasie met die ouerfigure. Geslagsrolidentifikasieprobleme is gevolglik op die voorgrond.

85/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Daar is ontkenning, onderdrukking en onderontwikkeling van sy affeksionele behoeftes aanwesig as gevolg van moontlike verwerping in sy vroeë kinderjare.

Sy emosies mag soms uitgelewe word. Hy toon ook beperkte responsiwiteit ten opsigte van sy sosiale omgewing. Dit neig egter in die rigting van distansiering van hegte emosionele betrokkenheid, omrede dit angs en spanning veroorsaak.

Hy reageer rigied as gevolg van sy emosionele problematiek. Hy gebruik dit as verdediging teen te veel emosionele betrokkenheid. Konstriksie mag ook voorkom as gevolg van hierdie ingeperktheid van emosionele reaksies en innerlike behoeftes.

Hy is bewus van sy behoeftes vir nadere kontak. Hy onderdruk egter hierdie behoeftes omrede dit spanning veroorsaak sowel as die feit dat dit nog nooit bevredig is nie.

Sy aspirasiepeil is hoër as sy kreatiewe potensiaal, moontlik omdat hy homself wil bewys. Volle benutting van die potensiaal wat aanwesig is kom egter ook nie voor nie as gevolg van remmende emosionele faktore en lae intelligensie.

Sy siening van die realiteit word ook beperk. Die realiteit stel eise aan hom as man waaraan hy nie kan voldoen nie omdat hy 'n vrou wil wees en sy wêreld gevolglik anders benader. Dit mag lei tot depressiewe gevoelens omdat hy nie die eise wat aan hom gestel word, suksesvol kan hanteer nie.

Seksuele problematiek is duidelik op die voorgrond en veral met betrekking tot die rol van manlike seksualiteit en sy behoefte om 'n vrou te wees. Dit kan verklaar word in die lig van 'n moederfiguur wat 'n dogter wou hê. Sy het gevolglik die pasiënt as seun verwerp. Die identifikasieproses is verder bemoeilik deur 'n afwesige passiewe en "koue" vaderfiguur.

86/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Om dus die goedkeuring en affeksie van die moeder te wen, poog hy om na 'n vrou verander te word en sodoende sy emosionele behoeftes te bevredig. Iets wat nooit gedurende sy kinderjare bevredig is nie.

4 TAT : Protokol en ontleding

Kaart I

13" "Dis 'n seuntjie wat by sy viool sit....en hy's besig om te dink oor 'n uitweg.....en wat die uiteinde sal wees. Hy mag dalk 'n goeie komponis word eendag / Hoe voel hy? / Hy voel teneergedruk / Wat sal gebeur? / Hang af van om=standighede".

| | |
|---|---|
| 13" | Hy neem relatief lank voordat hy op die kaart reageer. Dit mag wees as gevolg van angstigheid wat die nuwe situasie op=wek of ook 'n manier wat hy aanwend om tyd te wen. Hy is onseker van homself en ver=dedig so deur nie emosioneel betrokke te raak nie. |
| Dis 'n seun=tjie | 'n Mate van opstand kom voor. Swak iden=tifikasie het plaasgevind. Hy stel hom=self afhanklik moontlik omdat hy onseker van homself voel. Tot 'n mate nog onvol=wasse. Hy kan ook nie aan die vae eise wat aan hom gestel word voldoen nie. Dit mag wees dat hy in opstand kom teen die rol van die man. Dit word vereis dat hy daaraan voldoen, maar hy voel onseker van homself oor hoe om dit te hanteer. |
| wat by sy viool sit ..... | Hy is egter ten spyte van sy onsekerheid dadelik betrokke by die eise alhoewel op 'n passiewe manier. Hy is gevolglik nie aktief handelend nie maar eerder passief kontakvermydend.<br><br>Dit is egter eise wat aan hom gestel word en waaraan hy moet voldoen. Hy voel egter |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | |
|---|---|
| | in onvermoë om dit suksesvol te hanteer. Hy bly dus gedistansieer aangesien dit angs veroorsaak. |
| en hy's besig | Dit stel hom nie tevrede om passief te wees nie, daar dit moontlik meer angs wek. Hy probeer iets aan die saak doen en is dus aktief "besig". Mag ook probeer om sodoende die outoriteit wat die eise stel, se goedkeuring te wen. |
| om te dink | Hy hanteer dit op 'n pseudo-intellektuele vlak. Soek magiese oplossings vir sy probleem. Hy is dus steeds in onvermoë om werklik aktief betrokke te raak. |
| oor 'n uitweg | Soek nou na ontvlugting omdat hy besef hy hanteer dit ontoereikend. Probeer die eise ontduik asook emosionele betrokkenheid.<br><br>Die hipotese kan ook gestel word dat hy as man nie aan die eise van die manlike rol kan voldoen nie. As gevolg van sy onvermoë en angs probeer hy die situasie ontduik, alhoe=wel hy onseker oor die "uitweg" is. Hy soek na leiding en gee ook te kenne wat sy onvermoë is. |
| ....en wat die uiteinde sal wees | Dit dui op 'n algehele onsekerheid oor sy identiteit, asook wat hy van die toekoms kan verwag. Hy voorsien dus ook probleme in die toekoms. |
| Hy mag dalk | Hy identifiseer met die seuntjie maar bly nogtans onseker van homself, sy vermoëns en hoe hy moet optree. |
| 'n goeie komponis | Hy stel eise aan homself te hoog. (Dit mag saamstem met die Rorschach waar aange=toon is dat sy aspirasiepeil hoër as sy kreatiewe potensiaal is). Wil moontlik homself bewys omdat hy so onseker van hom= |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| | self is. Hy soek ook na erkenning. Maak ook moontlik van fantasie en wensvervulling gebruik en ontvlug sodoende die realiteit, met die eise wat dit aan hom stel. |
| word eendag | Hy is bewus daarvan dat sy aspirasies moont= lik te hoog is en dat hy nie dit sal bereik nie. Stel dit uit tot in die toekoms. Dit mag ook wees dat hy hoop om in die toe= koms beter te funksioneer as nou. Hy soek egter ontvlugting van die hedendaagse pro= bleemsituasies deur dit in die toekoms te verplaas. |
| Hoe voel hy? | Die terapeut dwing hom terug na die reali= teit, die hede en ook om emosioneel betrok= ke te raak. |
| Hy voel te= neergedruk | Hy is bewus daarvan dat hy die eise nie hanteer nie. Hierdie onvermoë in homself laat hom depressief voel. |
| Wat sal ge= beur? | Die terapeut dwing hom hier om 'n besluit te neem aangaande sy toekoms en hoe hy van plan is om dit te hanteer. |
| Hang af van omstandighede | Hy is nie bereid om emosioneel betrokke te raak en iets van homself bloot te lê nie. Plaas die verantwoordelikheid weg van hom= self op die onpersoonlike "omstandighede". Dit dui ook op dinge buite hom waaraan hy niks kan doen nie. Dit dui ook op onseker= heid in homself en wat van buite homself verwag kan word. Dit mag ook dui op sy onsekerheid oor die operasie en wat dit sal bepaal, naamlik of hy vrou sal word, dit wat hy begeer en of hy man sal bly. |

<u>Opsomming</u>

'n Mate van spanning en angs in nuwe situasies kom na vore. Dit mag wees omdat hy verdedig teen emosionele betrokken= heid of omdat hy onseker van homself is.

Opstand kom na vore veral teen die eise wat aan hom as

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

man gestel word. Dit mag wees as gevolg van vae iden= tifikasie met die ouers en gevolglik swak geslagsrol= identifikasie.

Hy is baie onseker van homself. Hy hanteer eise op 'n passiewe onttrekkende wyse. Kom nie aktief nader nie alhoewel soms daardie indruk skep deur op 'n pseudo-intellektuele wyse dit te hanteer. Omdat hy nie overt uiting aan sy opstand kan gee nie en in onvermoë bly om die eise suksesvol te hanteer, probeer hy ontvlug daarvan. Distansieer dus van emosionele betrokkenheid.

Hy stel eise aan homself te hoog en sy aspirasiepeil is hoër as sy kreatiewe potensiaal. Hy probeer homself moontlik op so 'n manier bewys.

Hy wil egter nie aktief betrokke raak nie en ontvlug van diepe emosionele betrokkenheid. Raak depressief omdat hy bewus is van sy ontoereikende hantering daarvan. Hy plaas egter steeds die verantwoordelikheid weg van homself.

<u>Kaart 2</u>

2" "Dis 'n plaashuis .....eh....waar die man ploeg en werskaf in die lande en die vroue toekyk .....die vroue lyk maar bedroef, miskien weens droogte of soiets. Maar die ander vroue lyk vol hoop (wys na jong vrou), dat dit 'n goeie oes sal insamel."

<u>Ontleding</u>

Hy kom tot 'n mate teen die emosionele betrokkenheid wat op die kaart van hom vereis word, in opstand. Hy distan= sieer daarvan deur dit op 'n konkrete wyse te hanteer en sodoende die angs wat dit opwek, te kanaliseer.

Dis ook asof hy nie die man wil raaksien nie maar is tog onweerstaanbaar tot hom aangetrokke. Dit wek 'n mate van spanning, moontlik as gevolg van sy eie problematiek. Die man is egter aktief in teenstelling met die passiewe vroue= figure. Dit mag wees hoe hy die onderskeie rolle inter= preteer asook sy eie onvermoë om aktief in die manlike rol te wees.

Tot 'n mate is hy onseker oor die rol van die vrou. Dit

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

mag lei tot depressie omrede hy met die vrou identifiseer maar onseker van homself in sy vroulike rolsvertolking is.

Die "droogte" waarvan hy praat mag 'n emosionele droogte in die gesinsverhoudings openbaar. Daar was dus moont= lik nie stimuli aanwesig vir emosionele betrokkenheid nie. Dit mag dan gelei het tot sy distansieering van emosionele betrokkenheid.

Hy maak egter van wensvervulling gebruik. Hy identifiseer met die jonger vrou as hy 'n toekomsverwagting sien. "Sy is vol hoop dat dit 'n goeie oes sal insamel". Hy vestig dus sy hoop in die toekoms met die verwagting dat indien hy vrou word, sy funksionering ook sal verbeter. Hy is egter nie bereid om self alle verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar nie en stel homself afhanklik van dinge en mense buite hom.

Kaart 3 BM

8" "Lyk soos iemand wat baie moeg is vir die lewe en wat probeer selfmoord pleeg. Dis al / Wat het gebeur? / Miskien 'n liefdesteleurstelling."

Ontleding

Geslagsrolidentifikasieprobleme kom voor ("iemand"). Dit korreleer met hipotese alreeds gestel. Hierdie pro= blematiek mag egter aanleiding gee tot depressie en in= ternalisering van aggressie. Dit kan uitloop op 'n self= moordpoging indien hy nie 'n oplossing vir sy probleem vind nie.

Daar is ook 'n soeke na kontak, ("liefdesverhouding") fisies sowel as emosioneel. Dit is egter op die huidige oomblik gedoem tot mislukking omrede hy fisies man is en psigies vrou is. Hy is dus onseker van homself in die liefdesver= houding en daarom sal dit uitloop op teleurstelling. Ge= volglik moet hy onttrek van die emosionele betrokkenheid omdat dit angs opwek en sy behoeftes nie bevredig word nie.

Kaart 6BM (Moeder-seun)

7" "Lyk soos twee bekommerde ouers oor hulle seun of dogter of familielede, met die hoop dat die slegste nie gebeur nie. Dis al".

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ontleding

Hy kan glad nie as seun met die moeder identifiseer nie. Dit is moontlik bedreigend en voel angstig omdat hy 'n be= hoefte het om die rol van die vader oor te neem (moontlik onopgeloste Oedipus-kompleks en kastrasievrees). Hy deel egter 'n emosionele gevoel met die moeder naamlik bekommer= nis, alhoewel dit ook 'n bedreiging van iewers af inhou.

Die rede hoekom hy nie met die seun identifiseer nie mag ook lê in die feit dat die moeder hom as seun verwerp het omrede sy graag 'n dogter wou gehad het.

Hy distansieer egter van die emosionele betrokkenheid deur dit "familielede" te maak. Met ander woorde weg van hom af.

"Met die hoop dat die slegste nie gebeur nie" mag dui op skuldgevoelens omdat hy die behoefte het om die vader se rol te vertolk. Mag dus dui op 'n kastrasievrees. Hy kan egter ook bewus wees van die feit dat hy nooit met sy moeder as seun sal kan identifiseer nie en dus hoop dat hy nie man bly nie maar na vrou verander word. Sodoende sal sy moeder hom nie verwerp nie en mag emosionele kontak versterk word. Iets waarna hy hunker.

Kaart 7GF (Moeder-dogter)

5" "Dis 'n moeder en haar dogter .... moeder het met die dogter gepraat, waaroor sy baie ongelukkig lyk. Dis al"

Ontleding

As dogter is identifikasie met die moeder gemakliker. Dit mag wees omdat die moeder graag 'n dogter wou gehad het. Tussen die moeder en die dogter is daar 'n gebondenheid asook emosionaliteit alhoewel dit hom nie heeltemal ge= lukkig stem nie. Iets haper dus nog in die verhouding.

Dit kan ook vanuit die huidige situasie verklaar word. Op die oomblik het hy reeds die rol van die vrou oorgeneem en dra klere soos 'n vrou. Sy liggaam is egter nog manlik. Hy het dus nog nie ten volle vrou geword nie en gevolglik is dit moontlik die stremmende faktor in sy verhouding met sy moeder as dogter.

92/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kaart 7BM (Vader-seun)

7" "Twee mans wat miskien 'n ernstige probleem of saak bespreek ..... Die een (wys jong seun) lyk asof hy teen die besluit is as wat die ander een voorgestel het. Dis al"

Ontleding

'n Baie swak vader-seun verhouding het voorgekom. Dit kan ook verband hou met die kliniese geskiedenis en die af=wesigheid van die vader vir lang tydperke. Sodoende is identifikasie met die vaderfiguur bemoeilik, alhoewel dit tog tot 'n mate voorgekom het. Emosioneel bly hulle egter op 'n afstand. Hy kan egter op subtiele wyse uiting gee aan sy aggressie teenoor die gesagsfiguur.

Daar is egter 'n redelike groot onsekerheid van wat van albei verwag word, moontlik omdat hy so onseker oor die manlike rol is. Opstand teen die vaderfiguur is ook moontlik omdat die identifikasieproses nie suksesvol deur=werk is nie.

Kaart 6 GF (Vader-dogter)

6" "Dis 'n man wat opgekom het na 'n vrou. Sy was verbaas om hom te sien. Dis al"

Ontleding

Hy kan nie as dogter met die vader hier identifiseer nie, en hy bly tot 'n mate van emosionele betrokkenheid gedistan=sieer. Dit is asof hy onseker is wat om te verwag.

Dit kan ook verklaar word vanuit sy kliniese geskiedenis. Vanweë die feit dat sy vader al oorlede is, is dit vir hom onmoontlik om as dogter met die vader te identifiseer.

Gevolglik sal hy dit eerder as 'n psigoseksuele verhouding interpreteer. Hy bly egter ook dan onseker van homself en wat verwag word van mekaar. Hy identifiseer egter hier met die vrou.

Kaart 13MF

7" "Dis 'n man wat lyk of sy vrou oorlede is. Dis al / Wat gaan gebeur? / Hy sal die ander familie in kennis

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moet stel / Hoe voel hy? / Hy voel baie hartseer".

Ontleding

As man distansieer hy geheel en al van 'n psigoseksuele verhouding met 'n vrou. As vrou kan hy ook nie op psigo= seksuele vlak funksioneer nie. Moontlik omdat hy nog te onseker van homself is. Hy vertolk reeds die sosiale rol van die vrou alhoewel hy nog oor die fisiese liggaam van 'n man beskik. Moontlik daarom is hy ook so aggressief teenoor die vrou.

Hy distansieer totaal en al van enige emosionele betrok= kenheid. Dit kan egter verklaar word vanuit sy geslags= rolproblematiek en huidige dillema.

Hy word egter depressief omdat hy in onvermoë is om die situasie te hanteer sowel as die feit dat sy behoeftes aan kontak nie bevredig kan word nie.

Kaart 8BM

7" (frons)...."Lyk soos 'n man wat 'n ander man se maag oop= sny en die een staan en waghou in geval iets gebeur / Wat gaan gebeur? / Tronkstraf of 'n aanklag van moord teenoor die persoon / Hoe voel hulle? / Baie wreed ...hulle lyk baie wreed."


Ontleding


Hy is baie onseker van homself moontlik omdat hy so emosio= neel betrokke op die kaart geword het. Hy rig ook gewel= dig baie aggressie op die man moontlik omdat hy so in op= stand is teen die manlike rol. Dit mag ook met die geslags= veranderingsoperasie in verband gebring word en skuldge= voelens wat hy daaroor openbaar. Hy het 'n behoefte om sy manlikheid weg te hê maar voel skuldig daaroor omdat hy sy aggressie so uitleef.

Opsomming

Spanning en angs is aanwesig in nuwe situasies. Hy raak nie impulsief daarby betrokke nie, maar hou dit eers op 'n afstand. Struktureer dit eers voordat hy daarby be= trokke raak.

Opstand kom na vore teen die eise wat aan hom as man ge= stel word. Hy wil nie as man aan die eise voldoen nie.





UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Identifikasieprobleme het voorgekom. Hy kon nie met die moeder as seun identifiseer nie omrede sy 'n dogter wou hê. Gevolglik verwerp sy hom en hou hom emosioneel op 'n afstand. Met die vader het vae identifikasie plaas= gevind omrede hy baie weg was en afwesig op emosionele vlak is. Gevolglik ondervind hy geslagsrolprobleme. Hy bly dus ook in onvermoë om as man aan die eise wat gestel word, te voldoen.

Sy aspirasiepeil is hoër as sy kreatiewe potensiaal. Dis egter nie noodwendig negatief nie en mag dui daarop dat hy homself wil bewys.

Skuldgevoelens mag egter aanwesig wees as hy voel dat sy manlikheid hom ontneem gaan word. Hy is onseker van of dit reg is om aggressief teenoor sy manlike liggaam te wees. Hy is egter ook onseker van homself in die vertolking van die vroulike rol. Hy voel egter dis die enigste manier om goedkeuring en emosionele betrokkenheid van die moeder te wen.

'n Mate van depressie kan voorkom indien hy in onvermoë bly om sy aggressie te hanteer. Hy internaliseer dit eer= der as om dit suksesvol na buite uit te leef.

Wensvervulling en fantasie kom voor. Dit dui daarop dat hy distansieer van intieme emosionele betrokkenheid en dit eerder op 'n pseudo-intellektuele wyse benader. Sodoende wek dit ook minder spanning en gee aan hom die idee dat hy dit suksesvol opgelos het.

## 5 <u>Die Teken-'n-mens Toets : Protokol en ontleding</u>

In hierdie toets blyk dit dat sy tekeninge baie infantiel is en mag dui op onvolwassenheid.

Daar is aanduidings van 'n swak liggaamsbeeld - die arms en bene is net aanhangsels van die liggaam. Dit mag ook sy algemene houding teenoor sy eie liggaam weerspieël.

Die hande by die man en die vrou is uitgestrek so asof dit vashouplek of kontak met die buitewêreld soek.

As man het die pasiënt egter nog 'n mate van sekuriteit en staanplek in die wêreld (teken vir hom voete). As vrou is dit egter nie moontlik nie. Dit dui ook op onsekerheid

95/.....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in homself om as vrou te funksioneer. Moontlik omrede hy nog oor fisiese manlike aspekte beskik.

Die vrou se kop is net so groot soos haar lyf geteken. Volgens Machover dui dit daarop dat hy na bevrediging van sosiale behoeftes soek. Met ander woorde om deur ander aanvaar te word en beter interpersoonlike verhoudings aan te knoop. Dit mag egter ook so geteken wees omdat hy ver= dedig teen die liggaamsbehoeftes - veral moontlik seksuele behoeftes wat aandring op bevrediging.

Die beklemtoning van die vrou se hare dui op 'n fisiese kontakbehoefte asook sensuele behoeftes wat hy sien alleen= lik bevredig kan word indien hy vrou is. (Tydens die onder= houd dra hy dan ook 'n groot vroue pruik. Hy wil dus uiter= lik aan die rol van die vrou voldoen en soek so na aanvaar= ding).

Baie belangrik op die twee tekeninge is die weglaat van die geslagsorgane. Dit is net openinge wat daar gelaat is. Dit mag dui op geslagsrolproblematiek soos reeds ook deur die vorige toetse bevestig.

By die man is daar 'n uitstulping aan die linkerkant wat weer afgesny is. Dit mag dui op die falliese simbool wat vir hom as man onaanvaarbaar is, en wat hy wil weg hê. Deur middel van 'n operasie is dit egter moontlik om dit te laat verwyder.


Hy kan glad nie so ver kom om homself te teken, ten spyte van aanmoediging nie. Hy sê net: Ek kan nie myself teken nie. Hoe kan ek myself teken. Ek's nie goed met skets nie."

Dit dui op sy geweldige onsekerheid van homself en sy identiteit. Dit is ook 'n weerstand teen die manifestasie van identifikasieprobleme van die seksrol of selfbeeld. (Deels omrede hy nog die fisiese liggaam van 'n man het, maar reeds die sosiale rol van die vrou ten volle oorge= neem het). Die manlike en vroulike verskille is hier nie so prominent nie omdat dit oa toereikende intelligensie

96/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Naam/Name: .................................................. Datum/Date: ..................................



AANWYSINGS: In die vierkante is daar tekeninge begin wat u moet voltooi. Teken wat u na aanleiding daarvan te binne skiet. Dit kom nie op u tekenbegaafdheid aan nie. Gebruik slegs potlood, geen lineaal of passer nie. Moet nie uitvee nie. Beantwoord asseblief ten slotte die onderstaande vrae:

DIRECTIONS: In the squares there are drawings to be completed by you. Draw anything that comes to your mind as a result thereof. It is not a matter of drawing efficiency. Use only a pencil, no ruler or other utensils. Do not rub out. After completion, kindly answer the following questions:

.at word deur die tekeninge voorgestel/What is represented by the drawings?

1. Venster Raam
2. Volle Venster met Klein [illegible] op linkerhand
3. Lyne wat
4. 'n Tent met vensters aan linkerkant
5. Die Beweging
6. —
7. —
8. Die Maan wat opkom [illegible]

Watter tekeninge beskou u as die mees geslaagde/Which drawing do you deem most successful? Venster Raam

Watter die mins geslaagd/Which one the least successful? Die Beweging

V & R. PTA.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vereis om die subtiele nuanses in die sosiale omgewing te onderskei.

6 <u>Wartegg : Protokol en ontleding</u>

Hy verdedig geweldig teen die emosionele betrokkenheid op hierdie toets moontlik omdat dit spanning en angs veroor= saak.

Soos by die Rorschach is 'n mate van konstriksie en rigi= diteit ook op die voorgrond as gevolg van sy verdediging teen emosionele betrokkenheid.

Hy het ook 'n behoefte aan isolasie, naamlik om tóe te maak. Ander moet dus nie naby hom kom nie, dit mag wees as gevolg van sy vrees vir emosionele kontak maar ook om= dat hy onseker van homself is.

Die hele toets dui egter op 'n ernstige versteuring met be= trekking tot die emosionele belewenis van die stimuli asook 'n onvermoë om hegte emosionele bande met ander mense te vorm. "It may also be indicative of contempt or hostili= ty for people in general, or for the bodily self" (Kinget, p62).

Dit mag egter verband hou met sy behoefte om vrou te wees, en onaanvaarbaarheid van sy manlike liggaam. Daarom kan hy nie emosioneel met ander betrokke raak nie as gevolg van sy eie onsekere geslagsrol. Die diefwering mag dus dui op sy gebondenheid en vasgevangenheid van die vrou in hom, in sy manlike liggaam. Hy wil nie man wees nie maar voel hulpeloos om self iets daaromtrent te doen.

Die versteurde algemene respons op die toetsstimuli hou moontlik verband met sy lae intelligensie en rigiditeit. Dit sentreer ook hier om <u>vensters</u> (waardeur jy kan "uitkyk" en ander kan "inkyk") en <u>tralies</u>, as simbole van bekamping of inperking van sy uitlewing as mens en van sy geslagsrol.

7 <u>Integrasie van die kliniese geskiedenis en toetsresultate</u>

Die pasiënt se biologiese geslag is manlik en hy wil deur middel van 'n chirurgiese ingryping na 'n vrou verander

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word. Tydens die onderhoud is hy soos 'n vrou gekleed met 'n groot pruik op en effens oormatige grimering.

Sy moeder wou aanvanklik toe sy die pasiënt verwag het, 'n dogter gehad het. Hy is egter gebore en sy het hom in dogtersklere grootgemaak, moontlik ook vanuit praktiese en finansiële oorwegings.

Sy vader was meestal weg van die huis en die pasiënt het hom as kind baie gemis.

Hy het reeds lankal die gevoel in homself ervaar dat hy anders is en sê ook tydens die onderhoud "ek is 'n vrou".

Hy is ook reeds werksaam as 'n vrou en leef die rol van 'n vrou uit behalwe op seksuele gebied aangesien dit nog steeds moeilik is om sy manlike liggaam te aanvaar.

Sy verstandsvermoë word op ondergemiddeld geskat omdat overte angs sy prestasie op die Wechsler moontlik nadelig beïnvloed het, en dit nie as 'n werklike weergawe van sy potensiaal beskou kan word nie. 'n Swak selfbeeld word hier opgemerk, soos tewens ook uit die ander projeksieteg= nieke blyk.

Daar is baie angs en spanning aanwesig veral met betrekking tot nuwe situasies. Hy mag soms neig om impulsief daarop te reageer of soms probeer om dit op rigiede wyse te struk= tureer voordat hy daarby betrokke raak.

Swak tussen-persoonlike verhoudings kom na vore, moontlik as gevolg van swak identifikasie met die ouerfigure.

Die moeder het identifikasie bemoeilik omrede sy hom as seun verwerp en hom eers emosioneel sal aanvaar indien hy "dogter" word. Die vader is 'n afwesige, koue persoon wat ook nie die identifikasieproses in terme van sy seun positief aangehelp het nie.

Dit lei daartoe dat die pasiënt geslagsrolidentifikasie= probleme openbaar met opstand teen die eise wat aan hom in in die manlike rol gestel word. Hy wil dan ook sy manlik= heid verwyder hê (dit "afsny" soos op die DAP duidelik blyk)

Geslagtelikheid asook die onderskeie manlike en vroulike rolle is nog vir hom problematies omdat hy ook onseker is

98/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wat van hom as vrou verwag sal word en hoe hy sulke situasies moet hanteer.

Hy verdedig op rigiede wyse teen emosionele betrokkenheid in interpersoonlike situasies omrede dit vir hom bedreigend is as gevolg van sy eie onsekerheid in homself. Konstrik=sie mag voorkom.

Sy aspirasiepeil is heelwat hoër as sy kreatiewe potensiaal maar dit kan verklaar word in die lig van die feit dat hy hom wil bewys as vrou aan ander sowel as aan homself.

Hy mag soms probleme ondervind om realiteit soos ander waar te neem. Dit kan egter gesien word in die lig van sy huidige situasie (naamlik dat hy vrou wil word) en op=standig voel teenoor die eise wat aan hom as 'n biologiese man gestel word. Iets waaraan hy nie wil voldoen nie om=rede hy geestelik soos 'n vrou voel en dit ook fisies wil word. Hy voel dus met ander woorde sy vroulike siel is vasgevang in 'n manlike liggaam (daarom ook die tralies by die Warteggtoets.) Dit kan ook verband hou met sy lae intelligensie.

Depressiewe gevoelens kan egter voorkom indien hy nie sy aggressie suksesvol kan uitleef nie, en dit moet internali=seer. Hy mag ook soms van fantasie, wensvervulling en pseudo-intellektualisasie gebruik maak eerder as om aktief en emosioneel betrokke te raak by sy probleem en interper=soonlike verhoudinge. Dis 'n magiese oplossing en hy kom dus nie werklik tot 'n goed geïntegreerde oplossing nie.

## GEVALLESTUDIE C

1 Beskrywing van die kliniese geskiedenis na aanleiding van die gestruktureerde onderhoud.

Die pasiënt se biologiese geslag is manlik. Hy doen ook aansoek om na 'n vrou verander te word. Tydens die onder=houd is hy soos 'n vrou geklee en kom baie smaakvol voor. Hy is ook baie fyn gebou, net soos 'n vrou.

Hy is een van twee kinders, waarvan hy die oudste en sy

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

broer die jongste is. Hy is 26 jaar oud. Sy ouers is geskei toe hy ± 3 jaar oud was.

Sy vader het blykbaar sy moeder mishandel alhoewel hy sê dat sy vader saggeaard was.

Van sy moeder sê hy die volgende: "Sy's geneig om haarself 'n bietjie jammer te kry. Sy voel partykeer "she isn't wanted". Sy is baie fyngevoelig, saggeaard en somtyds ongeduldig".

Hy het St 8 op 'n Tegniese Hoërskool behaal, maar het ge=sukkel met die tegniese vakke. Hy het egter baie van skool gehou. Na skool het hy in die poskantoor begin werk.

Sy vriende was meestal meisies en hy het reeds van kleins=af soos 'n dogtertjie gevoel. Hy het ook nooit aan hom=self as man gedink nie, maar wel as 'n meisie. Sy ouma het hom as baba dogtersklere aangetrek omdat hy so 'n fyn baba was. Hy onthou ook in baie fyn detail die dog=tersklere wat hy gedra het. Sy broer was egter sy oupa se seun maar hy was altyd sy ma en sy ouma se kind.

Die kinders het hom gespot omrede hy middae dogtersklere aangetrek het en met poppe gespeel het. Hy wou ook nooit die pa in die huis-huis speletjies wees nie. Tussen vrouens het hy tuis gevoel maar nooit tussen mans nie. Sy stokperdjies is hekel, lees en brei.

Van homself sê hy: "Ek is saggeaard, in 'n mate nogal baie soos my ma, maar hy het haar nog nooit probeer nadoen nie. Sy's vir my nie meer die beeld van absolute vroulikheid nie." Hy sê ook hy sal baie vrouliker as sy ma wees na die operasie. Hy kom goed met mense oor die weg en is ook baie lief om nuwe mense te ontmoet.

Oor sy eie liggaam sê hy dat hy voel dis 'n aangebore feit dat hy 'n transseksualis is, omdat hy sy eie fisiese liggaam soos 'n vrou aanvaar behalwe "net een voorwerp wat nie daarby inpas nie."

Sy drie wense is dan ook:

- Dat ek 'n vrou sal wees
- Geluk oor die algemeen
- Geld.

100/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ten opsigte van sy toekomsverwagting blyk dit dat hy nie kans sien om weer soos 'n man te lewe indien die operasie afgekeur word nie. Sodra die operasie wel gedoen is, wil hy nog sy huidige werk doen en dan ander werk soek en 'n "career woman" word.

2 Wechsler : Protokol en ontleding

| Verbaal | RT | GT | Prakties | RT | GT |
|---|---|---|---|---|---|
| Inligting | 12 | $9,5^{0}$ | Prentvoltooiing | 13 | $11,0^{+}$ |
| Alg begrip | 12 | $10,5^{+}$ | Voorwerpsame=voeging | 17 | $9,0^{0}$ |
| Rekenkunde | 2 | $5,5^{--}$ | Blokpatrone | 13 | $7,0^{-}$ |
| Syferherhaling | 8 | $7,5^{-}$ | Syfersimbool | 28 | $8,0^{0}$ |
| Ooreenkomste | 13 | $9,0^{0}$ | Prentrangskik=king | 16 | $13,0^{++}$ |
| Verbale telling | | 42,0 | Praktiese telling | | 48,0 |
| Verbale St punt | | 84 | Praktiese St punt | | 96 |
| Korreksiesyfer | | 0 | Korreksiesyfer | | 0 |
| Verbale IK | | 84 | Praktiese IK | | 96 |

TOTALE IK = 90

Verbale IK = 84
Nie-verbale IK = 96
Totale IK = 90

Die omvang is 5,5 tot 13,0. Die mediaan van al 10 sub=toetse in hierdie geval is 9,0. (Die subtoetsstrooiing is op grond van die mediaan bereken).

Ontleding

Hy presteer met 'n IK van 90 wat as gemiddeld of normaal beskou kan word. Geen bisarre response of psigotiese gedrag het tydens die toetsing na vore gekom nie.

Hier is aanduidings van histeriese tendense alhoewel dit nie as diagnose gestel kan word nie.

Die lae telling op Rekenkunde is as gevolg van die feit dat hy nie probeer het nie; en nie as gevolg van swak

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aandag en konsentrasie nie. Lae tellings op blokpatrone en syfersimboolvervanging mag dui op 'n mate van depres=sie of angs. Die angsdriehoek dui wel 'n funksionele belemmering as gevolg van angs aan.

Geen spesifieke diagnose kan egter op grond van bogenoemde gemaak word nie.

3 Rorschach : Protokol en ontleding

(a) Rorschach-protokol

(?) Stel 'n vraag gedurende die onderhoud.

| Respons | Navraag | Determinante |
|---|---|---|
| Kaart I | | |
| 1 19" Hierdie kaart lyk soos die modelpoppe wat mens ge=bruik as jy klere wil maak. | (?) Middel. Die lyfie, die middel=lyn en heupe en die ronde pyp van die voetstuk. (?) Nie op die oom=blik klere aan nie. Daai kan egter 'n jas of 'n rok wees met 'n beltjie aan en 'n blink "buckle" (wys, dui ook tek=stuur aan). | W F,Fc Obj |
| 2 Die lyk soos 2 mans met togas aan wat so in die wind waai. | (?) Die kante (wys) So reguit staan met togas wat so in die wind waai. | D M,m H |
| Kaart II | | |
| 1 15" Lyk soos 2 af bene. Bloed loop daaruit. | (?) Die rooi gloed hier onder. | D CF,m Bloed |
| 2 Twee perdjies | (?) Die pootjies en koppe. Lyk of hulle op hulle agterpoot=jies staan en hulle voorpote in die lug hou. | D FM A |
| 3 Hierdie is twee goed wat lyk of hulle so hande teen mekaar hou | (?) Die vorm | D M (H) |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| Respons | Navraag | Determinante |
|---|---|---|
| <u>Kaart III</u> | | |
| 1 5" Lyk soos 2 bantoemeide wat pap gaarmaak Staan om 'n driepootpotjie. | (?) Die boude en die borste en omdat dit 'n pot is hier=die. | W M H P |
| 2 Lyk soos 'n bobbejaan daar (wys linkerkant bo). Lyk of hy sy tong uit=steek. | (?) Hand en gesig en hy "swing" so rond en daar is sy ander handjie | D FM A |
| 3 Hierdie lyk soos 'n see=perdjie (reg=terkant bo) | (?) Die vorm van die koppie (?) Onderstebo | D F' A |
| 4 Lyk soos 'n strik. | (?) Die vorm van die kante en die middel asook die kleur. 'n Rooi strik. | D FC Obj P |
| <u>KAART IV</u> | | |
| 1 40" Lyk soos 'n boom. Hier's die stam en daai 2 dik tak=ke wat daarbo uitstaan en die kan sulke digte lower wees ... blare en so aan | (?) Hierdie don=ker en dit lyk soos takke. | W F,FC' Nat |
| 2 Kan ook 'n groot voël wees wat eintlik so staan. Vlerke so wyd uit=staan of daai kan vlerke wees en hierdie 'n jas wat hy so bo-oor sy skouers aan het. | (?) Snawel en sy vlerke, die op=slaankraag en die toga wat oor hom hang. | W FM A→H |
| <u>Kaart V</u> | | |
| 12" Lyk soos 'n vlermuis of 'n vampier | (?) Voelers, kop, lyfie, pootjies en vlerke (?) Sy rugkant asof hy in 'n mate so kan vlieg (wys) | W FM A P |

103/.......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


| Respons | Navraag | Determinante |
|---|---|---|
| Kaart VI | | |
| 10" Soos wanneer 'n mens 'n baber sou oopsny, voor mens dit sou gaarmaak Die rugstring, stert en kante. | (?) Die hele kaart. | W F A |
| Kaart VII | | |
| 1 8" Lyk soos mom=bakkiese | (?) Middelgedeelte. | D F Obj |
| 2 Lyk soos speel=goedjies. Die gesiggies van beertjies - op=wenspeelgoedjies | (?) Die manier wat die lyfies is, nie defnitiewe bene of voete nie. Gee idee dat hulle so sal wieg. | D F Obj |
| Kaart VIII | | |
| 1 9" Soos 2 bere die. | (?) Of hulle al=twee besig om te klim. | D FM A P |
| 2 Kan nie uitmaak wat hierdie is nie. Kan 'n blaar wees. | (?) Gee effek van 'n geskeurde soort blaar. Van die rugstring van die blaar afgeskeur. | D F Nat |
| Kaart IX | | |
| 10" Lyk soos twee wolwe hierdie. | (?) Die groen ge=deelte. Die lang neuse en oog. (?) Net die gesig van die wolwe. Lyk asof hulle na hierdie goed hap. | D FM A |
| Kaart X | | |
| 1 11" Mooi prentjie die van seeperd=jies. | (?) Die kleure, dis vreeslik mooi. | W F,FCdes A |
| 2 Seekat | (?) Net die vorm. | D F A |
| 3 Krap | (?) Die dop en bene daars 'n knyper - net die vorm. | D F A P |
| 4 Seeplante | (?) Die vorm en die kleur daarvan. | D FC Nat |
| | | (Vervolg)/.... |

104/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| Respons | Navraag | Determinante |
|---|---|---|
| Kaart X (Vervolg) | | |
| 5 Verskillende vissies en so aan | (?) Soos "angel"-vissies, die geles. | D FM,FC A |
| | Hulle beweeg, ook die seeperdjies. Kry die idee dat dit lê nie, dit beweeg. | D FM A |

(b) Die Psigogram




R = 24
W = 7
D = 17
d = 0
S = 0
P = 5

(c) Kwantitatiewe ontleding

(i) Proporsies wat verband hou met die innerlike bronne en impulslewe

(aa) FM:M = 8:3

Daar is behoeftes by hom aanwesig wat aan=dring op onmiddellike bevrediging eerder as die daarstelling van langtermyndoelwitte. Dis egter nie noodwendig aanduidend van on=volwassenheid en impulsiwiteit nie. Dit mag egter wel dui op 'n preokkupasie van ego=sentriese behoeftes alhoewel dit nie overt

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

in impulsiewe gedrag sal manifesteer nie.

(bb) M:FM+m = 3:9

Daar is geweldige spanning aanwesig en dis moontlik dat hy nie altyd sy innerlike bronne sal kan gebruik om alledaagse probleme op te los nie.

(ii) Proporsies wat verband hou met die affeksionele behoefte

(aa) F:FK+Fc = 10:1

Die behoefte aan affeksie word onderdruk, gerepresseer en ontken. Dit mag wees as gevolg van verwerpingsgevoelens op 'n vroeë stadium in sy persoonlikheidsontwikkeling. Dit mag ook onaanvaarbaarheid van die affeksionele behoefte aandui en min emosionele betrokkenheid in interpersoonlike verhoudings. Dit sal egter nie noodwendig 'n remmende invloed op sy persoonlikheid hê nie.

(bb) Fc+c+C':FC+CF+C = 2:4

Sy affeksionele behoeftes beïnvloed nie die natuurlike responsiwiteit ten opsigte van emosionele situasies en interaksie op sosiale omgewing nie.

(iii) Proporsies wat verband hou met konstriktiewe kontrole

(aa) F% = 41%

Hy kan sy wêreld op 'n onpersoonlike wyse benader en dit is 'n aanduiding van gekontroleerde aanpassing. Hy kan dus somtyds onpersoonlik wees en nie noodwendig egosentriese behoeftes bevredig nie. Hy sal dus nie sterk emosioneel op emosionele stimuli reageer nie.

(bb) (FK+F+Fc)% = 45%

Hy is nie rigied met betrekking tot egokonstriksie nie en dus ook buigbaar in sy kontrolering van emosies.

106/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(iv) <u>Proporsies wat verband hou met die emosionele reaktiwiteit teenoor die omgewing</u>

(aa) <u>FC:CF+C = 3:1</u>

Daar is kontrole oor die impulsiewe uit=lewing van emosionaliteit en hy kan met gevoel en handeling deelneem, asook 'n werklike diep gevoel vir emosionele impak ontwikkel. Hy is dus nie oorgekontroleer nie en ook nie oppervlakkig nie.

(bb) <u>Som C = 2</u>

Dit lyk asof daar tog 'n mate van min res=ponsiwiteit ten opsigte van omgewingsin=vloede is. Dit mag wees as gevolg van verdediging teen te veel emosionele betrok=kenheid.

(cc) <u>VIII, IX en X % = 35%</u>

Normale responsiwiteit ten opsigte van emo=sioneel gekleurde stimuli kom voor.

(v) <u>Proporsies wat verband hou met die intellektuele benadering</u>

(aa) <u>W% = 30%</u>

Hy beskik oor 'n organisatoriese belangstel=ling en aanleg. Hy stel belang in die dinge wat ook 'n geheel kan vorm en die af=sonderlike gedeeltes van sy ervaringe in geheel beskou. Dit is aanduidend van ge=middelde intellektuele vermoëns asook om die wêreld om hom soos ander waar te neem.

(bb) <u>W:M = 7:3</u>

Hy beskik oor die kreatiewe potensiaal om dinge te bereik wat hy daarstel en sy aspi=rasies is nie te hoog vir die kreatiewe po=tensiaal tot sy beskikking nie.

(cc) <u>D = 70%</u>

Hy toon 'n belangstelling daarin om voort=durend dinge te differensieer met relatief

107/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



min belangstelling in die integrasie daarvan. Dit dui op algemene alledaagse benutting van sy intelligensie sonder die behoefte om verbandhoudende dinge uit te soek.

(dd) d = 0%

Hy toon geen belangstelling in die klein dingetjies wat ervaar word nie. Dit val egter binne die normale perke.

(ee) Aantal response R = 24

Sy aantal response val binne die gemiddelde perke en hy staan entoesiasties ten opsigte van sy wêreld en kan die dinge om hom maklik waarneem.

(ff) Aantal populêre response P = 5

Hy neem die wêreld om hom soos ander waar sonder om te veel klem te lê op hoe ander dalk verwag dit moet wees.

(vi) Proporsies wat verband hou met die introversiewe ekstratensiewe balans

(aa) M:Som C = 3:2

Daar is 'n introversiewe neiging by hom aanwesig alhoewel dit nie uitermatig is nie. Dit blyk egter nog binne die normale perke te wees en hou verband met sy onbetrokkenheid, veral in emosioneel-gelaaide situasies.

(bb) FM+m:Fc+c+C' = 9:1

Dit dui op 'n sterk introversiewe tendens wat nog kan ontwikkel, met ander woorde potensiaal wat in hom aanwesig is. Dit versterk dus die hipotese wat reeds gemaak is en wat as gevolg van geslagsrolprobleme juis so kan aangehelp wees weens omstandighede.

(d) Kwalitatiewe ontleding

Kaart I

Hy neem 19" voordat hy op die kaart reageer. Dit

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dui op gespannenheid in 'n nuwe situasie en hy poog om eers sekuriteit te verkry en tyd te wen voordat hy daarmee aangaan. Hy stel dus uit om aan die eise te voldoen.

Die "modelpoppe" mag 'n indikasie wees van hoe hy homself as vrou wil sien. 'n Modelpop - iets waar= aan ander gemeet word, met ander woorde beter as ander. Dit mag ook verband hou met hoe hy homself as vrou met sy moeder vergelyk. Hy sê dan ook"ek is meer vroulik as sy". Na die operasie kan ander ook na sy standaarde van vroulikheid gemeet word. 'n Modelpop is ook iets wat uitstaan - ten toon gestel word - dit dui ook moontlik daarop dat hy sy vroulik= heid ten toon wil stel. Dis ook leweloos en weer werklike emosionele betrokkenheid af. Hy besef dat hy nie 'n ware vrou in elke sin van die woord sal kan wees nie. Solank hy egter net die fisiese liggaam van 'n vrou het, stel dit hom tevrede.

Die verwysing na "mens" mag dui op geslagsrolprobleme wat aanwesig is en ook problematiek met betrekking tot geslagsrolaanvaarding. Hy kies dus hier die middeweg, die geslagslose sodat angs verminder is. Dit mag ook verklaar word in die lig van die feit dat hy fisies manlik is maar reeds psigies en op sosiale vlak die rol van die vrou aanvaar en vertolk. Hy is dus nie werklik een van die twee nie, alleen= lik maar "mens", geslagsloos, sonder identiteit.

Ambivalensie met betrekking tot manlikheid en vrou= likheid kom voor. Hy lê veral klem op vroulike as= pekte, byvoorbeeld "buckle", asook die manlike fal= liese simbool (rondepyp voetstuk). Dit mag dui op 'n verwarring ten opsigte van seksualiteit.

Hy raak egter geweldig gespanne sodat hy dit amper nie kan hanteer nie - "die togas wat in die wind waai". 'n Toga kan ook die geslagtelikheid of lig= gaam van die man verberg. Hy kan met ander woorde

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daaragter skuil. Die toemaak van sy manlike eienskappe wek egter 'n groot mate van spanning.

Dit kan ook verband hou met sy lewe op die huidige oomblik. Fisies is hy nog man maar verberg dit onder dameskleredrag. Dit wek spanning omdat hy nie volwaardig vrou is nie asook vrees dat iemand dit sal ontdek.

Kaart II

Op hierdie kaart wat veral emosionele betrokkenheid aanhelp is daar tot 'n mate "acting-out" op 'n ongekontrolleerde wyse. Hy neem dan redelik lank voordat hy daarop reageer wat dui op die "impact" of trefkrag wat dit op hom gehad het.

Hy kontroleer egter weer gou sy emosies en hanteer dit dan eerstens op 'n onvolwasse wyse. Soos hy meer sekerheid in die situasie verkry, hanteer hy dit op 'n meer volwasse wyse. Dis ook of hy vashouplek soek as gevolg van sy onsekerheidsgevoelens wat emosionele betrokkenheid uitlok. Dis eers afwerend en dan stuttend, eers gedistansieer, maar dan weer naby.

Hy sal dus eers in 'n emosioneel-gelaaide situasie ongekontroleer optree dan tot 'n mate onttrek en op die verdediging wees. Sodoende vind hy sekuriteit en kan dit dan beter hanteer. 'n Mate van opstand is egter ook aanwesig in interpersoonlike affektiewe situasies omdat hy voel hy word gedwing tot emosionele betrokkenheid.

Daar is ook 'n katastrofiese reaksie aanwesig wat kan dui op kastrasie-vrees veral waar hy die klem op "af bene" en "bloed" laat val. Dit kan egter ook angs vir emosionele betrokkenheid laat ontstaan.

Kaart III

Hy is onmiddellik op interpersoonlike vlak betrokke veral in 'n helpende hoedanigheid. Dit dui op samewerking en redelike goeie interpersoonlike verhoudings. Realiteitstoetsing is goed en hy kan die

110/.....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wêreld om hom soos ander waarneem. Hy kontroleer ook die emosioneel-gelaaide stimuli en is tot 'n mate humoristies, en kan ook die snaakse in die wêreld raaksien ("tong uitsteek"). Mag dui op sub= tiele uitlewing van aggressie deur op kinderlike wyse spot te dryf met ander.

Kaart IV

Hy neem geweldig lank voordat hy op hierdie kaart reageer. Dit mag wees as gevolg van opstand, 'n soeke na leiding en sekuriteit of om angs wat dit opwek te beheer.

Dit mag dui op identifikasieprobleme wat hy met die vaderfiguur kan ondervind het. (Dit word ook in die kliniese geskiedenis gestaaf).

Affeksionele behoeftes is aanwesig, maar hy moet voortdurend daarteen skerm en dit probeer afweer om= rede dit te bedreigend is. Hy besef ook dat dit 'n behoefte is wat nie bevredig sal word nie.

Hy kan egter met die manlike in die kaart identifi= seer alhoewel dit bedreigend is en ook onder 'n toga weggesteek moet word.

Dit is dus ten opsigte van die vaderfiguur bedreig= end om met die manlike te identifiseer en moet hy dit toemaak. Dit mag dus as versterking van die hipotese op kaart I dien, nl dat sy fisies manlike liggaam vir hom onaanvaarbaar is. Hy moet dit eer= der wegsteek omdat hy nie seker van sy eie geslags= rol is nie.

Kaart V

Hy neem die wêreld om hom soos ander waar alhoewel dit ook 'n bedreigende element inhou. Dit mag ver= klaar word vanweë die feit dat hy nie werklik man of vrou is nie en gedurig in onsekerheid oor sy identi= teit is. Die onsekerheid hou spanning en bedreiging van alle kante in, indien iemand dit sou agterkom.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kaart VI

Hy hanteer seksualiteit op 'n orale vlak. Dit kan ook verband hou met sy huidige situasie. Met ander woorde hy kan nie as man ten volle uitlewing in sek= sualiteit verkry nie en ook nie as vrou nie, omdat hy nog oor die fisiese liggaam van 'n man beskik.

Die enigste manier wat hy dus moontlik aan seksuele drange uiting kan gee is op orale vlak wat ook nie die bedreiging van fisiese kontak inhou nie. Hy plaas weer klem op die "mens" (die geslagslose) wat dui op geslagrolproblematiek en 'n soeke na 'n eie identiteit.

Kaart VII

Op hierdie, die moederkaart, hanteer hy vroulikheid asof dit 'n "mombakkies" is. Met ander woorde ook iets waaragter mens kan wegkruip of skuil net soos in die geval van die "toga". Dit was dus vir hom moei= lik om met die moederfiguur te identifiseer omdat sy vir hom geslote was, sy het weggekruip agter haar vroulikheid, of ook omrede sy op emosionele vlak onbe= trokke by hom as seun was. Hy kan dus nooit by die werklike kern van vrouwees uitkom nie.

Hy het egter 'n intense behoefte aan affeksie en aan= vaarding deur die moeder, op 'n amper kinderlike wyse alhoewel dit tot 'n mate onderdruk word - "opwenbeer= tjies".

Dis iets wat iemand plesier verskaf, met ander woorde hy wil moontlik die moeder behaag. Dit is egter iets wat iemand eers moet opwen voordat dit plesier kan verskaf. Dit mag dus wees dat hy hom afhanklik stel van ander voordat hy die plesier wat dit sal verskaf, kan geniet.

Sodoende poog hy dan ook om meer vroulik as sy moeder te wees. Sy skuil agter 'n masker ("mombakkies") en mens kan nie by haar ware essensie uitkom nie. Hy wil egter die modelpop wees, iets waaraan ander ge= meet sal word in terme van vroulikheid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kaart VIII

Hy neem steeds die realiteit waar soos ander, alhoewel daar tog 'n tikkie onvolmaaktheid deurskemer - die "geskeurde blaar". Dit mag sy gevoelens jeens hom= self openbaar. Hy is nie geheel man of vrou nie, maar geskeur tussen die twee sonder 'n werklike iden= titeit.

Kaart IX

'n Mate van agressie kom in emosioneel-gelaaide situ= asies na vore. Hy poog om dit te hanteer en is in onvermoë om sy aggressie na buite te rig. Onderdruk dit en hanteer dit op 'n redelik goedgekontroleerde wyse.

Kaart X

Sodra hy sekerheid van homself en sekuriteit in emo= sioneel-gelaaide situasies kry, kan hy dit geniet en begin differensieer. Met ander woorde dinge nie net in geheel waarneem nie, maar onderskeid tref. Spanning kom egter weer op die lang duur na vore.

Opsomming

Dit blyk dat daar behoeftes by hom aanwesig is wat aandring op onmiddellike bevrediging en dat hy pro= bleme ondervind veral in die daarstelling van lang= termyndoelwitte. Egosentriese behoeftes mag op die voorgrond wees wat spanning kan veroorsaak.

Sy behoefte aan affeksie word onderdruk. Dit lei tot swak interpersoonlike verhoudinge. Dis egter nie so remmend dat hy nie natuurlik op emosionele stimuli kan reageer nie en hy kan dus die wêreld om hom soos ander waarneem. Hy sal nie ooremosioneel daarby betrokke raak nie en ook nie rigied in die kontrolering van sy emosies wees nie.

Sy aspirasiepeil is ook nie hoër as sy kreatiewe potensiaal nie.

Hy is meer introvertief geneig en het groter poten=

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



siaal daartoe te midde van sy spontane reaksies op emosionele stimuli.

Geslagsrolidentifikasieproblematiek kom duidelik voor. Hy het 'n behoefte om die manlike in hom te verberg. Hy wend 'n poging aan om met die vrou te identifiseer alhoewel dit nie ten volle slaag nie en spanning ver= oorsaak.

In 'n emosionele situasie mag daar eers ongekontro= leerdheid voorkom, maar namate hy meer sekerheid en sekuriteit in die situasie verkry, is sy hantering daarvan ook beter en meer gekontroleer.

Swak identifikasie met die vaderfiguur het voorgekom. Manlikheid word as bedreigend waargeneem en agter 'n toga verberg. Dit mag ook die oorsaak van sy huidige problematiek wees (die afwesige vaderfiguur wat ook deur die kliniese geskiedenis bevestig word). Hy het egter 'n geweldige behoefte aan affeksie veral met betrekking tot die vaderfiguur, maar hy moet hom daar= teen beskerm. Hy weet sy behoeftes gaan nie bevre= dig word nie, daarom weer hy dit af om emosioneel be= trokke te raak.

Ten opsigte van die moederfiguur kan hy ook nie die essensie van vrouwees verstaan nie. Hy ervaar dit as iets om mee te speel, ook 'n afhanklikheid wat dalk nooit deur die moederfiguur bevredig is nie. Die moeder was tot 'n mate onbetrokke en 'n hipotese van swak identifikasie met haar is dan ook gestel.

Seksualiteit beleef hy alleenlik op orale vlak. Die verklaring lê moontlik daarin dat hy nie 'n man of 'n vrou is nie en dus nie as sodanig normale seksuele bevrediging kan geniet nie. Op orale vlak is dit vir hom aanvaarbaar want sodoende weet ander nie van sy liggaamlike problematiek nie. Dit veroorsaak ook geen skuldgevoelens nie.

Hy plaas voortdurend klem op die geslagslose "mens" wat dui op die onsekerheid waarin hy verkeer. Hy soek na 'n eie identiteit maar tot dan is "mens"

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die mees aanvaarbare oplossing.

Aggressie kan in emosioneel-gelaaide situasies na vore kom, alhoewel hy dit goed onder beheer het en dus kon= trole daaroor uitoefen.

4 <u>TAT : Protokol en ontleding</u>

<u>Kaart I</u>

7" "Net sê wat ek sien?......seuntjie wat voor 'n viool sit. Hy's of nie lus om hom te speel nie, of hy kan hom nie speel nie. Hy lyk baie moedeloos.....kan wees dat hy gedwing is om hom te moet speel.....kan ook graag wil speel, maar hy kan hom nie speel nie / Wat sal die uiteinde wees?/ Hy sal as nie wil speel nie, nie speel nie, en as hy hom wil speel leer om hom te speel".

| | |
|---|---|
| 7" Net sê wat ek sien?.... | Hy neem eers goed in wat aan die gang is op die kaart. Hy wil nie dadelik daarby betrok= ke raak nie. Dit mag dus spanning veroor= saak wat hy eers wil verlig in 'n poging om tyd te wen. Wil ook sekerheid kry wat van hom verwag word.<br><br>Hy stel homself afhanklik van gesag sodat hy meer sekuriteit kan verkry. Hy gee ook daarmee te kenne dat sy behoeftes nie be= vredig is nie. Om net te "sê" beteken ook om nie emosioneel betrokke te raak nie. Wil vlugtig daaroor heengaan voordat hy by homself uitkom. Om net te "sien" kan dieselfde beteken, naamlik emosionele onbe= trokkenheid. Wil dus oor die gevoelsmatige kyk en net onpersoonlik bly.<br><br>Hy wag op leiding maar gaan 'n rukkie daar= na weer voort wat dui daarop dat hy goed weet wat van hom verwag word, maar dat hy nie emosioneel betrokke wil raak nie. |
| seuntjie wat voor 'n viool sit | Die seuntjie (of dan wel sy manlike geslags= rol) veroorsaak die probleem om emosioneel betrokke te raak. Hy kan nie die manlik= heid in homself aanvaar nie en gevolglik |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

nie met die seuntjie identifiseer nie. Dit dui ook op afhanklikheid, op kinderlike wyse soek na aanvaarding. Daar is ook 'n onvolwasse hantering van die eise. Hy identifiseer met die manlike rol op 'n in=fantiele wyse.

Die eise wat aan hom gestel word is vaag en gevolglik kan hy hulle nie hanteer nie. Hy is onseker van homself, sy vermoëns en wat van hom verwag word. Gevolglik han=teer hy dit op 'n passiewe, emosioneel onbe=trokke wyse ("sit" voor 'n viool). Die moontlikheid is daar dat hy as man nie aan die eise wat aan 'n man gestel word, sal vol=doen nie.

Hy's of nie lus om hom te speel nie

Hy wil nie by die eise betrokke raak nie, alhoewel daar ambivalente gevoelens aanwesig is, juis as gevolg van sy onsekerheid in verband met homself en wat van hom verwag word. Hy weet wat hy moet doen maar wil nie. Onttrek hom dus daarvan omdat hy as man nie daaraan wil voldoen nie.

of hy kan hom nie speel nie

Die baie "of's" dui op ambivalente gevoel=ens en onsekerheid van homself. "Nie kan speel nie" dui op sy eie onvermoë om iets daaromtrent te doen. Hy sal weens sy be=hoefte om vrou te wees, as man nooit aan die eise kan voldoen nie. Hy kan ook nie aktief soos die man by eise betrokke raak nie, maar hanteer dit op 'n passiewe vrou=like wyse.

Hy lyk baie moedeloos...

Te midde van die groot emosionele druk wat die kaart op hom uitoefen asook on=sekerheid en ambivalensie, ervaar hy depres=siewe gevoelens. Dit is asof hy voel dat hy nie verder self iets daaromtrent kan doen nie, en eintlik op 'n manier vra na

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

leiding. Homself dus afhanklik stel en wag op iets om te gebeur wat hom sal help om 'n besluit te neem.

Kan wees dat hy gedwing is om hom te moet speel.. ....

Hy kan nie aan die eise voldoen nie moont= lik omdat hy gedwonge voel daarin. Hy is as man gebore en word dus sodoende verplig om die rol van die man te vertolk. Hy wil eerder vrou wees maar dis iets wat al= leenlik deur middel van chirurgiese ingryp= ing moontlik is.

Dit mag ook wees dat hy voel hy het geen keuse gehad nie. Indien wel sou hy anders gekies het. Opstand kom na vore as gevolg van hierdie gedwonge lewenshouding en omdat sy behoefte om vrou te wees nie bevredig word nie. Dit wek spanning sodra sy op= standigheid overt uitgeleef word want dan is hy emosioneel betrokke, iets waarteen hy gedurigdeur skerm. Gevolglik moet hy weer van die emosionele betrokkenheid dis= tansieer.

Kan ook graag wil speel

Hy oorweeg egter te midde van spanning ook ander moontlikhede. Hy is bereid om be= trokke te raak en wil graag aan die eise vol= doen en sukses behaal. Angs is egter nog tot 'n groot mate aanwesig.

maar hy kan hom nie speel nie

Hy het 'n behoefte om aan die eise te vol= doen alhoewel hy sy eie tekortkominge en on= vermoëns besef. Hy weet dat as man hy nie aan die eise wat gestel word sal kan vol= doen nie omdat hy daartoe gedwonge voel. Hy is egter ook onseker van homself in die rol van vrou.

Wat sal die uiteinde wees?

Die toetsafnemer stel die vraag om te sien hoe hy die probleem verder gaan oplos en of hy wel uitsluitsel kan vind.

117/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| Hy sal as nie wil speel nie, nie speel nie, en as hy hom wil speel leer om hom te speel | Dit dui hier op 'n duidelike uitlewing van sy opstand teen die manlike rol wat hom dwing om eise op 'n spesifieke wyse te han= teer. Dis iets wat hy nie wil doen nie en ook nie in sal aanpas nie omdat hy nie wil nie. Daarenteen blyk dit egter dat hy veel eerder sal funksioneer en sal "leer" om die rol van die vrou te hanteer omdat hy dit graag wil doen. Dit mag prognos= ties beduidend wees veral gesien in die lig van sy eie behoefte om vrou te wees. As man mag hy dus nie kan funksioneer nie, maar as vrou moontlik wel. |

Opsomming

Hy is geweldig afhanklik van leiding en nuwe situasies mag spanning wek. Hy moet dit dus eers vir homself struk= tureer voordat hy daarmee kan voortgaan. Hy hanteer die eise op 'n baie passiewe wyse, moontlik as verdediging om nie emosioneel daarby betrokke te raak nie. Distansieer dus alhoewel dit 'n mate van terneergedruktheid in die hand werk as hy nie aan die eise voldoen nie.

Hy voel gedwonge om op 'n spesifieke wyse, naamlik as man, aan die eise te voldoen, omdat hy psigies met die vrou identifiseer - sy eie behoeftes word dus nie bevredig nie en hy kan ook nie sy opstand overt uitleef nie omdat dit te veel spanning opwek. Hy besef egter sy eie onvermoë om die eise te hanteer. Hy stel dit ook baie duidelik dat as man hy nie die eise sal hanteer nie, omdat hy "nie wil nie", maar sodra sy behoeftes bevredig word en hy 'n vrou kan wees, is die moontlikheid daar dat hy dit sukses= vol sal kan hanteer.

Kaart 2

3" "Onthou hierdie kaart goed .....die meisietjie was of is blykbaar arm plaasmense. Die meisietjie was ver= lief op die man. Sy het gaan studeer, haar klere en boeke weerspieël dit. Intussen het die man met dié

118/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vrou getrou wat by die boom staan en dis asof sy 'n selfvoldane uitdrukking het, en die meisie wil laat ver= staan dat sy heeltemal uit die prentjie is omdat sy ook die man se kind verwag. Sy is beslis swanger en die meisietjie besef dis beslis hopeloos, dis hoekom daar so 'n hartseer uitdrukking in haar oë is."

Ontleding

Die kaart wek beslis spanning en gevolglik reageer hy so gou daarop. Hy hanteer dus die spanning wat dit opwek deur te verbaliseer. Hy gaan ook terug na 'n vroeë tyd= perk, toe hy reeds die kaart gesien het. Hy maak dus die situasie vir homself minder bedreigend.

Dit mag ook wees dat die familieverhouding reeds toe 'n geweldige indruk op hom gemaak het dat hy dit nou twee jaar later steeds onthou. Hy identifiseer geheel en al met die jongmeisie asook haar ongelukkigheid. Die feit dat hy reeds ten volle met die meisie identifiseer dui op sy behoefte om soos die swanger vrou te wees, naamlik werklik en volledig vrou. Hy besef egter ten volle die "hopeloosheid" daarvan. Met ander woorde al word hy fisies vrou, sal hy nooit kinders in die wêreld kan bring en 'n man so gelukkig maak nie. Dit mag egter by hom aanleiding gee tot depressie omdat hy bewus is van sy tekortkominge in daardie opsig.

Dit mag ook wees dat hy afgunstig is op die vrou wat kinders kan hê terwyl hy besef dat dit 'n ideaal is wat hy nooit as vrou sal kan verwesenlik nie.

Kaart 3BM

"'n Meisietjie wat baie moedeloos is......want sy kan haarself skiet met die rewolwer of sy het haar klaar ge= skiet. Ek dink sy het haar klaar geskiet na aanleiding van haar houding en die rewolwer."

Ontleding

Hy identifiseer hier ook met die vrou wat weer dui op

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geslagsrolproblematiek en aanvaarding van die rol van die vrou. Hy is egter nog afhanklik, amper kinderlik in sy identifisering met haar. Hy soek egter te midde daarvan, na leiding omdat hy so onseker van homself is.

Hy internaliseer sy aggressie omdat hy nie suksesvol uit=lewing daaraan kan gee nie. Dis egter ook nie sukses=vol nie en lei tot depressie, onsekerheid en besluiteloos=heid. Hy verdedig geweldig teen emosionele betrokkenheid veral op interpersoonlike gebied en soek sekuriteit in die konkrete dinge, omrede emosionele betrokkenheid span=ning en angs veroorsaak.

Kaart 6BM (Moeder-seun)

9" "Lyk soos 'n sterfbeeldtoneel. Dis die vroutjie se man wat dood is en sy pa. Sy is absoluut verslae en dit lyk of die man ook baie hartseer is"

Ontleding

Die "sterfbeeldtoneel" kan die versinnebeelding wees in die afsterwe van die moeder-seunverhouding, of ook sy hele siening van sy manlike rol. Met ander woorde hy spreek hier sy behoefte uit om die manlike rol af te sterwe.

Dit kan egter ook 'n uitbeelding wees van die Oedipus-kompleksituasie naamlik die wens vir die vader se sterwe en dat hy die rol van die vader kan oorneem. Dit wek egter 'n mate van angs asook skuldgevoelens. Dit lei tot teneergedruktheid. Hy moet dus sy emosies onderdruk as skuldgevoelens ontstaan.

Kaart 7BM (Vader-seun)

5" "Lyk soos twee mans wat skinder. Die ou man wat vir die jong man iets vertel en die jongman trek sy mond op so 'n smalende manier eintlik".

Ontleding

Baie swak identifikasie met die vaderfiguur het voorgekom.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit mag te wyte wees aan die feit dat sy vader en moeder op 'n vroeë leeftyd geskei is. Hy het dus nie werklik 'n vaderfiguur gehad om mee te identifiseer nie. Sy oupa wat wel aanwesig was, het hom ook nie as "sy seun" beskou nie; eerder sy broer. Daar is 'n "smalende" gevoel tussen hom en die ander man, wat mag ontstaan het omdat hy nie met ander mans identifiseer nie en hom daarvan onttrek. Dis ook moontlik hoekom hy as kind nie met die manlike rol kon identifiseer nie.

<u>Kaart 6GF (Dogter-vader)</u>

23" "Lyk my die vrou het hier gesit en toe het die man skielik agter haar begin praat en sy het omgekyk na hom en sy is verbaas of verras om hom te sien. Kan wees dat sy aan hom gesit en dink het.

<u>Ontleding</u>

Die kaart wek 'n mate van spanning, die wat hy so lank neem voordat hy daarop reageer. Hy ondervind probleme om met die vaderfiguur of outoriteitsfiguur te identifi= seer omdat daar so 'n leemte in sy eie lewe was. Daar is egter tog 'n behoefte aan affeksie met die vaderfiguur aanwesig.

Hy identifiseer met die vrou en openbaar 'n geweldige be= hoefte aan kontak veral met 'n outoriteitsfiguur of 'n man waarin hy die rol van die vrou vertolk, of te wel met die vroulike rol identifiseer.

<u>Kaart 7GF (Moeder-dogter)</u>

"Die dogtertjie se ma lees vir haar 'n storietjie en sy sit so droomverlore by die venster en uitkyk"

<u>Ontleding</u>

Hy identifiseer baie gemakliker met die dogter as met die seun in 'n moeder-kindverhouding. Kontak is ook maklik= er op so 'n manier met die moederfiguur bewerkstellig al=

121/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hoewel hy tot 'n mate daarvan distansieer ("droomverlore"). Hy is baie afhanklik van die moederfiguur en hanteer dit op 'n onvolwasse, amper kinderlike wyse. Dit mag dui op behoeftes wat nooit bevredig is in die moeder-seunver= houding nie. Hy distansieer van emosionele betrokken= heid op 'n fantasievlak. Dink ook oor die moontlikhede wat 'n moeder-dogterverhouding inhou en dat sekere van haar behoeftes tog dalk bevredig kan word.

Kaart 13MF

8" "Die prent onthou ek ook ..... die man het die meisie doodgemaak, en nou dat hy besef dat hy dit gedoen het, kan hy nie glo dat hy dit gedoen het nie / Hoe voel hy? / Hy voel spyt oor wat hy gedoen het / Wat gaan gebeur? / Sal nou aangekla word vir moord, sal skuldig bevind word en gehang word of tronkstraf verkry".

Ontleding

Hy is emosioneel betrokke op hierdie kaart en distansieer daarvan deur te verbaliseer en te sê dat hy dit van 'n vroeë geleentheid onthou. Dit wek spanning as hy met die manlike rol identifiseer omdat hy dit nie kan of wil doen nie. Hy voel skuldig daaroor, moontlik omdat hy nie suksesvol aan die eise wat gestel is, voldoen nie.

Hy het ook nog nie ten volle met die vrou geïdentifiseer om haar rol ten volle oor te neem nie. Hy is dus nog onseker van homself ten opsigte van waar hy in 'n psigo= seksuele verhouding sal inpas. Met ander woorde fisies is hy 'n man alhoewel dit as sodanig vir hom niks beteken nie. Psigies is hy vrou maar omdat hy dit nog nie fisies is nie, is psigoseksuele verhoudings taboe. Sou iets egter wel plaasvind, sal dit skuldgevoelens tot gevolg hê.

Opsomming

Hy onttrek hom aan die eise wat aan hom as man gestel word omdat hy gedwonge voel daartoe. Sy eie behoeftes word dus nie bevredig nie. Hy wil graag aan die eise voldoen, maar dan nie as man nie, maar wel as vrou.

Hy is nog baie afhanklik van outoriteit en raak depressief

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA





3.



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



omdat hy nie uiting kan gee aan sy opstand nie. Hy is ook in onvermoë om werklik iets aan die situasie te doen.

Interpersoonlike verhoudings veral op emosionele gebied, wek spanning en gevolglik distansieer hy daarvan in 'n poging om dit te hanteer.

Geslagsrolidentifikasieprobleme het voorgekom en hy iden=tifiseer telkens met die rol van die vrou. Dit mag wees omdat die vaderfiguur ontbreek het en identifikasie in daardie opsig gerem is. Hy identifiseer ook meer gerede=lik met die rol van dogter as met die van die seun op al die kaarte.

Gevoelens van opstand kan egter nie direk uitgeleef word nie en word geïnternaliseer, wat nie suksesvol is nie om=dat dit tot depressie lei.

Op psigoseksuele gebied is daar ook spanning aanwesig omdat hy nie met die man of die vrou ten volle kan identifiseer nie omrede hy nog die liggaam van 'n man het, maar reeds die sosiale rol van die vrou aanvaar en vertolk.

5 <u>Teken-'n-mens Toets : Protokol en ontleding</u>

Hy begin deur eerste 'n vrou te teken; iemand dus van die teenoorgestelde geslag. Dit dui volgens Machover op ver=warring met betrekking tot geslagsrolidentifikasie. Ver=der mag dit ook dui daarop dat hy reeds met die vrou ge=identifiseer het deur haar rol oor te neem. Daarom teken hy haar eerste.


Hy teken in al drie die tekeninge net die koppe. Dit is aanduidend daarvan dat die liggaam met sy behoeftes vir hom te bedreigend is en sodoende daarteen verdedig.

Hy lê ook baie klem op die figure se oë. Dit dui daarop dat hy kontak soek en 'n behoefte aan kommunikasie met an=der mense openbaar.

Die vol lippe by al die figure behalwe die man, dui op vroulike tendense wat hier verstaan kan word, gesien in die lig van sy behoefte om na 'n vrou verander te word.

Prominent by al die figure word ook klem op die neusgate

Naam/Name: .................................................. Datum/Date: ..............................




AANWYSINGS: In die vierkante is daar tekeninge begin wat u moet voltooi. Teken wat u na aanleiding daarvan te binne skiet. Dit kom nie op u tekenbegaafdheid aan nie. Gebruik slegs potlood, geen lineaal of passer nie. Moet nie uitvee nie. Beantwoord asseblief ten slotte die onderstaande vrae:

DIRECTIONS: In the squares there are drawings to be completed by you. Draw anything that comes to your mind as a result thereof. It is not a matter of drawing efficiency. Use only a pencil, no ruler or other utensils. Do not rub out. After completion, kindly answer the following questions:

...t word deur die tekeninge voorgestel/What is represented by the drawings?


1. Blom
2. Fronsende man
3. 'n Boom
4. 'n Hut met [illegible]
5. Kookspoon
6. [illegible]
7. [illegible]
8. Vrou se oog

Watter tekeninge beskou u as die mees geslaagde/Which drawing do you deem most successful? Vrou se oog

Watter die mins geslaagd/Which one the least successful? [illegible]

V & R. PTA.

Naam/Name: ............................................................ Datum/Date: ..............................




AANWYSINGS: In die vierkante is daar tekeninge begin wat u moet voltooi. Teken wat u na aanleiding daarvan te binne skiet. Dit kom nie op u tekenbegaafdheid aan nie. Gebruik slegs potlood, geen lineaal of passer nie. Moet nie uitvee nie. Beantwoord asseblief ten slotte die onderstaande vrae:

DIRECTIONS: In the squares there are drawings to be completed by you. Draw anything that comes to your mind as a result thereof. It is not a matter of drawing efficiency. Use only a pencil, no ruler or other utensils. Do not rub out. After completion, kindly answer the following questions:

...t word deur die tekeninge voorgestel/What is represented by the drawings?

1. Blom
2. Fronsende man
3. Ry Bome
4. 'n Hut met [illegible]
5. [illegible]
6. [illegible]
7. [illegible]
8. Vrou se oog

Watter tekeninge beskou u as die mees geslaagde/Which drawing do you deem most successful? Vrou se oog

Watter die mins geslaagd/Which one the least successful? [illegible]

V & R. PTA.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



geplaas. Dit is volgens Machover aanduidend van onder=liggende aggressie. (Reeds op die vorige toetse is aange=dui dat hy probleme ondervind met die uitlewing van aggres=sie).

'n Mate van spanning en onsekerheid kom ook na vore as die gebruik van sy lyne analiseer word, asook die gebruik van skakerings.

Hoekom die man van die kant geteken word en die vrouens 'n vooraansig kan soos volg verklaar word: Die man of man=likheid wek spanning waarvan hy moet distansieer. Ten opsigte van die vrou voel hy meer gemaklik en kan hy dit van vooraf teken.

As hy homself teken is daar egter weer spanning aanwesig omdat hy direk met homself gekonfronteer word. Hy lê baie klem op die hare en die oë wat dui op kontaks- en affeksionele behoeftes. Dinge wat nie voorheen as man vir hom bevredig is nie.

Hy lê ook klem op vroulike aanhangsels - oorkrabbetjies - dit maak die vrou nog meer vroulik. Hy lê met ander woorde baie klem op vroulikheid omdat hy nog onseker is oor homself as vrou, juis omrede hy nog oor 'n fisiese manlike liggaam beskik.

6 <u>Wartegg : Protokol en ontleding</u>

Uit die protokol blyk dit dat hy 'n baie sensitiewe mens is wat meer klem op die vroulike as die manlike aspekte laat val. Hy projekteer vroulike dinge op die manlike stimulus-kaarte. Dit kan verklaar word aangesien hy 'n geslagsveranderingsoperasie wil ondergaan. Hy vra daarvoor omdat hy nie as man kan funksioneer nie en reeds ten volle met die rol van die vrou geïdentifiseer het.

Hy teken 'n man wat egter goed is vanuit Kinget se stand=punt. Hy teken egter baie vae lyne wat dui op sy on=sekerheid in die toetssituasie asook sy eie manlikheid.

'n Mate van angs is aanwesig alhoewel dit as gevolg van onsekerheid van homself kan wees.

124/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hy lê klem op emosionele aspekte wat dui op goeie aan=passing en dat hy iemand is met wie 'n warm emosionele verhouding aangeknoop kan word. Hy distansieer dus nie van emosionele betrokkenheid nie, alhoewel dit tog 'n mate van angs veroorsaak.

## 7 Integrasie van die kliniese geskiedenis en toetsresultate

Die pasiënt se biologiese geslag is manlik en hy wil deur middel van 'n geslagsveranderingsoperasie na 'n vrou ver=ander word. Ten tye van die onderhoud was hy dan ook baie smaakvol geklee en skep 'n baie goeie indruk as vrou.

Sy ouers het geskei toe hy ongeveer 3 jaar oud was. Dit kan 'n traumatiese ervaring vir hom gewees het en kon ge=lei het tot swak identifikasie met die manlike rol later, as gevolg van 'n afwesige vaderfiguur.

Sy ouma en sy moeder klee hom as baba dikwels in dogters=klere omrede hy 'n fyn baba is en vir hulle oulik lyk. Selfs sy oupa, wie 'n vaderfiguur kan wees, skenk in hier=die tyd nie veel aandag aan hom nie maar eerder aan sy jonger broer.

Oor sy manlike liggaam sê hy die volgende: "Ek aanvaar my liggaam soos dit is behalwe vir een voorwerp wat nie daarby inpas nie" Dit is naamlik sy manlike geslags=orgaan.

Sy IK is gemiddeld of normaal klassifiseerbaar en sy as=pirasiepeil is ook nie hoër as sy kreatiewe potensiaal nie.

Daar is behoeftes by hom aanwesig wat aadring op onmiddel=like bevrediging en wat spanning veroorsaak.

Hy kan die wêreld om hom soos ander waarneem alhoewel hy nie emosioneel betrokke daarby raak nie. Hy hanteer dit eerder op 'n onpersoonlike, ietwat gedistansieerde wyse omdat emosionele betrokkenheid vir hom te bedreigend is.

Hy is introvertief geneig en beskik oor meer potensiaal in dieselfde rigting.

125/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Geslagsrolidentifikasieprobleme is op die voorgrond. Hy aanvaar nie die feit dat hy as man eise as sodanig moet hanteer nie, aangesien hy met die vrou identifiseer en veel eerder haar rol sal wil vertolk.

Dit het gespruit uit swak identifikasie met die ouers. Die vader is 'n afwesige en bedreigende figuur alhoewel daar tog 'n behoefte aan affeksie teenwoordig is. Die moeder het nooit werklik emosioneel by hom as seun betrok= ke geraak nie en altyd op 'n afstand gebly. So kan hy nooit werklik die essensie van vrouwees begryp nie.

Seksualiteit kan hy alleenlik op orale vlak uitleef, sonder dat dit skuldgevoelens veroorsaak. Dit is vir hom moeilik om seksualiteit as man of vrou uit te leef omrede hy nog oor die liggaam van 'n man beskik maar reeds sosiaal aanvaarbaar die rol van die vrou vertolk.

Aggressie word egter nie suksesvol na buite gerig nie en eerder geïnternaliseer. Dit mag aanleiding tot depres= sie gee.

In die Teken-'n-mens toets lê hy klem op vroulike ken= merke - oorbelle - iets waarmee die vrou haar versier en haar nog vrouliker maak. Dit dui op 'n onsekerheid van sy eie vroulikheid, alhoewel hy reeds die rol van die vrou oorgeneem het. Die onsekerheid kan egter ver= klaar word, gesien in die lig daarvan dat hy nog oor 'n manlike liggaam beskik en dit alleenlik deur middel van die operasie sal kan verander.

Hy is egter bewus van die feit dat hy nooit kinders sal kan baar nie en dit mag aanleiding gee tot depressie omdat hy besef dat hy nooit heeltemal soos 'n normale vrou sal wees nie.

## GEVALLESTUDIE D

1 <u>Bespreking van die kliniese geskiedenis na aanleiding van die gestruktureerde onderhoud</u>

Die pasiënt se biologiese geslag is vroulik. Sy doen aansoek om chirurgies na 'n man verander te word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sy is 26 jaar oud en is in die Transvaal gebore. Haar ouers lewe nog albei. Sy is een van vier kinders waar=van een broer en twee susters is. Sy is dan die tweede jongste kind uit hierdie gesin.

Volgens haar beskryf sy haar vader as "what ever he says is right and what ever he says must go. We don't get on, we don't see eye to eye".

Van haar moeder sê sy net die teenoorgestelde, naamlik: "She is very soft. She would accept what makes me happy". Dis veral na verwysing van die operasie aangesien haar vader hom nie daarmee kan versoen nie.

Sy is op sesjarige ouderdom skool toe en het St 8 behaal. Sy voel egter spyt dat sy nooit verder studeer het nie.

Sy het nooit maklik vriende gemaak nie en het op die hui=dige oomblik net een vriendin. Vanaf voorskoolse ouder=dom het sy egter meer met seuns gespeel en saam stokkies=gedraai. Sy het nooit met poppe gespeel en ander mei=sievriendinne gehad nie.

Op die ouderdom van 17 jaar begin sy werk omrede sy ook haar ouers moes help onderhou. In verskeie werksituasies ondervind sy probleme met die dameskollegas. Op die huidige oomblik is sy alleen in 'n kantoor en voel sy ge=lukkig omdat daar minder wrywing is.

In haar vrye tyd is sy baie lief om tennis te speel en skryf soms gedigte wat gewoonlik oor die lewensfilosofie handel.

As sy 'n beskrywing van haarself gee sê sy dat sy dink sy 'n sukses van haar lewe kan maak. Sy wil trou, 'n huis hê en van die liefde gee wat sy soveel het. Dis vir haar baie belangrik, en gevolglik lê sy baie klem daarop.

Sy het tot dusver geen seksuele ondervinding met 'n man gehad nie en staan negatief teenoor haarself as vrou. Sy vind ook die menstruasiesiklus "a nuisance. I don't like it". Met betrekking tot haar uiterlike vroulike bou is sy baie klein. Op 'n vraag hoekom sy dan 'n man wil wees antwoord sy: "I'll feel proud if I had a penis".

127/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sy het al baie probeer selfmoord pleeg. In die onder= houd blyk dit eerder op histeriese tendense aangesien sy nie werklik 'n einde aan haar lewe wil maak nie, miskien net die hede tydelik ontvlug.

Sy het reeds op die ouderdom van 12 jaar gevoel dat sy anders is as ander meisies. Haar gewone vriende in die algemeen weet nie van haar probleem nie. "I put on an act". Sy dra meesal vroue langbroekpakke. Sy het een goeie vriendin ('n getroude vrou met 2 kinders) wat weet van haar probleem en met wie sy dan ook wil trou sodra die operasie afgehandel is.

Al wat vir haar op die huidige oomblik van belang is, is dat sy man kan wees. Haar drie wense behels die volgen= de:

- "To be a man - completely"
- "To have enough money to build a home for this woman"
- "To have her and her children with me"

Sy voel sy is so gebore op die vraag wat sy dink die oor= saak van haar toestand is. As sy iets omtrent haarself kan verander wil sy 'n man word.

Haar toekoms, indien die operasie nie gedoen sou word nie, laat haar op 'n vlak van onsekerheid, twyfel en 'n mate van terneergedruktheid, in teenstelling met wanneer dit wel gedoen sal word. Dan het sy iets om na uit te sien, kan sy 'n nuwe lewe begin en werk om 'n huis te laat bou vir haar toekomstige vrou.

2 <u>Wechsler : Protokol en ontleding</u>

Sy presteer soos volg op die verskillende subtoetse:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| Verbaal | RT | GT | Prakties | RT | GT |
|---|---|---|---|---|---|
| Inligting | 10 | 8,5$^{-}$ | Prentvoltooiing | 15 | 15,0$^{+++}$ |
| Alg Begrip | 12 | 10,5$^{0}$ | Voorwerpsame= voeging | 14 | 7,5$^{--}$ |
| Rekenkunde | 4 | 7,5$^{--}$ | Blokpatrone | 19 | 8,5$^{-}$ |
| Syferherhaling | 8 | 7,5$^{--}$ | Syfersimbool | 41 | 10,5$^{0}$ |
| Ooreenkomste | 17 | 11,5$^{+}$ | Prenterangskik= king | 16 | 13,0$^{++}$ |
| Verbale telling | | 45,5 | Praktiese telling | | 54,5 |
| Verbale St punt | | 91,0 | Praktiese St punt | | 109,0 |
| Korreksiesyfer | | 0 | Korreksiesyfer | | 0 |
| Verbale IK | | 91 | Praktiese IK | | 109 |

TOTALE IK = 100

Verbale Ik = 91
Nie-verbale IK = 109
Totale IK = 100

Die omvang is 7,5 tot 15,0. Die mediaan van al 10 die subtoetse is 10,0. (Die strooiing is op grond van die mediaan bereken).

Ontleding

Sy presteer met 'n IK van 100 wat as gemiddeld of normaal geklassifiseer kan word.

Uit die subtoetsstrooiing blyk dit dat 'n mate van angs aan= wesig is, asook swak aandag en konsentrasie. Angs het dus wel 'n funksionele belemmering hier veroorsaak. 'n Swak selfbeeld tree ook na vore (lae voorwerpsamevoeging). Daar is ook die moontlikheid van histeriese tendense. Dit word egter nie as diagnose gestel nie.

3 Rorschach : Protokol en ontleding

(a) Rorschach Protokol

(?) Stel 'n vraag gedurende toetsing.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| Respons | Navraag | Determinante |
|---|---|---|
| <u>Kaart I</u> | | |
| 1 17" A man and a woman kissing | (?) The middle part. With their heads close together | D M H |
| 2 The lower half of a naked person - who are more female | (?) The lower part of the card. Standing. | D M H |
| 3 Reminds me of a butterfly. | (?) The whole card. The shape of the wings and the feelers. It is flying | W FM A P |
| 4 Two hands | (?) A hand extended Reaching out. | d M Hd |
| 5 Breast | (?) The breast. As of a person lying down. | d F Sex |
| 6 Dog | (?) I used the whole card. They are begging. Sitting up. | W FM A |
| <u>Kaart II</u> | | |
| 1 3" Two dogs. | (?) The black part. They are standing together. (?) Their shape and paws | W FM A P |
| 2 Penis. Like a picture I've seen in a book, a medical book. | (?) The top part. A circumsized penis. | D F Sex |
| (Draai die kaart in die rondte) | | |
| 3 Two Scottish dogs | (?) The perfect shape. They are sitting up with their noses together | W FM A P |
| <u>Kaart III</u> | | |
| 1 10" It makes me think of a post-card I saw of two African women standing over a tripot. Making mealiemeel in it. | (?) It looks like those pictures. | W M H P |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| Respons | Navraag | Determinante |
|---|---|---|
| Kaart III (Vervolg) | | |
| (Draai kaart om) | | |
| 2 The head of two Africans | (?) Just the heads | D F Hd |
| 3 A leaf | (?) Looks like pic= tures I've seen in them | D F Plant |
| (Draai kaart om) | | |
| 4 A vagina | (?) The light part here. It looks like a picture. A woman who is expecting a child. With her legs apart (Dui net vorm aan) | D F Sex |
| Kaart IV | | |
| 44" (Draai kaart al in die rondte) .....boots | (?) I've got boots at home. I had them on last night. | D F Obj |
| Kaart V | | |
| 10" Makes me think of a bat (picks card up and turns it around) Thats all. | (?) It looks like a bat flying. | W FM A P |
| Kaart VI | | |
| 1 24" I've seen a picture of a fish in an old history book that looks just like this. (Draai kaart al in die rondte vir meer as 60") | (?) It's a dead fish (?) The color, the greyish black color made me think of it. | W FC' A |
| 2 A lion skin seems like this (vryf oor die kaart met haar hand). | (?) The whole card. It is stretched out | W Fc A Obj P |
| 3 Two animals | (?) They are sitting back to back | D FM A |
| Kaart VII | | |
| 1 7" The heads of 2 pigs | (?) Just the heads | D F A |

131/......


UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| Respons | Navraag | Determinante |
|---|---|---|
| Kaart VII (vervolg) | | |
| 2 The heads of two women (draai kaart om) | (?) Looking at each other. | D M H |
| 3 Two dogs | (?) Two puppy dogs. They are standing up.. These are their tails. They are small dogs. | D FM A |
| Kaart VIII | | |
| 36" Two animals (turns card around for more than 47") That's all. | (?) They are looking for something to eat | D FM A P |
| Kaart IX | | |
| 41"(Turns the card around) 44" Nothing (Gives the card back) | | |
| Kaart X | | |
| 1 30" I've seen a picture like this in a medical book A close up on the microscope | (?) The whole thing. The funniest little things and the close-up of the blood around (?) It is active, the blood is moving as if alive. | D CF,m Blood |
| 2 Little fishes. Funny things you see under the sea. | (?) Like electric eels. The color and the shape. They are swimming. | D FM,FC, A |
| 3 Seaweed | (?) Lying on the beach. | D F Nat |
| (Turns card around) | | |
| 4 The drawing or painting of a child. | (?) It is smeared. The colors are run= ning into each other. | W CF Obj |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(b) Die Psigogram




R = 26
W = 7 + 2
D = 15
d = 2
S = 0
P = 7

(c) Kwantitatiewe ontleding

(i) Proporsies wat verband hou met die innerlike bronne en impulslewe

(aa) FM:M = 9:5

Dit toon aan dat daar behoeftes by haar aanwesig is wat aandring op onmiddellike be= vrediging, eerder as die daarstelling van langtermyndoelwitte. Daar mag 'n mate van impulsiwiteit en onvolwassenheid na vore kom aangesien CF groter is as FC. Klem mag ge= lê word op egosentriese behoeftes alhoewel dit nie noodwendig in impulsiewe gedrag uiting sal vind nie. (Haar impulslewe is egter nie in konflik met haar waardesis= teem nie).

(bb) M:FM+m = 5:10

Spanning is aanwesig. Dit rem egter nie die oplossingsoeke van alledaagse probleme nie. Sy kan dus van haar innerlike bron= ne gebruik maak om konflikte suksesvol te hanteer.

133/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(ii) Proporsies wat verband hou met die affeksionele behoefte

(aa) F:FK+Fc = 8:1

Dit dui veral op die ontkenning, repressering of onderontwikkeling van haar behoefte aan affeksie. Dit mag wees omdat daar dalk gevoelens van verwerping by haar aanwesig is. Dit dui ook op onbetrokkenheid in interpersoonlike verhoudings.

(bb) Fc+c+C':FC+CF+C = 2:2,5

Daar is goeie responsiwiteit op stimuli van buite. Sy kan dus goed in 'n sosiale omgewing funksioneer, met spontaniteit.

(iii) Proporsies wat verband hou met konstriktiewe kontrole

(aa) F% = 30%

Sy kan die wêreld om haar op 'n onpersoonlike wyse benader wat dui op gekontroleerde aanpassing.

(bb) (FK+F+Fc)% = 34%

Sy is nie rigied verdedig nie en egokonstriksie kom nie voor nie.

(iv) Proporsies wat verband hou met die emosionele reaktiwiteit teenoor die omgewing

(aa) FC:CF+C = 0,5:2

Daar is by haar 'n geneigdheid tot swak kontrole met betrekking tot emosionaliteit en sy mag soms overt uitlewing gee aan emosies.

(bb) Som C = 2

Daar is min responsiwiteit teenoor invloede vanuit die omgewing. Dit mag wees as gevolg van haar verdediging en hou verband met haar onttrekking van emosionele stimuli asook onderdrukking daarvan.

(cc) VIII, IX en X% = 19%

Sy is geïnhibeer veral met betrekking tot

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sterk omgewingsinvloede wat spontaniteit mag beïnvloed. Sy hou dus eers terug om sodoende nie te emosioneel betrokke te raak nie.

(v) Proporsies wat verband hou met die intellektuele benadering

(aa) W% = 28%

Sy toon belangstelling daarin om dinge eers te organiseer en hulle dan te integreer en in geheel waar te neem.

(bb) W:M = 8:5

Sy het 'n behoefte aan organisasie en beskik oor genoeg kreatiewe potensiaal om dit 'n werklikheid te maak. Sy het ook 'n hoë aspirasiepeil, maar dis binne die perke van haar vermoëns.

(cc) D = 50%

Sy toon 'n gemiddelde belangstelling daarin om dinge te differensieer. Daar is nie oormatige spanning of emosionele betrokken=heid aanwesig nie.

(dd) d = 7%

Sy toon nie 'n groot belangstelling in die detail van haar ervaring nie; meer in die geheelbeeld.

(ee) Aantal response R = 26

Haar responsiwiteit is gemiddeld en sy is dus nie onproduktief nie. Sy staan dus entoesiasties tot haar wêreld en kan die dinge maklik om haar waarneem.

(ff) Aantal populêre response P = 7

Sy neem die wêreld om haar soos ander waar sonder om te sterk klem te lê op hoe die wêreld op die gewone manier raakgesien moet word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(vi) Proporsies wat verband hou met introversiewe-ekstratensiewe balans

(aa) M:Som C = 5:2

Daar is 'n introversiewe balans by haar aanwesig. Dit blyk egter nog binne die normale perke te wees en kan ook met haar onttrekking en onderdrukking van emosionele belewenisse verband hou.

(bb) FM+m:Fc+c+C' = 10:2

Dit versterk die hipotese van introversie alhoewel sy wel oor die potensiaal beskik om ekstratensief op te tree.

(d) Kwalitatiewe ontleding

Kaart I

Sy kom nie onmiddellik tot die algemene respons nie, wat aanduidend kan wees van spanning. Haar intense gevoel om soos normale mense 'n psigoseksuele verhouding te hê, is op die voorgrond. Dis iets wat op die huidige oomblik onmoontlik is as gevolg van geslagsrolverwarring. Dis ook 'n fisiese kontaksbehoefte wat hier uitgespreek word as gevolg van deprivasie of onsekerheid oor haarself.

Sy kom egter verder na die area wat vir haar problematies is naamlik die onderste gedeelte van die vroulike liggaam. Dit wek angs en sy hanteer dit op 'n passiewe, onbetrokke wyse.

Sodra sy egter haar behoefte aan fisiese kontak openbaar het, kan sy die wêreld om haar soos ander mense waarneem. Sy wil vry en ongebonde wees.

Die voelers kan as manlike seksuele simboliek interpreteer word, wat dan kan dui op "penis-envy". Dit is egter bloot hipoteties en moet met ander latere response in verband gebring word. Sy verdedig ook teen hierdie wêreld wat sy soos ander sien, moontlik omdat sy so onseker van haarself is ("reminds me").

136/.....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sy soek egter versekering dat ander die dinge net soos sy moet sien.

Sy bly soekend na hulp en leiding ("hands reaching out"). Met ander woorde dit mag daarop dui dat sy 'n behoefte het om normaal te wees en soek na hulp (die geslagsveranderingsoperasie). Dit sal dit vir haar moontlik maak om man te word, fisies sowel as geestelik, en sodoende is normale heteroseksuele ver=houdings ook moontlik.

Die vroulike liggaam maak haar angstig daarom hanteer sy dit passief. Die voelers (manlike seksualiteit) behoort aan die skoenlapper en is vry en ongebonde. Dit mag ook wees dat sy vasgekeer voel in haar vrou=like liggaam en vry daarvan wil wees.

Sy fluktueer tussen manlike en vroulike response maar kom weer na die passiewe vrou terug ("a breast of a person lying down"). Dis ook net 'n persoon wat dui op haar onsekere geslagsrol. Vir haar is die vrou passief maar sy voel haar ontuis in die passiewe vroulike rol want sy wil die man wees, aktief, vry en ongebonde.

Sy soek egter steeds om hulp en leiding nes die hond=jie ("begging"). Dit kan egter ook dui op 'n onvol=wasse benadering ten opsigte van haar onsekerheid. Sy smeek, hou haar hande uit om hulp, en soek na lei=ding.

Sy weet sy fluktueer tussen die twee geslagsrolle om=dat sy dit nie suksesvol kan hanteer nie. Sy soek derhalwe om hulp alhoewel soms op 'n onvolwasse wyse. Sy mag egter dan soms uiting aan haar gevoel van mag=teloosheid gee.

<u>Kaart II</u>

Sy het behoefte aan kommunikasie met ander soos ook blyk uit kaart I. Op emosionele vlak veral hanteer sy dit op 'n amper kinderlike wyse, net die bymekaar

137/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

wees is vir haar genoeg, solank sy net weet sy hoort daar.

Sy kom egter dan sover om haar seksuele problematiek en moontlike behoeftes uit te spreek, naamlik 'n man= like geslagsorgaan wat besny is.

Dit kan verband hou met die feit dat sy alleenlik as man met iemand anders 'n verhouding kan aanknoop. Dit sal dus 'n chirurgiese ingryping noodsaak en sy sal "besny" moet word alvorens sy 'n penis sal hê.

Dit wek egter geweldig angs daar sy so emosioneel be= trokke geraak het en sy distansieer en verdedig onmid= dellik teen verdere betrokkenheid - deur dit 'n prent= jie in 'n boek te maak.

Sy beweeg dan ook heeltemal weg van haar behoeftes al= hoewel sy dit nog laat deurskemer ("two dogs sitting up with their noses together"). Neuse is ook 'n falliese simbool. Sy beweeg weg van 'n direkte kon= frontasie en behoeftes alhoewel sy nie totaal en al daarvan kan distansieer nie. Dis ook 'n manier van kontak soek.

<u>Kaart III</u>

Omdat sy hier vir die eerste maal werklik met inter= persoonlike verhoudings gekonfronteer word, verdedig sy tot 'n mate. Dit wek angs om op interpersoonlike vlak betrokke te raak omdat sy onseker van haarself en haar geslagsrol is. Sy hanteer dit op 'n intel= lektuele wyse wat diepe emosionele betrokkenheid vry= waar. Sy kan egter betrokke raak in interpersoon= like verhoudings maar distansieer tot op 'n veilige afstand (die blaar).

Dis ook of sy probeer tyd wen (draai die kaart al in die rondte). Reageer dan weer met 'n respons wat kan dui op seksuele problematiek - 'n vagina - (die vroulike geslagsorgaan). Dis egter 'n vrou wat geboorte gee - dit mag dus vir haar angswekkend wees, as iets met vroulike seksualiteit geassosieer word.

138/.....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Anders sien sy dit as die gevolg van menslike kommuni= kasie wat dus eerder by die intellektuele moet bly (koppe). Sodoende sal sy nie emosioneel betrokke raak nie.

Kaart IV

Sy wag 44" wat 'n baie lang reaksietyd is. Dit mag wees as gevolg van angs of opstand waar sy met man= likheid en veral gesag gekonfronteer word. Sy draai die kaart al in die rondte wat dui op gespannenheid en soeke na 'n manier om tyd te wen. Wil met ander woorde nie te betrokke raak nie en hou dit op 'n veilige afstand.

Dan noem sy die skoene ("boots"). Sy ontbloot haar eie behoefte om man te wees: "I've got boots at home. I had them on last night".

Sy het dus 'n behoefte om soos die man of vaderfiguur "boots" te dra en die manlike rol te vertolk. Sy mag dit nie elke dag doen nie, maar net sekere tye. Sy verdedig ook geweldig teen hierdie behoefte van haar asook haar betrokkenheid in die situasie.

Dit mag ook beteken dat sy graag haar vader se skoene sou wou volstaan, maar dat sy besef dis verkeerd, want alleenlik as man is dit moontlik. "Penis-envy" mag dus ook hier ter sprake wees.

Kaart V

Sy neem die kaart waar soos meeste ander mense. Sy draai dit egter 'n paar maal in die rondte wat aan= duidend is van spanning. Sy soek na iets oorspronk= liks en is dus nie gerem in haar siening van die wêreld om haar nie. Haar realiteitstoetsing is goed.

Haar eie behoeftes is egter baie belangrik en sy ver= dedig ook deur te sê dit laat haar dink aan 'n vler= muis. Sy is met ander woorde bang vir kritiek om= dat sy die wêreld beskou soos sy wil.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kaart VI

Seksualiteit is vir haar gevaarlik en sy moet daar=van distansieer, deur dit 'n "prentjie" te maak. Sodoende is dit minder gevaarlik en wek ook minder angs. Sy sien ook die manlikheid daarin raak, ("a fish") alhoewel sy gewone aktiewe rol weggeneem word en hy passief gemaak word - dis 'n dooie vis en dis in 'n boek.

Dit mag ook wees dat sy so teenoor haar eie biologiese vroulike geslag voel, naamlik dood, en dat sy haar nie aktief kan uitlewe nie, maar passief moet bly. Al word sy geopereer sal sy nooit volledig man kan wees in geslagsomgang nie en sy besef dit. Dit mag haar dus tot 'n mate teneergedruk stem omdat sy besef sy nooit werklik soos die man aktief in 'n psigosek=suele verhouding sal wees nie.

Sy moet haarself dus van intieme emosionele betrokken=heid distansieer ("old history book").

Dit mag egter ook wees hoe sy as vrou 'n man se ge=slagsorgaan interpreteer. Met ander woorde dat dit vir haar as vrou geen gevoel opwek nie. Dit sou dood wees, in teenstelling met die manlike rol.
Dit maak haar egter geweldig angstig en sy draai die kaart voortdurend in die rondte vir ongeveer 65".

Sy het egter 'n intense behoefte aan affeksie en wel fisiese kontak (sy voel ook oor die kaart). Dit mag ook wees dat sy 'n behoefte het aan fisiese seksuele kontak maar as vrou teenoor man is dit vir haar on=aanvaarbaar en word haar behoeftes dus nie bevredig nie. As man teenoor vrou verander dit die saak want dan is sy die aktiewe en aggressiewe man.

Aggressiwiteit is ook gevaarlik en sy beweeg weg na die twee passiewe diere wat met hulle rûe na mekaar sit. Met ander woorde direkte kontak is nie moont=lik nie, maar wel indirek. Sy soek na 'n vashouplek en 'n stut in die lewe moontlik veral ten opsigte van seksuele problematiek.

Fisiese kontak op seksuele gebied is dus onmoontlik

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en al wat vir haar oorbly is 'n tipe ondersteuning ("Back to back).

Kaart VII

Sy hanteer dit eers op 'n infantiele wyse maar kom dan tot volwasse integrering op die kaart. Dis eg= ter net twee vroue wat na mekaar kyk. Die hipotese kan dus gestel word dat daar nie werklike intieme betrokkenheid tussen haar en haar moeder was nie, al= hoewel identifikasie tog plaasgevind het. Dis egter gedistansieer en op 'n afstand. Hulle "kyk" net vir mekaar. Dis ook passief. Dit maak haar angstig, die menslike kontak, en beweeg derhalwe weer na die dier om sodoende haar angs te verlig. Dis "klein hondjies". Sy is dus nog geweldig van die moeder- figuur afhanklik maar is nie werklik emosioneel by haar betrokke nie. Daarom het sy ook moontlik 'n liefdesverhouding met 'n ouer vrou aangeknoop - soeke na 'n substituut moederfiguur.

Kaart VIII

Sy neem dadelik die realiteit om haar soos ander waar alhoewel sy tot 'n mate probeer tyd wen. Sy wil dus nie dadelik by die realiteit betrokke raak nie, omdat dit te veel angs wek. Dis ook twee diere wat soek na iets (naamlik kos). Dis ook hoe sy haarself op die oomblik sien, naamlik soekend na 'n geslagsver= andering. Dit mag ook dui op orale behoeftes wat nie bevredig is nie. Sy hou die kaart nog 42" waar- op sy dit telkens in die rondte draai voordat sy dit teruggee. Dit mag dui op intense betrokkenheid met die kaart en 'n behoefte om aan die normale vereistes te voldoen. Dis op die huidige oomblik vir haar moeilik as gevolg van haar onvervulde behoeftes.

Kaart IX

Sy gee geen response hier nie alhoewel die kaart 'n geruime tyd deur haar bestudeer word. Dit mag wees dat sy die toetsafnemer wil tevrede stel of ook om= rede dit haar emosioneel verwar.

141/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kaart X

Die emosionele impak op hierdie kaart is vir haar te veel. Sy reageer al minder op die kleurkaarte, moontlik in 'n poging om van die hegte emosionele betrokkentheid daarvan te distansieer ('n prentjie). Sy raak egter tot 'n mate ongekontroleer in haar uit=lewing van emosies omdat sy die impak nie suksesvol kan hanteer nie (bloed).

Dan maak sy dit 'n seetoneel, en behou haar kontrole. "Electric eels" kan egter ook as manlike seksuele simbole interpreteer word. Dis aktief en nie passief soos reeds genoemde vroulike seksualiteit nie.

Sy raak dan so betrokke en angstig en gevolglik is daar weer distansiëring. Maak dit "a child's drawing" Dit dui ook op haar eie onsekerheid. Sy wil dus soos 'n kind net laat gaan. Die onsekerheid spruit ook uit haar hele dilemma van geslagsrolverwarring en on=sekere geslagsrol. Die kleure loop ook in mekaar in - dis ook moontlik hoe sy haarself sien, naamlik man en vrou in een liggaam vasgevang, en haar soeke na een identiteit - as man.

Opsomming

Daar is behoeftes wat aandring op onmiddellike be=vrediging, alhoewel dit nie noodwendig tot impulsi=witeit en onvolwasse gedrag aanleiding gee nie. Dit mag verband hou met haar intense behoefte aan 'n ge=slagsverandering en om normale seksuele verhoudings aan te knoop. Dis egter nie in ernstige konflik met haar waardesisteem nie en sal haar ook nie totaal ontwrig en disintegreer nie.

Sy het 'n behoefte aan affeksie maar onderdruk en represseer dit. Dit is ook onderontwikkel, moontlik as beskerming teen te veel intieme emosionele betrok=kenheid met ander mense.

Kan die wêreld om haar soos ander mense waarneem en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



alhoewel sy baie introvertief van geaardheid is, kan sy met normale responsiwiteit en spontaniteit op sti= muli van buite reageer, sonder om onnodig deur haar probleem gerem te word.

Sy is soms geneig tot swak kontrole veral betreffende emosionaliteit en kan soms overt uiting gee aan haar emosies. As gevolg van 'n basiese geïnhibeerdheid kan sy soms terughoudend wees.

Sy het 'n belangstelling om dinge te organiseer en beskik oor genoeg kreatiewe potensiaal om dit wat sy wil doen te bereik. Haar aspirasiepeil is nie te hoog vir haar vermoëns nie. Sy stel egter nie baie belang in detail nie, eerder in die geheelbeeld.

Sy het 'n intense behoefte aan fisiese kontak en ook om te onderskei tussen manlikheid en vroulikheid. Sy soek ook na hulp en leiding veral met betrekking tot haar probleem en onsekerheid oor haar eie identi= teit.

Daar is egter baie angs aanwesig wat sy goed hanteer deur van probleemareas te distansieer, of van in= tieme emosionele betrokkenheid te onttrek.

'n Duidelike "penis-envy" is aanwesig asook 'n af= hanklikheid van 'n moeder-figuur.

Geslagsrolidentifikasieprobleme en veral haar ambi= valente gevoelens oor manlikheid/vroulikheid blyk duidelik. Dit onderstreep dan ook haar onsekerheid oor haar eie identiteit en ware geslagsrol.

## 4 TAT : Protokol en ontleding

Kaart I

10" "A little boy sitting here and looking at this violin. It could belong to someone in his family. Looking at it and hoping that he will oneday be able to play it and be= come famous. He wonders 'what makes the sound come out'".

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | |
|---|---|
| 10" | Sy neem haar tyd of probeer tyd wen sodat sy haarself eers kan oriënteer in die nuwe situasie. Dit kan ook wees dat sy moont=likhede oorweeg en nie impulsief besluite neem nie. |
| A little boy | Vae identifikasie met betrekking tot ge=slagsrol tree na vore. Dit mag wees dat sy die eise wat aan haar gestel word ver=kleineer, of dat daar te hoë eise aan haar gestel word. Sy voel dus in onvermoë om suksesvol daaraan te voldoen. Dit mag ook opstand teen outoriteit of teen die eise wees, daarom dat sy dit verkleineer. |
| sitting here | Sy hanteer dit op 'n passiewe wyse alhoewel sy nou in die hede daarby betrokke is. Daar is egter die behoefte om nader te kom maar ook om afstand te hou. Sy is dus nie werklik besig met die eise nie alhoe=wel sy intens daarvan bewus is. |
| and looking at this violin | Sy is betrokke by die eise alhoewel nie aktief nie. Sy hou haar tot 'n mate op 'n afstand sodat dit nie te bedreigend word nie, of ook omrede sy so onseker van haarself is. |
| | Dis egter nie die seuntjie se viool nie, maar net "daardie". Dit dui ook op af=stand wat sy probeer skep. Die viool sim=boliseer ook vroulike seksualiteit en mis=kien omdat seksualiteit vir haar so belang=rik is en veral om man te wees, is dit vir haar 'n problematiese situasie. Hoe kan 'n seun - dit wat sy wil wees - 'n viool hê, naamlik vroulike seksualiteit - omdat dit vir haar onaanvaarbaar is. Met ander woorde op grond daarvan kan sy nie aan die eise wat aan haar gestel word voldoen nie. Sy het dus ambivalente gevoelens daaroor. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | |
|---|---|
| It could belong | Omdat die hele situasie haar so angstig maak of so bedreigend is, distansieer sy totaal en al daarvan deur dit aan iemand anders te gee. Met ander woorde plaas dit weg van haar af. Sy bly egter steeds onseker van haarself. 'n Mate van opstand is ook aanwesig alhoewel dit nie overt uit= geleef kan word nie. Subtiele aggressie mag dus op die voorgrond wees. |
| to someone in his family | Vroulikheid pas dus nie by haar nie. Sy kom daarteen in opstand omdat sy voel dit beter by iemand anders hoort. Sy plaas dit nie totaal en al weg van haar nie maar behou dit nog in die familie. Dit mag ook wees dat identifikasie met die moederfiguur voorgekom het en dat sy voel haar moeder het steeds alle vroulikheid behou en sy (die pasiënt) het geen deel daarin gehad nie. |
| Looking at it | Daar bly egter tog die behoefte om aan die eise as vrou te voldoen alhoewel dit net op 'n afstand bewonder kan word. Met ander woorde nie te naby daaraan kom nie want dan word dit te bedreigend. Kan alleen op onpersoonlike wyse aan die eise wat dus sodanig gestel word voldoen want sodra sy te naby kom, word sy opstandig. |
| and hoping | Sy het 'n intense behoefte om wel aan die eise wat gestel word te voldoen. Dit bly egter steeds passief. |
| that he will oneday | Omdat die hele situasie so angswekkend word, moet sy dit uitstel tot in die toekoms. Met ander woorde sy het 'n behoefte om aan die eise wat gestel word te voldoen. In= dien dit nie nou reggestel word nie, sal sy later moontlik daaraan voldoen. Dit |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mag dui op 'n pseudo-intellektuele vlak van hantering van die eise. 'n Wensdenk=ery of 'n fantasie wat aanduidend kan wees van histeriese tendense. Met ander woorde dit mag ook haar hantering wees van pro=bleme wat opduik. Sodra sy onseker van haarself voel, hanteer sy dit passief. Sy stel ook uit om iets te doen as gevolg van angs wat dit opwek en 'n poging om tyd te wen.

be able to play it

Haar opstand teen die eise skemer steeds deur alhoewel sy die behoefte het om aktief betrokke te raak. Dit mag ook wees dat sy haarself as vrou nie bevoeg ag om aan die eise wat gestel word te voldoen nie, maar as man sou dit wel moontlik wees.

and become famous

'n Mate van wensdenkery en fantasievlug kom na vore. Sy wil dit eers nie doen nie, maar later sal sy uitstyg bo ander. Dit mag dui op oorkompensasie of ook histeriese tendense deur die aandag op haar te wil vestig. Dit mag ook wees dat sy nou on=seker van haarself voel maar dan sekerder van haarself sal wees omdat sy dan sal wees wat sy graag wil wees.

He wonders

Sy bly passief en op pseudo-intellektuele vlak. Daar is nie sprake van aktiwiteit of emosionele betrokkenheid nie. Sy ver=dedig ook moontlik daarteen.

what makes the sound come out

Ambivalensie met betrekking tot die geslags=rol tree na vore. Sy kan nie met die vrou=like seksuele rol identifiseer nie en ook nie met die manlike seksuele rol nie (die strykstok). Die ambivalensie of geslags=rolidentifikasie is problematies as gevolg van swak identifikasie met die ouerfigure. Dit mag ook wees dat sy geen verband tus=

146/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sen manlikheid en vroulikheid sien nie en juis daarom onseker is, of as gevolg van haar eie verwarring as synde vrou te wees maar wens om man te wees. Ten opsigte van die manlike rol is daar egter ook pro= bleme omrede haar onsekerheid oor sy rol= vervulling.

Opsomming

Sy handel nie impulsief in 'n nuwe situasie nie en beskou dinge eers van alle kante. Dit is moontlik as gevolg van spanning wat dit opwek wat sy eers probeer verlig. Ge= slagsrolidentifikasieprobleme kom voor as gevolg van swak identifikasie met die ouerfigure. Sy is ambivalent teen= oor die manlike en die vroulike rolle alhoewel laasgenoem= de vir haar totaal onaanvaarbaar is. Die manlike rol is ook nog vir haar onseker en sy mag dan ook probleme onder= vind.

Sy is baie onseker van haarself en is daarom meer passief geöriënteer alhoewel sy baie emosioneel betrokke is. 'n Moontlikheid tot aktiwiteit is aanwesig en sy verdedig voortdurend teen emosionele betrokkenheid. Sy maak ook gebruik van wensdenkery en fantasie om betrokkenheid vry te spring. Die ontvlugting is egter net van tydelike aard. Haar opstand word ook onderdruk alhoewel dit duidelik na vore kom dat sy dit graag teenoor outoriteit en die vae eise aan haar gestel wil rig. Sy het egter die behoefte om aan die eise te voldoen, maar is ook onseker van haar eie vermoëns.

Kaart 2

24" "This can be one of those villages near the sea, where they work hard and they live for the soil really. The man loving his work. There is a young girl though. She is probably unlike the villagers, she wants to study. Not be just another village maiden. Maybe go away from the village. The man is seeing to his crops, whatever he has sown. The older woman, well, she is more content

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



with being a village woman. She has known life in the village. The man has a lot of work te see too. His thoughts are just of his land and the animals. The land brings him his income."

Ontleding

Sy neem lank voordat sy op hierdie kaart reageer. Dit mag wees omdat die emosionele betrokkenheid vir haar te veel is en sy dus as gevolg daarvan distansieer. Dit mag ook wees om tyd te wen. Die kaart word oor die algemeen vir familieverhoudings interpreteer. Dit mag dus blyk dat daar nie hegte of intieme familiebande bestaan het nie. Sy identifiseer met die jong vrou wat wil wegbeweeg van die familie. Sy is nie tevrede met die dinge wat al lank= al so is nie, en soek nuwe dinge. Die man is aktief besig om te werk. Dit mag ook wees dat sy 'n behoefte het om soos die man aktief te wees en daarom wegbeweeg van die passiewe vroulike rol. Sy wil nie die vroulike rol ver= tolk nie, maar eerder die aktief-manlike rol. Dit wek egter angs. Materiële dinge kan egter ook belangrik wees as gevolg van vader se beroep en haar noodsaak om die familie geldelik uit te help.

Kaart 3BM

17" "This girl must have had some disappointment and she is sitting and crying".

Ontleding

Daar is 'n mate van opstand teen die rol van die vrou as= ook teen haar gedwonge passiwiteit. Sy kan egter nie veel daaraan doen nie omdat sy in onvermoë is om overt uitlewing aan haar aggressie te gee. Sy internaliseer eerder haar aggressie. Ambivalensie kom dus weer duidelik na vore veral as gevolg van haar behoefte om anders te wees, naamlik manlik en haar gedwonge vroulike passiwiteit.

Kaart 6GF (Vader-dogter)

27" "This man and this woman could be married. She looks

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



at him in astonishment. He must have said something to her. He looks fond of her. He could have asked her to do something for him."

Ontleding

Daar is by haar 'n intense behoefte aan emosionele ver=bondendheid op psigoseksuele gebied. Dit mag ook wees dat sy 'n behoefte het om nader aan die vader te kom maar dit alleenlik kan doen as sy totaal en al met hom identi=fiseer, naamlik ook man word. Sodoende kan sy ook die liefde van die moeder wen. Dit mag ook wees dat sy 'n behoefte het aan normale seksuele gedrag alhoewel dit ook 'n mate van vrees inboesem, moontlik omdat sy met die man identifiseer. As vrou kan dit vir haar afskrik omdat sy nie met die rol van die vrou identifiseer nie.

Kaart 7BM (Vader-seun)

24" "Father and son. Discussing something. He could have said (the father) that the young man must take more care in choosing a wife. He must look more into the background of this woman he is going with .....The young man has his mind of his own, he can think for himself. If he is interested in anybody he needs nobody's approval. He intends working and getting something out of life."

Ontleding

In 'n vader-seunverhouding is daar sprake van 'n betreklik goeie verhouding. Sy kan haarself handhaaf teen haar vader en ook teen sy gesag in opstand kom. Sy kan ook onafhanklik funksioneer. Sy kan egter luister na die advies van haar vader alhoewel sy self kan besluit of sy dit sal aanvaar al dan nie. (Dit lyk ook meer gesond as die vader-dogter kaart).

Die pasiënt is ook baie aktief en emosioneel betrokke. Dit bevestig die hipotese na aktiwiteit ten opsigte van die manlike rol wat alreeds vroeër gemaak is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kaart 6BM (Moeder-seun)

5" "This man must have come up to his mother. This woman is his mother, (wys) and told her that he wants to get married to a certain woman. His mother said things he did'nt like and did'nt approve. He is upset about it."

Ontleding

Dit dui hier op 'n onopgeloste Oedipus-kompleks (naamlik waar die seun op die moeder verlief is). Dit maak haar egter geweldig angstig en sy moet intens daarteen verdedig ("This woman is his mother"). Met ander woorde haar doel= bewus op 'n afstand hou omdat die vader andersins te be= dreigend sal wees. Dit mag ook wees hoekom sy man wil word - naamlik soos die vader. Dan alleenlik sal dit moontlik wees om om die liefde van die moeder te kompeteer met die vader. As vrou is dit onmoontlik en onaanvaar= baar. Daar is egter steeds 'n afhanklikheid van die moeder alhoewel die wens bestaan om ook onafhanklik van haar te wees. Onopgeloste afhanklikheidsbehoeftes is dus aanwesig.

Kaart 7GF (Moeder-dogter)

8" "This girl is sitting here with her doll and her mother is sitting next to her looking at the doll.....the mother was reading a book .....The girl looks a bit sad ...... maybe because the mother is not taking much notice of her."

Ontleding

'n Baie swak moeder-dogterverhouding tree na vore. Dis asof hulle elkeen afsonderlik funksioneer asook passief is en daar geen hegte emosionele betrokkenheid is nie. Dit mag ook wees dat sy dit sien asof die moeder haar as dogter onaanvaarbaar vind en sy dus verwerp voel. (Sy mag dus voel dat sy as man meer aanvaarbaar vir die moeder sal wees).

Kaart 13MF

15" "This woman looks like she is dead. The man could

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



be her husband, could have come into the room and saw her lying in that state. She might have committed suicide.... Some connection between them. He looks upset about her death."

Ontleding

Sy is geweldig in opstand teen die rol van die vrou en ont= trek heeltemal van intieme betrokkenheid met 'n man (self= moord). Sy identifiseer met die rol van die man alhoewel dit ook by haar 'n behoefte aan normale heteroseksuele ver= houdings impliseer. Dit wek ook 'n mate van angs. Die man se rol is meer aanvaarbaar as die rolvervulling van die vrou wat vir haar totaal onaanvaarbaar is.

Kaart 8BM

22" "This boy is thinking ..... well he could be thinking of what he should do with himself as he grows older. Become a surgeon, operate on people or to become a good soldier. To reach a high rank. On the other hand think of something he had seen. Father been shot and well somebody cut the bullet out. Could be just the recalling of his memories."

Ontleding

Sy identifiseer geweldig met die seuntjie moontlik omdat sy die behoefte het om die rol van die man te vertolk. Sy stel ideale aan haarself hoog. Dit mag wees dat haar aspirasies hoër is as haar vermoëns. Sy het egter 'n be= hoefte om uit te styg bo die normale vlak van die lewe. Haar aggressie word onderdruk en nie vry spontaan uitgelewe nie. Sodra sy minder angstig is, rig sy haar aggressie op die vaderfiguur. Moontlik omdat hy man is, iets wat sy graag wil wees. Sy moet dus daarteen verdedig deur te distansieer omrede dit spanning opwek.

Opsomming

Sy handel nie impulsief nie, behalwe dat dit tot 'n mate van angs en spanning aanleiding gee. Sy beskou dinge eers goed voordat sy daarby betrokke raak.

151/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Geslagsrolidentifikasieprobleme kom voor veral as gevolg van swak ouer-kindidentifikasie. Sy is baie ambivalent oor die vertolking van die onderskeie rolle. Die ver=tolking van die rol van die vrou is egter vir haar totaal onaanvaarbaar.

Sy is baie onseker van haarself en gevolglik passief. Dus nie aktief handelend betrokke nie. Dit is moontlik ter verdediging van die uitlewing van overte aggressie. Sy het egter 'n behoefte om soos die man aktief te wees.

Sy maak gebruik van wensdenkery en fantasie in 'n poging om die eise van die hede te ontvlug. Sy stel dit uit tot later wanneer dit minder angs sal wek. Sy wil daar=aan voldoen maar is ook onseker van haar vermoëns.

Swak familieverhoudings het voorgekom. Geen hegte emo=sionele betrokkenheid nie en sy distansieer ook van in=tieme interpersoonlike kontak.

Met die vader-kindverhouding identifiseer sy beter as "seun". Sodoende is sy nie so afhanklik van hom nie. Sy kan onafhanklik wees maar ook uiting gee aan haar op=stand teen sy outoriteit. As dogter kan sy dit nie doen nie alhoewel sy tog emosioneel betrokke is.

Die moeder-kindverhouding weerspieël dieselfde. As dogter kan sy glad nie met die moeder identifiseer as gevolg van onbetrokkenheid aan albei kante. Sy het 'n behoefte aan kontak met die moeder en dit kan alleenlik bewerkstellig word as sy "seun" is of met die rol van die seun identi=fiseer. Sodoende kan sy uiting gee aan haar gevoelens maar onafhanklik bly. Onopgeloste afhanklikheidsbehoef=tes kom hier duidelik na vore.

In 'n psigoseksuele verhouding is die rol van die vrou vir haar totaal en al onaanvaarbaar. Sy distansieer gevolglik van die emosionele betrokkenheid met 'n man.

Problematiek met betrekking tot die uitlewing van aggressie kom voor. As vrou moet sy dit passief hanteer en dit lei tot depressie. As "seun" is daar egter meer moontlikhede

152/......




2



a) "I see myself as 2 (3) person"

b) "I don't see myself at all."



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



om haar opstand teenoor die vader en gesag uit te lewe. Dit is ook waarna sy strewe, alhoewel die ambivalensie haar geweldig angstig maak.

5 Die Teken-'n-mens Toets : Protokol en ontleding

Sy teken iemand van dieselfde geslag as sy eerste. Dit dui moontlik op identifikasie met die vroulike rol asook haar siening van vroulikheid in die algemeen.

Die feit dat die vrou direk vorentoe kyk mag dui op 'n oop beskouing van die lewe. Daar is ook 'n gelukkige uitdrukking op die vrou se gesig wat mag dui op aanvaar= ding van die vroulike rol. (Dit moet egter in aanmerking geneem word dat sy hier haar vriendin as model gebruik het. Dit is dus nie noodwendig haar eie selfbeeld nie, maar hoe sy graag 'n vrou wil sien).

Sy lê ook baie klem op die uiterlike vroulike geslagsor= gane naamlik die borste en die heupe. Volgens Machover mag dit dui op sterk identifikasie met die dominante moederfiguur. (Dit mag dus verband hou met haar aange= trokkenheid tot 'n ouer vrou).


Meer detail kom ook ten opsigte van die bolyf voor in teen= stelling met die onderlyf. Dit mag aanduidend wees van konflik in die genitale areas of moontlike geslagsrol= identifikasieprobleme. (Dit is by die man sowel as die vrouefiguur. By die selfbeeld is die hele liggaam uit= gelaat. Dit mag dus wees omrede haar liggaam konflik veroorsaak).

Die vrouefiguur kyk ook na vore in teenstelling met die manspersoon wat na links kyk. Dit mag wees dat sy as vrou 'n mate van sekuriteit het en die wêreld in die ge= sig kan kyk. Iets wat problematies op die oomblik is omrede sy nog nie ten volle as man die wêreld kan benader nie. Die mans kyk albei links wat volgens Machover ook dui op selfgesentreerdheid en introversiewe tendense.

Die man se bolyf word ook oorbeklemtoon in teenstelling met die ondersteggedeelte van sy liggaam. Dit mag dus

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Naam/Name: ........................ .................................. Datum/Date: 20/2/73



AANWYSINGS: In die vierkante is daar tekeninge begin wat u moet voltooi. Teken wat u na aanleiding daarvan te binne skiet. Dit kom nie op u tekenbegaafdheid aan nie. Gebruik slegs potlood, geen lineaal of passer nie. Moet nie uitvee nie. Beantwoord asseblief ten slotte die onderstaande vrae:

DIRECTIONS: In the squares there are drawings to be completed by you. Draw anything that comes to your mind as a result thereof. It is not a matter of drawing efficiency. Use only a pencil, no ruler or other utensils. Do not rub out. After completion, kindly answer the following questions:

Wat word deur die tekeninge voorgestel/What is represented by the drawings?

1. DRAWING FROM A BOOK OF THE SOLAR SYSTEM
2. A MAN
3. BUILDINGS
4. A HOUSE
5. A FORK
6. A BOOK
7. A FLOWER
8. THE EYE

Watter tekeninge beskou u as die mees geslaagde/Which drawing do you deem most successful? THE EYE

Watter die mins geslaagd/Which one the least successful? DRAWING OF THE SOLAR SYSTEM.

V & R. PTA.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ook weer dui op probleme in die genitale areas.

Sy teken ook vir die man 'n snor en beklemtoon so sy man=likheid en viriliteit. Dit mag dus 'n behoefte by haar openbaar om soos die man te wees - viriel en manlik en daarom dat sy soveel klem daarop plaas.

By die tekening van die self word die snor uitgelaat, moontlik omdat sy besef dat sy nie ten volle man kan wees nie. Sy openbaar ook haar eie onsekere liggaamsbeeld deur die weglaat daarvan.

"I see myself as two persons", naamlik as man en vrou. Dit wek soveel konflik dat sy nie haarself kan teken nie. "I don't see myself at all". Dit dui op haar totale on=vermoë om die twee teenstrydige beelde met mekaar te inte=greer.

'n Mate van spanning en angs word ook algaande opgemerk soos die instruksies nader aan haarself beweeg, en sy meer van haarself moet gee.

Dit blyk dus uit al drie tekeninge dat geslagsrolprobleme wel voorkom en dat sy 'n behoefte het om man te wees al=hoewel sy onseker is hoe om haar huidige liggaamsbeeld daarby te integreer.

6 <u>Wartegg : Protokol en ontleding</u>

Uit die toetsontleding blyk dit dat sy oor die algemeen 'n spontane persoon is met vitaliteit alhoewel sy klem laat val op die meer vroulike aspekte van die toets.

Geslagsidentifikasieprobleme mag aanwesig wees. Sy teken die gesig van 'n man wat volgens Kinget vreemd is aangesien 'n persoon gewoonlik mense van sy eie geslag teken. Dit mag dus hier dui op konflik met die huidige vroulike ge=slagsrol en behoefte aan die manlike geslagsrol. Ambi=valensie met betrekking tot die aanvaarding manlikheid of vroulikheid word dan ook verder op die toets waargeneem.

'n Mate van angs en gespannenheid in die toets word waar=geneem alhoewel dit nie haar spontaniteit beïnvloed nie. Dit is egter aanduidend van emosionele probleme wat kan voortspruit uit geslagsrolproblematiek.

154/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sy is 'n sensitiewe mens en mag onseker van haarself wees, die wat sy nie so emosioneel betrokke raak op die toets nie. Dit het nie 'n remmende invloed op haar nie en sy kom goed aangepas in haar omgewing voor.

7 <u>Integrasie van die kliniese geskiedenis en toetsresultate</u>

Die pasiënt se biologiese geslag is vroulik en sy kom der=halwe na die Transseksualiste-kliniek met die hoop om na die manlike geslag verander te word.

Volgens haar het sy nooit werklik met die rol van die vrou geïdentifiseer nie, selfs nie as dogtertjie nie. Sy het ook altyd 'n voorliefde vir seunsmaats en -speletjies ge=had.

Vir haar is die manlike geslagssimbool dié belangrikste en sy sê ook: "I'll feel proud if I had a penis".

Sy presteer op die Wechsler-Bellevue-intelligensieskaal met 'n IK wat as gemiddeld of normaal geklassifiseer kan word, alhoewel 'n swak selfbeeldkonsep uit die subtoets=strooiing na vore kom.

Die swak selfbeeldkonsep is ook telkens op die ander pro=jektiewe tegnieke opgemerk. Dit kan verklaar word in die lig van haar eie onsekere identiteit en die biologiese lig=gaam van 'n vrou met die psigiese strewe na volkome manlik=heid.

Sy het 'n geweldige behoefte aan affeksie alhoewel sy dit onderdruk en represseer omdat dit te gevaarlik is om emo=sioneel betrokke te raak op interpersoonlike vlak.

'n Mate van impulsiwiteit en egosentrisiteit kom na vore veral in 'n nuwe situasie. Dit rem haar egter nie om die wêreld om haar soos ander waar te neem nie en sy kan nog spontaan op stimuli vanuit die omgewing reageer.

Sy beskik oor genoeg kreatiewe potensiaal om haar aspira=sies te bereik. Sy is egter nie iemand vir baie detail nie maar stel eerder belang in die geheelbeeld.

Sy het egter 'n intense behoefte aan fisiese kontak asook

155/.....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



om te onderskei tussen manlikheid en vroulikheid. Dis moontlik verstaanbaar gesien in die lig van haar geslags=rolidentifikasieprobleem. Sy is duidelik afhanklik van die moederfiguur wat ook bevestig word deur haar verhoud=ing met 'n ouer vrou.

'n "Penis-envy" is ook aanwesig. Sy kan nie ten volle met die ouers identifiseer nie en strewe na volkome man=likheid.

Geslagsrolidentifikasieprobleme is baie sterk op die voor=grond en sy is ook ambivalent teenoor die vertolking van die manlike sowel as die vroulike rolle. Die vertolking van die vroulike rol is egter vir haar totaal onaanvaar=baar.

Sy is op die oomblik passief geöriënteer en maak van wens=denkery en fantasie gebruik, moontlik in 'n poging om die hede met sy eise aan haar vroulikheid te ontvlug. Dit mag ook wees hoe sy haar angs hanteer.

Met die ouerfigure kan sy net as "seun" identifiseer moontlik daarom dat dit in die hede vir haar so moeilik is om met die rol van die vrou te identifiseer.

As "seun" is die uitlewing van aggressie ook moontlik ter=wyl in die rol van vrou dit onderdruk moet word en sy nie suksesvol uitlewing daaraan kan gee nie.

Gesien dus in die lig van bogenoemde is dit verstaanbaar dat sy met die rol van die man identifiseer en trots sal wees om 'n penis te hê. Die penis simboliseer vir haar manlikheid en viriliteit.

Sy is egter nog onseker en angstig oor die hele kwessie, moontlik omdat sy ook nie weet hoe om as man op te tree nie of ook omdat sy nooit, afgesien van die operasie, ten volle man sal kan wees nie.

## GEVALLESTUDIE E

1 <u>Bespreking van die kliniese geskiedenis na aanleiding van die gestruktureerde onderhoud</u>

Die pasiënt is biologies vroulik en wil na 'n man verander

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word. Tydens die onderhoud was sy dan ook soos 'n man gekleed en het reeds die sosiale rol van die man oorge=neem.

Sy is tans 22 jaar oud. Haar ouers is nooit geskei nie en is reeds 25 jaar lank getroud.

Sy beskryf haar vader as iemand wat by almal gewild is. Hy het egter vroeër baie gedrink en dit het die verhouding tussen haar en haar vader vertroebel. Hy neig om streng te probeer wees alhoewel hy baie saggeaard is. Sy be=skryf haar moeder as 'n ekstrovert wat alles sal doen om iemand anders te help. Sy is egter baie ongeduldig en kan maklik haar humeur verloor. Sy hou ook nie daarvan om te wag nie.

Die pasiënt beskou haar ouers se huwelik as geslaag. Sy voel dat hulle mekaar balanseer.

Die pasiënt het matriek geslaag en is van plan om verder te studeer.

As kind het sy meestal met seuns gespeel maar vanweë die aard van die hoërskool was sy beperk tot meisiegeselskap.

Sy kan onthou dat sy op vierjarige leeftyd geweier het om dogtersklere aan te trek. Haar ouers het haar nooit forseer om dogtersklere te dra nie. Sy maak die opmerk=ing dat sy gehou het van die skooluniform - veral die skool=baadjie. Dit is soos 'n mansbaadjie en sy kan daaragter wegkruip.

Sy leef tans as 'n man en werk as 'n man. Haar stokperd=jies is ook nou meer manlik geöriënteer soos byvoorbeeld houtwerk.

Menstruasie was vir haar 'n geweldige skok. Sy het dit gehaat: "I thought I would die..." Haar borsontwikkeling het sy probeer wegsteek deur vooroorgebuig te loop. Op die huidige oomblik bind sy haar vas omrede sy as man lewe en in die alledaagse omgang as man aanvaar word.

Sy het reeds heteroseksuele verhoudinge gehad alhoewel dit haar nie bevrediging gegee het nie. Sy is lief vir 'n sekere meisie maar het die verhouding beëindig omrede dit

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



haar nie bevredig soos dit nou is nie.

As sy drie wense gegun word, is haar eerste wens dan ook om 'n man te wees. As sy iets omtrent haarself kan ver=ander dan wil sy haar borste weg hê asook "a reasonably presentable looking penis".

Indien die operasie nie gedoen word nie, is haar toekoms=blik onmoontlik aangesien sy nie weer kan teruggaan na haar vorige lewe om net vrou te wees nie. Indien die operasie egter wel gedoen word sien sy moontlikhede om alles te doen wat sy nog altyd wou doen, maar nooit kon doen nie omdat sy fisies vroulik was.

2 Wechsler : Protokol en ontleding

| Verbaal | RT | GT | Prakties | RT | GT |
|---|---|---|---|---|---|
| Alg inligting | 18 | $12,5^{0}$ | Prentvoltooiing | 13 | $11,0^{0}$ |
| Alg begrip | 14 | $12,5^{0}$ | Voorwerpsame=voeging | 21 | $12,5^{0}$ |
| Rekenkunde | 8 | $11,0^{0}$ | Blokpatrone | 29 | $11,0^{0}$ |
| Syferherhaling | 13 | $12,5^{0}$ | Syfersimbool | 59 | $13,5^{0}$ |
| Ooreenkomste | 22 | $15,0^{+}$ | Prenterangskik=king | 15 | $12,5^{0}$ |
| Verbale telling | | 63,5 | Nie-verbale telling | | 60,5 |
| Verbale St punt | | 127,0 | Nie-verbale St punt | | 121,0 |
| Korreksiesyfer | | 1 | Korreksiesyfer | | 1 |
| Verbale IK | | 126 | Nie-verbale IK | | 120 |

TOTALE IK = 124

Verbale IK = 126
Nie-verbale IK = 120
Totale Ik = 124

Die omvang is 11,0 tot 15,0. Die mediaan is 12,4. (Die subtoetsstrooing is op grond van die mediaan bereken).

Ontleding

Sy presteer met 'n IK van 124 wat as superieur geklassifi=seer kan word. Geen deteriorasie kom volgens die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Wechsler-formule voor nie.

Die strooiing op die subtoetse is onbeduidend van enige psigiatriese afwyking, alhoewel swak aandag en konsen=trasie by Rekenkunde voorgekom het. Die angsdriehoek toon geen funksionele belemmering as gevolg van angs nie.

Geen spesifieke diagnose kan op grond van bogenoemde ge=gewens gemaak word nie.

3 Rorschach : Protokol en ontleding

(a) Rorschach-protokol

(?) Navraag tydens die onderhoud

| Respons | Navraag | Determinante |
|---|---|---|
| Kaart I | | |
| 1 7" (draai kaart in die rondte) The centre por=tion is an Eastern god | The outline, like pictures you see of the East | D F (H) |
| 2 The area here is the jungle and old ruins. A temple that is overgrown | Confusion here. Not grown in order. The shading made me think of it. | D F Nat |
| 3 This is the crown of a god=dess or god and here is the head and the body | (Dit hou verband met respons op 1, met ander woorde 'n verdere beskrywing) | |
| 4 These two here look like hands | (?) Reaching out. Probably the place of sacrifice for the god. Hands reaching out to re=ceive the sacrifice | d M Hd |
| Kaart II | | |
| 6" Impression of an abstractly drawn butterfly. The top part is the anten=nae, here are the wings and the body. | (?) Butterflies have various colors (?) Flying | D FM,FC A |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| Respons | Navraag | Determinante |
|---|---|---|
| **Kaart III** | | |
| 1 3" Two African women drawing water from the well | (?) The shape of the body | W M H P |
| 2 These coloured bits represent the bush around them. These are the pitchers and this bottom sec= tion represents the well | (?) Of creepers hanging down from trees and some bush in the distance | D F Nat |
| **Kaart IV** | | |
| 8" Looks like a tattered bearskin rug. The top where the neck used to be The white represents the shagginess where age has worn through. | (?) The tecture, the shading of the whole thing.<br>(?) Age has worn holes through the actual skin. | W,S Fc,FC' A Obj |
| **Kaart V** | | |
| 1 12" The back part looks like the legs of a rabbit. | (?) A dead rabbit. His legs are apart | D F Ad |
| 2 The top part looks like the head of a snail. | (?) Reminds me of a snail - his anten= nae.<br>(?) Crawling along. | D FM Ad |
| 3 This section looks like the backpart of a buck. The leg and the tail. The picture re= presents animal life: rabbit, snail and buck. | (?) After its been shot, hanging from a tree. Then the tail would be stand= ing up but now its hanging down and the tail as well.<br>(?) I have a great love for animals, and this reminds me of the animals I know. | D F Ad |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| Respons | Navraag | Determinante |
|---|---|---|
| Kaart VI | | |
| Looks like a giant stingray. The tail part, the wings and antennae. This is the body (wys). | (?) Once saw one that impressed me greatly. Texture of the pattern, the shading and colour= ing is grey. The various shades, lighter grey and darker on the spot (?) It's floating in water. | D FM, FC' A |
| Kaart VII | | |
| 1 7" A coral is= land. These jagged edges are the coral for= mations. The section here is where the sea washes between the chanel and the formations. | (?) Only coral is= lands give these shapes. (?) Surrounded by sea. No one living there, just the coral. (?) Looking at it from above. | D F Coral |
| 2 These look like laughing rabbits as well. This is the ears and this the mouth. | | D FM A |
| 3 They look like other characters out of a nursery rhyme. Rabbits laughing. These are pulling an ugly face.... laughter and sorrow. The com= parison. Like in the theatre. The whole pic= ture together represents the island. | | D FM (A) |
| Kaart VIII | | |
| (draai kaart al in die rondte) 1 Reflection of the sun on ice. | (?) (I always want= ed to go to the Antaric). The way the sun shines and | W FK Reflection |

161/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


| Respons | Navraag | Determinante |
|---|---|---|
| Kaart VIII(Vervolg) | ice reflects it.... a different beauty, and the red color. | |
| 2 These two are wolves, after a kill, and there is blood on the ice and this re=flection on their bodies gives it a pink=ish effect. The other colours are just the re=flection on the ice. | Blood?/ The red colour and wolves land up killing. | D FM,CF A P |
| Kaart IX | | |
| 10" Looks like an atomic explosion. Bottom represents the earth. Orange is the heat and fire after the ex=plosion. The green represents the polluted air - full with death. This part repre=sents the bloody part of doom. | (?) The shape of this is a mushroom, shaped cloud. The bottom where de=struction is. The death....no life left after an ato=mic exposion. (?) It is immediat=ly after the explo=sion. | W CF,KF,m Eksp<br>D CF Vuur |
| | (?) Air can't be breathed, it is full of radiation. The dirty green. | D CFsym Pol=lut |
| | (?) Ultimate end of humanity. Frighte=ning clouds over mankind. It is right that it should be red be=cause it is repre=sentive of what it does. | D CFsym Doom |
| Kaart X | | |
| 1 V∧V An undersea picture. | (?) The colour and the various shapes. | W CF Undersea |
| 2 A lobster (grys) | (?) Shapes and pin=cers, crawling a=long the bed of the sea towards the coral looking for food . | D FM A |

162/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| Respons | Navraag | Determinante |
|---|---|---|
| Kaart X (Vervolg) | | |
| 3 two giant crabs (blou). | (?) Legs and pin=cers moving about. | D FM A |
| 4 This section re=presents the coral formation (rooi). | (?) Coral is pink or light pink or white. | D F Obj Coral |
| 5 Some type of squid (onderste groen). | (?) Shapes of the face - also moving. | D FM A P |
| 6 These two yellow ones are fish. | (?) The shape. Moving around the coral looking for food. | D FM A |
| 7 Jelly fish (oranje). | (?) Floating around | D FM A |
| 8 Seawead (Sides) | (?) Floating around A colourful moving scene. | D Fm Seawead |

(b) Die Psigogram




R = 28
W = 5
D = 22
d = 1
S = 1
P = 4

(c) Globale interpretasie van die psigogram

'n Kwantitatiewe ontleding van die psigogram kan nie in hierdie geval gedoen word nie omrede daar alleen=lik twee M-response aanwesig is. Gevolglik word

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daar net 'n globale interpretasie van die psigogram gegee.

Die eerste indruk van die psigogram is dat daar meer response op die linkerkant as die regterkant, nl die kleurarea, is. Dit mag daarop dui dat die persoon nie spontaan sal reageer op stimuli vanuit haar om= gewing nie, maar haar responsiwiteit eerder onderdruk of inhibeer en haar wêreld in terme van haar eie be= hoeftes benader en struktureer. Dit dui ook op in= trovertiewe tendense.

Die feit dat hierdie persoon nie drie M-response gee nie, is nie aanduidend van 'n lae intelligensie nie aangesien Wechsler 'n aanduiding gee van superieure intelligensie. In hierdie geval kan daar egter emo= sionele faktore aanwesig wees wat 'n remmende invloed het op haar empatiese verhouding met ander mense, as= ook die benutting van haar potensiaal.

Die feit dat FM-response die M-response domineer kan ook 'n aanduiding van swak selfaanvaarding of 'n swak selfbeeldkonsep insluit. Dit dui ook moontlik op swak interpersoonlike verhoudings as gevolg van bo= genoemde.

Die feit dat daar so 'n geweldige hoë FM-kolom is, mag aanduidend wees van behoeftes wat aandring op on= middellike bevrediging. Veral egosentriese behoef= tes. Mag ook dui op impulsiwiteit. Daar is egter 'n bewuswees van haar behoeftes wat nie noodwendig tot overte uitlewing daarvan, aanleiding sal gee nie. Omrede daar ook 'n hoë CF is, is die moontlikheid daar dat sy wel op ongekontroleerde wyse uiting aan haar behoeftes en emosies kan gee.

Sy is bewus van spanninge buite haarself wat haar persoonlikheid kan bedreig. Dit dui egter nie noodwendig op 'n hulpeloosheid en aanvaarding nie,

164/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maar dat sy tog die spanning probeer aanpas by die realiteit. Die konflikte wat sy ervaar probeer sy dus hanteer en het dus nog nie opgegee nie.

Die feit dat geen KF-response aanwesig is nie, sê nie dat daar geen diffuse affeksionele angs is nie. Dit mag wel onderdruk word soos ook die M-response.

Die feit dat daar wel een FK-respons aanwesig is, dui daarop dat sy 'n bewuste poging aanwend om haar affeksionele angs deur middel van introspeksie te hanteer. Met ander woorde, sy verobjektifeer haar probleem om sodoende perspektief te kry. Plaas dit dus op 'n afstand sodat sy dit onbetrokke kan beskou. Dit het 'n positiewe en stabiliserende invloed op haar omdat sy sodoende die angs wat die affeksionele opwek, kan hanteer. Dit is egter nie noodwendig 'n teken van insig nie, maar wel 'n teken van rede= like goeie aanpassing.

Sy gebruik nie intellektualisering as verdediging teen affeksionele angs nie.

Die feit dat daar 'n matige hoeveelheid F-response aanwesig is, kan aandui dat sy soms die realiteit op 'n onpersoonlike wyse kan benader sonder om werk= lik emosioneel daarby betrokke te raak. Dit mag haar introversie en introspeksie verklaar.

Sy is egter bewus van haar affeksionele behoeftes en aanvaar dat hulle daar is. Die feit dat sy so min response gee kan daarop dui dat sy sensitief is vir haar affeksionele behoeftes asook angs as gevolg daarvan ervaar. Sy verdedig teen hierdie angs op introspektiewe wyse.

FC'-response wat aanwesig is, dui op depressiewe ge= voelens wat aanwesig is, moontlik as gevolg van on= vervulling van haar affeksionele behoeftes, asook moontlike traumatiese ervarings tydens haar kinder= jare. Dit dui ook daarop dat sy alleen op mini= male wyse kan reageer ten opsigte van stimuli vanuit haar omgewing. Dit mag ook wees dat sy onttrek van

165/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

goeie uitlewing van emosies of responsiwiteit op emosioneel-belaaide situasies.

Die feit dat CF groter is as FC dui daarop dat sy haar emosionele reaksies eerder op 'n ongekontroleer=de wyse sal uitleef as gekontroleerd ten opsigte van haar verdedigings.

Dit dui ook op 'n ambivalensie in haar persoonlik=heidstruktuur. Aan die een kant is daar doelbewuste inperking en onttrekking van emosioneel-belaaide situ=asies, maar aan die ander kant is die moontlikheid daar dat indien sy emosioneel betrokke gaan raak, sy overt uiting gaan gee aan haar emosies, sowel as haar onbe=vredigde impulsiewe en egosentriese behoeftes.

Die feit dat daar wel 'n addisionele FC aanwesig is, dui op die moontlikheid van kontrole, hetsy dit poten=siaal is of 'n kontrole wat besig is om af te neem.

Haar realiteitstoetsing is swak, moontlik as gevolg van die ambivalensie en onsekerheid hoe om haar emo=sies suksesvol uit te leef asook om haar potensiaal te benut.

(d) <u>Kwalitatiewe ontleding</u>

<u>Kaart I</u>

Sy draai die kaart al in die rondte wat dui op span=ning en angs in 'n nuwe situasie. Sy probeer dit hanteer deur tyd te wen. Die respons wat sy gee is aanduidend van haar goeie intellek asook die vrye ge=bruikmaking van fantasie. Sy verwyder die respons van hierdie wêreld - 'n "Oosterse god" - die hipotese kan gestel word dat die kaart vir haar bedreigend is en dat sy daarvan wil distansieer - met ander woorde na die Ooste gaan. (Godsdiens mag ook vir haar 'n wyse van angs en skuld hantering wees). Dit mag ook wees dat sy haar probeer kontroleer (in terme van emosies) soos die Oosterse gode. Dit is ook ietwat verhewe. Dit mag ook haar siening van haarself wees, naamlik verhewe bo die gewone mens en sy gevoelens, omdat

166/.....

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

sy dit so goed kan kontroleer. Sodoende beweeg sy weg van die gevoelsmatige na 'n amper mistiese.

Die "jungle" wat so oorgroei is met struike en wat op "confusion" dui, mag ook haar siening van haarself wees. (Dit mag ook haar id wees, naamlik onbevredig=de behoeftes, wat 'n remmende invloed het op die soeke na verhewenheid - super-ego). Sy soek egter na iden=titeit as gevolg van haar onsekere geslagsrol. Sy soek ook na stabiliteit maar as gevolg van haar on=sekerheid en innerlike spanning manifesteer dit in angs.

Sy toon duidelike geslagsrolproblematiek veral met betrekking tot ambivalensie. Dis 'n "god" of "god=dess". Dit veroorsaak verwarring en angs omdat sy onseker oor haar eie geslagsrol is.

Sy gaan vandaar na die kleinste dele bo-op die kaart - die hande - en sien hulle as "reaching out te re=ceive the sacrifice".

Dis asof sy op hierdie kaart haarself ten volle bloot=stel. Haar onsekerheid en soeke na hulp en leiding is op die voorgrond. Sy stel haarself afhanklik in 'n poging om gehelp te word.

<u>Kaart II</u>

Op hierdie kaart waar sy vir die eerste keer met emo=sie gekonfronteer word, wek dit angs wat sy hanteer deur eers daarvan te distansieer en dan betrokke te raak. Sodoende gee sy overt uiting aan haar emosies.

"Abstractly" mag dui op iets wat ongedifferensieer is. Dit maak dit dus vir haar moeilik om emosies sinvol waar te neem omrede spanning aanwesig is. 'n Mate van kleurskok kom ook voor. Dit is moontlik die reaksie op emosioneel-belaaide stimuli. Sy is dus oorweldig deur die emosionele stimuli en probeer dit hanteer deur daarvan te distansieer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

<u>Kaart III</u>

Op hierdie kaart waar sy eintlik eers werklik op in=terpersoonlike vlak betrokke raak, reageer sy soos ander mense. Die hipotese kan gestel word dat sy relatief goed met mense oor die weg kom en op die wêreld kan reageer soos ander. Dit mag haar egter tot 'n mate angstig maak om te emosioneel betrokke te raak by mense. Gevolglik distansieer sy daarvan, na die meer onbetrokke onpersoonlike dinge (die "creepers").

<u>Kaart IV</u>

Sy het 'n geweldige behoefte aan affeksie ten opsigte van die vaderfiguur. Alhoewel dit tot 'n mate vir haar bedreigend is, moet sy dit verkleineer. Sy maak dus asof dit nie werklik belangrik is nie. So=doende kom haar opstand en negatiwisme na vore teenoor die vaderfiguur wat moontlik nie haar behoefte aan affeksie bevredig het nie. Sy kan ook moontlik nie met die vader identifiseer nie omrede haar affeksionele behoeftes nie bevredig is nie.

<u>Kaart V</u>

Sy kan nie hier tot 'n georganiseerde geheel kom nie wat dui op probleme in die aanvaarding van die reali=teit soos dit werklik is. Gevolglik stel sy meer in besonderhede belang. (Dit mag ook verband hou met haar eie probleem naamlik dat sy nie haarself as vrou kan aanvaar nie. Met die gevolg dat sy nie die realiteit waarneem soos dit werklik is nie).

Sy hanteer realiteit op 'n passiewe en skadelose wyse, asof dit iets is wat stadig vooruitgaan, maar selfs hierdie aktiwiteit is vir haar bedreigend.

Sy kan dit tot 'n mate kontroleer deur middel van ver=dediging. Sy probeer dit saam voeg "dierelewe", en maak dit iets wat sy ken omdat dit andersins te veel spanning veroorsaak.

Sy kan ook nie die populêre vlermuis op die kaart

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waarneem nie, wat dui op kleurskok as gevolg van emosionele betrokkenheid. Sy distansieer van dis=foriese stimuli na die minder bedreigende passiewe diere. Sy mag dus probleme met realiteitsaanvaarding ondervind.

Kaart VI

Seksualiteit is vir haar geweldig bedreigend. Sy onderdruk haar affeksionele behoefte sodat dit net nog oppervlakkig aanwesig is.

Sy is met die manlike sowel as die vroulike deel op die kaart gepreokkupeer. Sy sien dit in geheel as 'n "stingray". Psigodinamies mag dit daarop dui dat sy soos hierdie vis wil wees en deur die water gly. Sodra iets egter in die vis se pad kom of hy bedreig voel gee hy 'n elektriese skok deur middel van sy stert af. Die hipotese kan dus gemaak word dat in die verkryging van manlikheid sy bedreigende situasies beter sal hanteer. "I once saw one that impressed me greatly", mag weer die hipotese van "penis-envy" onderskryf. Depressiewe gevoelens is egter nog aan=wesig, sowel as spanning.

Kaart VII

Die moederfiguur is vir haar hard - ("coral island"). Dit dui op swak identifikasie met die moeder moontlik omdat die moeder dit nie aangemoedig het nie. Sy kan ten spyte daarvan met vroulike seksualiteit (onder op die kaart) identifiseer alhoewel sy nie emosioneel be=trokke raak nie.

Te midde van die hardheid van die moederfiguur is daar behoeftes aanwesig wat aandring op onmiddellike bevre=diging. Veral die afhanklikheidsbehoefte. Onopge=loste afhanklikheidsbehoeftes ten opsigte van die moederfiguur kom na vore.

Daar is ook ambivalente gevoelens teenoor die moeder=

169/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



figuur, naamlik "laughter and sorrow". Die twee teenpole in emosionele verhoudings. Die hipotese is dus dat die moeder dalk onseker van haarself as vrou was en as gevolg van dit koud en ongenaakbaar voorgekom het. Identifikasie en diepe emosionele be= trokkenheid met die moederfiguur was dus gevolglik be= moeilik. Sy beleef dus moontlik die moederfiguur as ambivalent, iemand wat nie haar behoeftes bevredig nie en emosioneel koud is. Gevolglik was diep kontak onmoontlik.

<u>Kaart VIII</u>

Sy draai die kaart in die rondte wat dui op spanning veral waar sy met realiteit en emosionele betrokken= heid gekonfronteer word. Sy is angstig in die nuwe situasie en hanteer dit deur dit op 'n afstand te plaas. Neem nie die werklikheid as sulks waar nie eerder die "weerkaatsing". Sodoende is dit tot 'n mate afgewater en hoef sy nie ten volle emosioneel betrokke te raak nie.

Emosioneel-belaaide stimuli het dus 'n geweldige in= vloed op haar alhoewel sy telkens daarteen verdedig. Sy wil nie die realiteit ten volle waarneem soos wat dit is en wat dit van haar verwag word nie. Eerder die weerkaatsing, die meer onpersoonlike manier.

Sy staan ook redelik aggressief teenoor haar wêreld ("wolves after a kill"). Dit mag dalk dui daarop dat sy aggressief sal optree indien sy gedwing word om emosioneel betrokke te raak. Sy mag dus moontlik overt aggressief optree. Dit mag ook wees dat sy aggressief teenoor haar wêreld voel omdat haar behoefte om man te wees, nie bevredig is nie. Dit wek spanning wat ongekontroleerd uitgeleef word.

Sy maak verwysings na haarself wat kan dui op self= verdediging teen emosies wat wel uitgeleef word. Dis 'n teken van onsekerheid in die situasie, en mag 'n wyse wees van hoe sy probeer om dit weer onder beheer te bring.

170/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kaart IX

Die feit dat sy hier 'n ontploffing sien is binne ge=middelde perke, omrede dit 'n respons is wat vry dik=wels op hierdie kaart voorkom. Sy is egter so deur die emosionele impak daarvan geraak, dat sy dit op 'n intellektuele wyse probeer hanteer. Sodoende behou sy kontrole oor haar emosionele betrokkenheid.

Dit is egter vir haar 'n uiters onaangename kaart wat daarop mag dui dat emosionele betrokkenheid vir haar onaangenaam is. Dit is vir haar bedreigend en wek 'n geweldige hoeveelheid spanning soveel so dat sy dreig om kontrole te verloor en te disintegreer.

Sy poog dus om kontrole ten minste op 'n intellektuele vlak te bly handhaaf wat haar laat dink sy het 'n goeie wyse ten spyte van die onsuksesvolheid daarvan.

Kaart X

Sy kontroleer hierdie kaart beter en is oor die skok en bedreiging van die vorige kaart. Sy is hier meer georganiseer en kan dinge in geheel waarneem, voordat sy klem op besonderhede laat val. Sy raak ook nie weer so emosioneel betrokke nie en gevolglik kom geen neigings tot disintegrasie hier na vore nie. 'n Mate van spanning en aggressiwiteit kom tog wel voor, maar dit word beter gekanaliseer. Sy hanteer dit op 'n gedistansieerde wyse met ander woorde sy het nou beter kontrole oor haar emosies.

Opsomming

Daar is behoeftes by haar aanwesig wat aandring op onmiddellike bevrediging, Veral egosentriese behoef=tes wat aanleiding tot impulsiewe en ongekontroleerde gedrag kan gee. Dit wek spanning omdat die ego nie suksesvol hierdie behoeftes kan bedwing nie.

Daar is 'n ontkenning, onderontwikkeling en onder=drukking van haar affeksionele behoeftes aanwesig. Moontlik omrede die moeder nie haar afhanklikheids=behoeftes bevredig het nie. Emosionele betrokken=heid wek spanning en angs en gevolglik is interper=

171/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

soonlike verhoudings oor die algemeen swak. Sy raak net oppervlakking emosioneel betrokke.

Overte reaktiwiteit ten opsigte van emosionele stimuli kom na vore, sodra haar intellektuele kontroles nie so prominent op die voorgrond is nie. "Acting-out" van emosies kom dan voor.

Nuwe situasies kan spanning en angs veroorsaak omdat sy onseker van haarself en haar identiteit is. Sy onttrek van emosionele betrokkenheid en verdedig deur middel van overte aggressie.

Swak identifikasie met die ouerfigure het vóorgekom. Sy het 'n behoefte aan affeksie van die vaderfiguur wat nooit bevredig is nie. Die moeder is ambivalent met betrekking tot haar eie emosies en kom koud en ongenaakbaar voor. Gevolglik het hierdie swak ouer-kindverhoudings gelei tot geslagrolidentifikasiepro= bleme.

Seksualiteit is vir haar bedreigend en nog passief. Dit kan gesien word in die lig van haar huidige toe= stand van gedwonge passiwiteit as vrou en behoefte aan manlikheid. Dan alleen sal haar seksuele be= hoeftes bevredig kan word.

4 <u>TAT : Protokol en ontleding</u>

<u>Kaart 1</u>

2" Little boy looking at a violin.....he's received it as a present and although he is happy to have it, he realizes how difficult it will be to play it. It's a great chal= lenge to him....a very sensitive child / How is he feeling? / Feeling mixed-up. Happy at having received it but not so happy at learning to play it / How is it going to end?/ He'll learn how to play it.

2" (giggel-lag) Die nuwe situasie wek spanning wat op 'n verbale vlak en 'n senuweeagtige lag weer= spieël word. Dit is verligting van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

spanning asook 'n manier om tyd te wen voordat sy by die eise kom wat aan haar gestel is. Sy is onseker van haarself in 'n nuwe situasie. Sy is geweldig emosioneel betrokke en probeer eers tyd wen en meer sekuur voel voordat sy aangaan.

| | |
|---|---|
| Little boy | Onseker van haarself. Hanteer dit op 'n kinderlike en onvolwasse wyse wat mag dui op onopgeloste afhanklikheidsbehoeftes. Sy stel haarself afhanklik van outoriteit in 'n soeke na sekuriteit. |
| Looking at a violin | As gevolg van haar onsekerheid, hanteer sy die eise op 'n passiewe manier. Sy kan met ander woorde nie aktief daarby betrokke raak nie maar moet dit op 'n afstand hou. Dit is moontlik te bedreigend om aktief te wees. As die viool as vroulike seksualiteit interpreteer word, kan die hipotese gemaak word dat sy nie aktief daarby betrokke wil raak nie. Gevolglik benader sy dit passief en op 'n onpersoonlike vlak. "A" dui ook op onsekerheid betreffende haar eie identiteit en onsekere geslagsrol. Moontlik agv swak identifikasie met die ouerfigure. "Looking at" is ook weg van die gevoelsmatige en sy bly dus net met die oppervlakkige besig. |
| ...he's received it as a present | Opstand is aanwesig teenoor die eise wat aan haar gestel is. Moontlik omdat haar eie behoeftes nie daardeur bevredig word nie. Die hipotese kan dus gestel word dat sy opstandig is teenoor haar vroulike liggaam. Sy is gedwing daartoe en haar behoeftes word nie bevredig nie. Om overt in opstand te kom wek konflik en gevolglik spanning. |
| and although he is happy to have it | Sy mag nie haar opstand teenoor outoriteit overt uitleef nie en aanvaar dit amper op 'n gelate wyse. Sy voel egter baie ambi= |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

valent en onseker daaroor hoe haar optrede moet wees. Dit is asof sy haarself troos: "wel ek het darem iets en nie niks nie." Sy het tog 'n mate van identiteit alhoewel sy nie daarmee tevrede is nie.

| | |
|---|---|
| he realizes how diffi= cult it will be to play it | Sy besef met ander woorde dat dit is soos wat dit is (naamlik haar vroulike liggaam). Sy besef ook dat sy in onvermoë is om aan die eise van die vroulike rol te voldoen. Sal dus nooit met die rol van die vrou identifiseer nie. |
| It's a great challenge to him.... | Sy het egter 'n behoefte om aan die eise te voldoen alhoewel as vrou nooit ten volle nie. As man sou dit 'n uitdaging vir haar wees, want dan sal haar behoeftes bevredig word. |
| A very sen= sitive child | Die uitdaging wat sy sien is moontlik op 'n intellektuele vlak. Met ander woorde die emosionele betrokkenheid word te veel daarom dat sy daarvan moet distansieer. Word egter telkens daarheen teruggedwing omdat haar behoeftes nie bevredig word nie. Praat van "child". Dit dui op geslagsloos= heid. Dit wek minder angs omrede sy reeds onseker is van haar eie geslagrol en identi= teit.<br><br>"Sensitive" mag daarop dui dat sy outoriteit wil wys dat haar emosionele behoeftes nie bevredig is nie. Stel haarself afhanklik maar wil nie onnodig seerkry nie. Is dus weer by gevoel en emosies. |
| How is he feeling? | Die terapeut dwing haar om emosioneel be= trokke te raak omrede sy te veel skerm daarteen. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

| | |
|---|---|
| Feeling mixed-up | Dit dui op ambivalensie en onsekerheid van haarself in emosionele situasies. Dit het ook betrekking op haar geslagsrolverwarring. Sy soek dus na leiding en sekuriteit. |
| Happy at having re= ceived it but not so happy at learning to play it | Tot 'n mate is sy gelukkig en kan sy aan die eise wat gestel word voldoen. Sy is egter in opstand teen dit wat van haar as biolo= giese vrou verwag word. (Sy mag ook redelik gelukkig wees in die sin dat sy alreeds as man leef maar nog ongelukkig voel oor haar biologiese vroulike liggaam). Is dus nog onseker van haarself omdat sy nie ten volle man is nie. |
| How is it going to end? | Die terapeut dwing haar hier om te besluit hoe sy haar toekoms sien en watter besluit sy gaan neem. |
| He'll learn how to play it. | Sy neem 'n daadwerklike besluit oor haar op= trede. Nie meer so onseker van haarself nie. Sy is ook emosioneel sowel as intel= lektueel betrokke. Prognosties is dit van belang want sy is meer aktief en nie so ge= dwonge passief nie. |

Opsomming

Dit blyk dus dat 'n nuwe situasie haar geweldig angstig en gespanne maak. Sy poog dus eers om innerlike sekuriteit te verkry voordat sy die eise wat aan haar gestel word kan hanteer.

Sy is onseker van haarself moontlik as gevolg van geslag= rolidentifikasieprobleme en het ook onopgeloste afhanklik= heidsbehoeftes. Sy hanteer die eise op 'n passiewe wyse omdat sy subtiel in opstand kom teen outoriteit. Sy is ook in onvermoë om suksesvol te wees.

Ambivalensie met betrekking tot haar geslagrol kom voor as= ook die hantering van die manlike of vroulike rol. Sy poog om emosionele kontrole te handhaaf deur middel van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

intellektualisering alhoewel sy geweldig emosioneel be= trokke bly en nie van haar eie onvermoë kan wegkom nie. Sy kan haar onsekerheid tot 'n mate deurwerk sodra sy meer sekuriteit in die saak verkry en die eise meer aktief benader. Dit is prognosties goed van aard.

Kaart 2

13" "This girl is going away to University to study.... the mother is standing there, a very haughty expression on her face, as if she is going to save the world by looking after the farm. The husband is working in the fields. He is happy as long as he is ploughing the fields and his family is satisfied. Rather a nice farm as you can see in the background".

Ontleding

Sy identifiseer hier met die meisie wat wegbreek van die ouerhuis. Bewys dus haar onafhanklikheid van hulle. Dit mag ook dui op die emosionele losmaking van familie= bande (sy het dit nou gedoen deur as man alleen, weg van haar ouers te gaan bly). Daar is geweldig baie opstand teen die moederfiguur, moontlik omdat sy so selfversekerd is en onbetrokke staan teenoor die familieverhoudings. Sy is eintlik geheel en al losstaande, weg van die dogter en die vaderfiguur. Daar is ook die moontlikheid dat sy as gevolg van haar persoonlikheid ongenaakbaar of emosioneel ontoeganklik is. Hier word sy as bedreigend deur die pasiënt waargeneem.

Die vaderfiguur is inteendeel nie by die ander figure be= trokke nie en is net in sy werk geïnteresseerd. Dis asof die ander dinge by hom verbygaan. Subtiele aggressie teen die vaderfiguur kom dus ook na vore. Die dominerende moederfiguur mag dus 'n veroorsakende faktor tot identi= fikasieproblematiek gewees het.

Sodra sy egter bewus word dat sy emosioneel betrokke is, dis= tansieer sy daarvan in 'n poging om sekuriteit te bekom. Gevolglik hou sy haar besig met die konkrete onpersoonlike dinge om angs te verlig.

176/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kaart 3BM

"Desolation.....Something has happened to this child to make feel that the end of the world has arrived. The sex of the child is unimportant as it could be a boy or a girl. It could have been the death of a parent or a dearly loved animal. Child feels very lost and alone at the moment. Will realize that it is not the end of the world and that life has to go on no matter what hap= pens."

Ontleding

Totale vereensaming en gevolglik depressie speel 'n baie belangrike rol in haar lewe. Die vereensaming kan die gevolg wees van geslagrolverwarring. Met ander woorde sy voel haar nie tuis tussen mans of vroue nie en kan ge= volglik nie met een van die twee geslagte identifiseer nie. Geslagrolverwarring speel 'n groot rol alhoewel dit haar angstig maak en sy dit op 'n intellektuele wyse probeer wegrasionaliseer deur die geslag onbelangrik te maak ("child"). Dit is in teendeel by haar die mees belang= rikste aspek. Dit mag ook wees dat sy nie te veel emo= sioneel daarby betrokke wil raak nie omdat dit spanning en depressie veroorsaak.

Sy internaliseer haar aggressie omdat sy dit nie overt kan uitleef nie. Dis ook aanleidend tot depressie.

Vereensaming is by haar op die oomblik van belang omrede sy reeds die sosiale rol van die man vertolk maar nog 'n fisies vroulike liggaam het.

Prognosties is dit egter beduidend dat sy nie gaan lê nie maar nog kans sien om aktief die lewe aan te pak en te probeer om aan die eise wat gestel word, te voldoen.

Kaart 6GF (Vader-dogter)

14" "She's been sewing and he came up behind her and startled her. He's asking to take her out to a dance or a ball. Up to a little female temperament she'll accept."

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ontleding

Geen vader-dogterverhouding het voorgekom nie alhoewel daar miskien by haar 'n behoefte was aan meer affeksionele kon= tak en emosionele betrokkenheid. Hy is tot 'n mate be= dreigend maar nie soveel dat sy dit nie kan hanteer nie.

Kaart 7GF (Moeder-dogter)

"This is a mother reading to the child. A very sad and romantic story. The child imagines herself to be the heroine of the book. The mother reads with interest and affection. The child's really enjoying it and will remember it throughout it's life."

Ontleding

Geen moeder-dogteridentifikasie het voorgekom nie. Onopge= loste afhanklikheidsbehoeftes is op die voorgrond. Ge= slagrolidentifikasieprobleme is aanwesig as gevolg van die swak verhouding met die moeder ("child"). Sy hanteer die identifikasieproses op 'n geslaglose wyse. Daar is eg= ter 'n geweldige behoefte aan afhanklikheid en sekuriteit. Die moeder negeer dit en bly konkreet en onpersoonlik.

Die hipotese kan dus gestel word dat indien die moeder= figuur werklik emosioneel betrokke sou raak, sou geslag= rolprobleme moontlik nooit voorgekom het nie. Dit is moontlik hoekom sy so aggressief teenoor die moederfiguur op die ander kaarte was want haar moeder het nooit haar behoeftes aan affeksie bevredig nie.

Kaart 6BM (Moeder-seun)

10" "It's the housekeeper and the son of the family that she keeps house for. He's been called home for bad news. Perhaps his father is very ill, and she's been telling him what's happened while he's been away. A very grave situa= tion, on when he's finished listening to her he'll go to his father where he is dying".

Ontleding

Baie aggressie word teen die moederfiguur gerig. Sy is moontlik opstandig teenoor die moederfiguur as gevolg van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

haar onbetrokkenheid op emosionele vlak. Die moeder hou net huis. Met ander woorde voorsien alleenlik in die alledaagse noodsaaklike behoeftes sonder inagneming van die emosionele behoeftes. Alhoewel sy overt in opstand kom teen die moederfiguur, is daar 'n mate van subtiele opstand teen die vaderfiguur. Sy voel moontlik dis sy skuld dat sake sover gevorder het.

Sy maak haar egter ook los van die familiebande veral die moederfiguur om sodoende onafhanklik te wees. Haar af= hanklikheidsbehoeftes word egter nooit bevredig nie.

Gesien in die lig van haar geskiedenis is dit dus moontlik dat sy ook nie as seun met die moeder sal kan identifiseer nie. Dit sal steeds 'n verhouding wees wat emosioneel gedistansieer is.

Kaart 7BM (Vader-seun)

5" "The old man is this boy's uncle. Rather a pompous old gentleman but very kind in his own way. He's telling the young chap about life, giving hom a few words of ad= vice. The young chap accepts them with distaste, but ac= cepts the truth in them. He'll land up listening to his uncle".

Ontleding

Sy identifiseer meer geredelik met die rol van die seun op hierdie sowel as die vorige kaart. Sy identifiseer nie met die ouerfigure nie; dis eerder "uncle" of "housekeep= er". 'n Mate van opstand kom ook na vore, moontlik omdat dit nuwe en vreemde situasies is en sy dit nou eers stadig moet verwerk.

'n Mate van subtiele opstand teen die vaderfiguur kom na vore alhoewel sy emosioneel betrokke is en tog na sy ad= vies sal luister. Dis nie die tipe overte opstand wat teen die moederfiguur uitgeleef word nie.

Sy aanvaar moontlik die advies van die vaderfiguur omdat sy 'n sukses van haar manlike rol wil maak. Wil egter eerder ten volle onafhanklik wees, maar voel nog tot 'n mate gedwonge om afhanklik te wees.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kaart 13MF

5" "This is the lover of the woman. He's just been told by the doctor that she is dead, and he turns away, bitter with grief. She is at peace but thinks of his days of loneliness. But he is a kind fellow and will find another woman one day".

Ontleding

Daar is 'n geweldige mate van aggressie teen die vrou en die vroulike rol in 'n psigoseksuele verhouding aanwesig. Moontlik omdat sy self nie met die vroulike rol kan iden= tifiseer nie.

Dit wek skuldgevoelens en hartseer alhoewel sy ten volle met die manlike rol identifiseer. Die hipotese kan ge= stel word dat as vrou is sy gelukkig om uit die pren= tjie in 'n seksuele verhouding te bly ("she is at peace"). Dit sal egter moeilik in die begin wees om ten volle die manlike rol oor te neem. Haar prognose betreffende die toekoms is goed. Sodra sy meer standvastigheid en seku= riteit in die manlike rol verkry, is psigoseksuele ver= houdings ook moontlik.


Opsomming

Daar is 'n geweldige hoeveelheid aggressie veral teenoor die moederfiguur aanwesig. Dit kan wees omrede die moeder haar nie toegelaat het om met haar of die vroulike rol te identifiseer nie. Sy was ook nooit emosioneel betrokke by die pasiënt nie en gevolglik is daar onopgeloste af= hanklikheidsbehoeftes aanwesig. Dit dring steeds aan op bevrediging.


Die onsuksesvolle identifikasie het aanleiding gegee tot geslagrolverwarring en opstand teenoor die vertolking van die vroulike rol in die algemeen.

Ten opsigte van die vaderfiguur was identifikasie makliker. Haar affeksionele behoeftes is ook nie deur die vader be= vredig nie, maar daar was beter emosionele bande. Subtiele aggressie teenoor die vaderfiguur kom voor, in teenstelling met overte aggressie teenoor die moederfiguur.


180/......



2.



3.



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Sy identifiseer ook geredeliker met die rol van die seun as die van die dogter in die familieverhoudings. Dit beïnvloed haar prognose met betrekking tot 'n geslagver= anderingsoperasie positief.

'n Mate van depressie is egter aanwesig, moontlik omdat sy nie haar aggressie suksesvol kan uitleef nie. Juis as gevolg van haar geslagrolverwarring en haar onsekerheid in verband met haar identiteit lei dit tot die internalisering van aggressie. Dit mag egter soms ook overt uitgeleef word op 'n ongekontroleerde wyse.

Haar prognose is goed omrede sy telkens bereid is om aan te gaan en aktief betrokke te raak. Sodoende hanteer sy dit op 'n beter wyse en kontroleer sy ook haar emosies.

5 Die Teken-'n-mens Toets : Protokol en ontleding

In die teken-'n-mens toets teken sy eers 'n man wat daar= op dui dat sy met die manlike geslagsrol identifiseer eer= der as die vroulike. Vir Machover is dit ook 'n aandui= ding van geslagsrolprobleme as 'n vrou eerste 'n man teken en omgekeerd. Dit word dan ook reeds deur ander vooraf= gaande toetse bevestig.

Die arms is ook uitwaarts wat volgens Hammer (p108) dui op aggressie wat uitgeleef word, of 'n behoefte om dit uit te leef.

'n Mate van angs en onsekerheid van haarself in nuwe situa= sies kom voor. Haar lyne is lig en sketserig.

Die mond is net een lyn wat volgens Hammer (1967) ook dui op verbale uiting van aggressie. Dis hier 'n glimlag wat mag dui op 'n onvermoë om aggressie op die huidige oom= blik uit te leef maar 'n behoefte om dit te doen. Die moontlikheid om aggressie uit te leef is egter groter in= dien sy man is.

Die feit dat sy 'n gordel teken mag volgens Machover dui op die skeiding tussen die boonste en die onderste dele van die liggaam. Dit mag dus dui op seksuele problematiek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Emosioneel onvolwasse persone teken knope en lê klem op die middel van die liggaam. Met ander woorde dit is 'n verdere versterking van die vorige hipotese dat haar emo=sionele uitlewing van emosies onderdruk word en ook aan=duidend is van egosentriese behoeftes.

Die tekening van die vrou is basies dieselfde as die eer=ste. Die hande is egter agter die liggaam wat dui op 'n onvermoë in haar om uiting te gee aan aggressie en haar vroulikheid. Onderdrukking van emosionele behoeftes kom voor alhoewel 'n sterk mate tot kontaksoeke aanwesig is, veral op affeksionele gebied.

Sy is baie onseker van haarself en angs kom voor veral met betrekking tot die onderste deel van die liggaam (die inkleuring van die romp). Dit mag dui op haar pro=bleem in aanvaarding van haar vroulike liggaam.

In die tekening van haarself teken sy 'n manlike figuur met die hande uitgestrek. Dit dui op 'n uitlewing van aggressie na buite. Die hande is egter in vuiste gebal, wat nog dui op onderdrukking. Dit kan vanuit haar hui=dige situasie verklaar word. Sy het reeds die rol van die man oorgeneem, maar is nog fisies vroulik. Sy kan haar dus nog nie ten volle in die manlike rol uitleef nie.

Sy lê weer klem op die gordel wat die boonste en onderste seksuele dele van die liggaam skei. Dit is veral by haar belangrik vanweë geslagrolprobleme.


Knope is weer aanwesig wat dui op emosionele behoeftes wat onderdruk word en gevolglik nie bevredig word nie.

Sy teken ook vir haarself 'n baie prominente das wat ook volgens Machover 'n falliese simbool is. Dit mag dui op 'n behoefte in haar om soos die man te wees, maar dis ook 'n oorbeklemtoning van die manlike geslagsorgaan. Moont=lik is dit juis as gevolg van haar strewe om man te wees met 'n manlike geslagsorgaan.

Die voete is ver van mekaar en dui op onsekerheid van haarself as man. Moontlik wek dit nog 'n mate van span=

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Naam/Name: ............................................................ Datum/Date: ..............................




AANWYSINGS: In die vierkante is daar tekeninge begin wat u moet voltooi. Teken wat u na aanleiding daarvan te binne skiet. Dit kom nie op u tekenbegaafdheid aan nie. Gebruik slegs potlood, geen lineaal of passer nie. Moet nie uitvee nie. Beantwoord asseblief ten slotte die onderstaande vrae:

DIRECTIONS: In the squares there are drawings to be completed by you. Draw anything that comes to your mind as a result thereof. It is not a matter of drawing efficiency. Use only a pencil, no ruler or other utensils. Do not rub out. After completion, kindly answer the following questions:

Wat word deur die tekeninge voorgestel/What is represented by the drawings?

1. FACE OF A BOY
2. A MAN
3. AN HUT
4. A ROBOT
5. A NAIL.
6. A HOUSE AND GARDEN
7. TWO PONDS IN A PARK
8. THE SUN.

Watter tekeninge beskou u as die mees geslaagde/Which drawing do you deem most successful? NO 7

Watter die mins geslaagd/Which one the least successful? NO 3

V & R. PTA.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ning en angs veral aangesien sy reeds as man deurgaan en so lewe, maar sy nog oor die fisiese liggaam van 'n vrou beskik.

6 Wartegg : Protokol en ontleding

Oor die algemeen is haar protokol meer manlik as vroulik geöriënteer (sy gebruik byvoorbeeld voorwerpe soos spykers en robotte wat met die manlike wêreld geassosieer word). Selfs op die vroulike kaarte word manlike eienskappe in geprojekteer. Dit mag verband hou met haar aansoek om 'n geslagsverandering na 'n man te ondergaan.

Sy teken telkens persone van die teenoorgestelde geslag wat vir Kinget vreemd is, aangesien persone gewoonlik mense teken van hulle eie biologiese geslag, in hierdie spesifieke toets.

Dit kan egter hier dui op geslagrolverwarring of ook 'n be= hoefte om manlik te wees. Sy teken eers 'n seun en dan 'n man wat mag dui op probleme met betrekking tot afhanklik= heid en onafhanklikheid. Dit mag ook dui op emosionele onvolwassenheid of soeke na haarself, identiteit en waar sy werklik tuishoort.

Sy lê klem op viriliteit en manlikheid omdat dit vir haar belangrik is in die huidige situasie. Sy is reeds man= lik geöriënteer behalwe vir haar liggaam wat sy nou poog om te verander.

Sy is egter 'n sensitiewe mens met 'n behoefte aan kontak met mense. Angs en spanning word goed gekanaliseer en sy kan spontaan aan die lewe deelneem sonder dat dit 'n remmende invloed op haar het.

7 Integrasie van die kliniese geskiedenis en toetsresultate

Die pasiënt se biologiese geslag is vroulik en sy kom na die Transseksualiste-Kliniek met die versoek om na 'n man verander te word. Tydens die onderhoud is sy dan ook soos 'n man, in 'n netjiese pak geklee, met 'n haarstyl soos die van 'n man.

Sy het reeds matriek geslaag en wil haarself verder op akademiese gebied bekwaam.

183/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sy het meestal met seuns gespeel en onthou dat sy op vierjarige ouderdom geweier het om dogtersklere te dra.

Sy het menstruasie gehaat en bind ook haar borste vas so= dat dit haar nie hinder in haar poging om soos 'n man te wees nie.

Op die huidige oomblik het sy ten volle die rol van 'n man oorgeneem: naam, werk, klere, vriende en stokperdjies. Dis vir haar ondenkbaar om daaraan te dink dat die operasie moontlik afgekeur kan word. Sy voel ook dat sy nie weer kan terugkeer na die lewe van 'n vrou nie.

Haar intelligensie is superieur. Sy beskik dus oor die intellektuele vermoëns om haar op akademiese gebied ver= der te bekwaam. Haar aspirasiepeil is dan ook nie hoër as haar kreatiewe potensiaal nie.

Dit blyk egter dat daar behoeftes by haar aanwesig is wat aandring op onmiddellike bevrediging. Dit is moontlik egosentriese behoeftes en kan aanleiding gee tot impul= siewe gedrag en ongekontroleerde uitlewing van emosies.

Spanning is aanwesig omrede sy nie altyd net haar behoef= tes kan uitleef nie en dit telkens onderdruk moet word, veral haar behoefte aan affeksie.

Interpersoonlike verhoudings is swak as gevolg van swak identifikasie met die ouerfigure. As dogter was dit moeilik om sowel met die vader as die moeder te identi= fiseer. As seun is dit nog steeds moeilik maar sodoende kan sy meer emosioneel betrokke met die vaderfiguur wees en haar opstand teen die moederfiguur overt uitleef.

Geslagrolidentifikasieprobleme het voorgekom juis as ge= volg van versteurde ouer-kindverhoudings, en haar totale onaanvaarbaarheid van die vroulike rol.

Ten spyte van die feit dat sy alreeds die rol van die man oorgeneem het, wek dit nog spanning en onsekerheid van haarself omrede sy nog oor die fisiese liggaam van 'n vrou beskik.

'n Mate van depressie is ook nog aanwesig omrede sy ook nie haar aggressie suksesvol kan uitleef nie en dit telkens

184/......

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moet onderdruk.

Op emosionele vlak is sy egter nog onvolwasse alhoewel sy 'n strewe het om emosionele betrokkenheid beter te hanteer en 'n meer volwasse benadering te bekom. Dit kan sy soms bewerkstellig deur dinge op 'n onpersoonlike vlak te hanteer en daaroor te intellektualiseer.